2010:1

# MATIE LAND




## JÝ IS DIE HOOP PROJEK

# INHOUD CONTENTS

## OP DIE VOORBLAD:


Die HOOP Projek, die Universiteit Stellenbosch se strategiese langtermyn plan, is amptelik op 21 Julie bekendgestel. As deel van die kommunikasie-veldtog is lewensgroot baniere van personeel en studente vertoon. 'n Deurlopende tema op die baniere was "Jy is die HOOP Projek". Lees op bl 10 meer.
















REDAKSIONEELEDITORIAL 2
BRIEWELETTERS 3
BROKKIESSNIPPETS 6

**ARTIKELSARTICLES**

Die HOOP Projek 10
Johann Rupert - op die man af 18
US-Koor wéér as wêreldkampioen gekroon 21
'n Leier met insig en begrip 24
Honoured to serve his country 24
Matieleiers met Nasionale Ordes vereer 25
Afrikaans - Die US se kosbare kleinood 26

**FAKULTEITEFACULTIES**

Dra vandag jou broer 28
Dreaming a different dream 29
BUVTON word Ekklesia 29
Six months of highlights 30
Fifth BUYA Schools Theatre Festival held 31
Soos 'n feniks uit die as - spesie uit 1827 herontdek 32
Australian University honours meat scientist 32
Stellenbosch boys go a long way for water 33
CIB leader receives top Antarctic prize 34
Jong syfernavorsers styg uit 34
Ma, ek wil rekenaarwetenskap studeer 35
International award for young researcher 36
US-Programme vir kwesbare tieners geniet wye aansien 36
'n Toekoms in voedselsekerheid 37
New clinic studies movement problems in 3D 37
Toying is serious business 38
Yslike avontuur in Antarktika 39
NioCAD tops! 39
End of an era 40
USB-Ed receives Diamond Arrow Award 41

**ARTIKELSARTICLES**

Woordfees het 'n sjarme van sy eie 42
Life in a bubble 43
Boeke 44

KONVOKASIECONVOCATION 45
ERFLATINGSBEQUESTS 46
MATIESALUMNI 47
SPORT 56
IN MEMORIAM 61
AGTERBLAD 64


READ *MATIELAND* IN ENGLISH AT WWW.MATIESALUMNI.NET

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang *Matieland* gratis.

**REDAKTEUR**
Martin Viljoen

**REDAKSIEKANTOOR**
Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak XI, Matieland 7602
Tel (021) 808 4921, Faks (021) 808 3800,
E-pos: media@sun.ac.za

**SIRKULASIE**
Malena Fourie, Stellenbosch Stigting
Privaat Sak XI, Matieland 7602
Tel. (021) 808 4843, Faks (021) 808 3026,
E-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 53 01:2010
ISSN 0025 5947

**ONTWERP EN UITLEG**
Out of the Blue Creative Communication Solutions,
Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

**DRUK**
Shumani Print World

*Matieland* is mailed free of charge to the University's alumni and donors.

**EDITOR**
Martin Viljoen

**EDITORIAL OFFICE**
Communication and Liaison, Stellenbosch University, Private Bag XI, Matieland 7602
Tel (021) 808 4921, Fax (021) 808 3800,
E-mail: media@sun.ac.za

**CIRCULATION**
Malena Fourie, Stellenbosch Foundation, Private Bag XI, Matieland 7602
Tel (021) 808-4843, Fax (021) 808-3026,
E-mail: alumni@sun.ac.za

Published since 1957
Year 53 01:2010
ISSN 0025 5947

**DESIGN AND LAYOUT**
Out of the Blue Creative Communication Solutions,
Tel. (021) 947 3508, www.outoftheblue.co.za

**PRINTING**
Shumani Print World

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.

Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

# BESTE MATIESALUMNI

### 'N SPESIALE *MATIELAND*

Hierdie uitgawe van *Matieland* is om 'n paar redes spesiaal. In die 53-jarige bestaan van die tydskrif - volgens my kennis die oudste alumni-tydskrif in die land - is dit die dikste uitgawe nog, 'n volle 64 bladsye. 'n Faktor wat bygedra het tot dié boepens uitgawe is die hoeveelheid alumni-nuus en prestasies wat meer en meer word. (Het jy 'n voorstel in hierdie verband? Ek hoor graag van jou.)

Ook spesiaal aan hierdie uitgawe is dat ons vir die eerste keer die 100 000 adres-kerf oorgesteek het - om presies te wees 100 708. Interessant is dat 50% ontvangers jonger as 40 jaar oud is!

### DIE HOOP PROJEK

Meer spesiaal aan hierdie *Matieland* is dat dit die eerste uitgawe is na afloop van die amptelike bekendstelling van die HOOP Projek op 21 Julie 2010 in Stellenbosch en op 26 Julie in Johannesburg. Die HOOP Projek gaan die rigting van die Universteit vir die volgende paar jaar bepaal.

Kortom span die Universiteit sy bewese kundigheid in om as bouer van hoop van die grootste uitdagings in Suid-Afrika en op die kontinent die hoof te bied. Lees op bl. 10 meer.

Maar hoe raak die projek jou? Lees die ope brief van die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, op bl. 13.

### TOTSIENS, OOM BUN

Die welbekende oud-dosent, skrywer, kultuurhistorikus en voormalige President van die Konvokasie, prof Bun Booyens, is in Mei vanjaar oorlede. Prof Booyens was ook redakteur van *Matieland* in die 1960's. *Matieland* eer jou nagedagtenis, oom Bun!

### WELKOM, BEV!



Me Bev Witten is onlangs aangestel as Direkteur: Alumni-verhoudings. Sy was die laaste paar jaar verbonde aan Harvard Universiteit in die VSA se alumni-kantoor en het reeds by die US Alumni-kantoor aangesluit waar sy haar vaardighede en energie gaan stort in die versterking van alumni-verhoudings. Sy is daarvan oortuig dat meer alumni – plaaslik en oorsee – die geleentheid moet hê om by die Universiteit betrokke te wees om sodoende die doelwitte van die HOOP Projek te bereik.

### BRIEWE

Mnr Andries Gous van Hermanus het ons wenbrief geskryf en word beloon met 'n naweek vir twee by die Eendracht Hotel in Stellenbosch. Mnr Gous wen ook die boek *Die Tand van die Tyd – Opstelle opgedra aan Jac Conradie* (Redakteurs: Willie Burger en Marné Pienaar), 'n handige warmwaterfles met die komplimente van die Matiewinkel én 'n geskenkpak wyn. Vir sy genotvolle vertelling van die langtiekie ontvang mnr Engel Engelbrecht van Boksburg ook 'n geskenkpak wyn.

Lekker lees!

Martin



# BRIEWE LETTERS



WENBRIEF

## NOG LANGER LEEF DIE LAAN

**ANDRIES GOUS, HERMANUS**

Marco Botha se artikel in *Matieland* 2008:2 was 'n skitter jolige, blink jonge plataangroen fris brief-bries uit die Victoria ambience. Dit het my Matie-hart laat borrel en my 85-jarige brein nostalgies laat dink-onthou.

Eenkeer 'n Matie, altyd 'n Matie, het ek op jou skrywe ge-eggo. Mejuffrou Victoria het jou hart gesteel, maar daar is seker ook 'n mejuffrou hartlief wat saam met jou langs groen lanings onder blinke maanskyn gestap en jou soekende hart (en hand?!), geantwoord het.

My hart is in die mistiese verlede gesteel deur jonge dame eikelaan, haar van Eersterivier, en sy is die liedjie-mooi waterstroom wat vloei langs Coetzenburg.

Dis een van die liefdesgawes van die Eikestad, studente-dorp, akademie-Mekka, spirituele-katedraal, Craven-bliksem, Oubaas-Mark rugby-fabriek, om bo en behalwe al die ander gawes, ook vir jou 'n lewensmaat, sielsgenoot, "sole-mate", te skenk.

As Simon se eike maar kon praat, sal hulle fluister van diep geestes-misteries, donker bruin vonkelende oe", sagte mens-nabyheid, onder "starry skies ablaze with light".

En al sou dit miskien in die seisoen van eike blare-val wees, sou jy die ragfyn-geritsel aanvoel van lente-liefde wat besig is om te ontwaak, en wat eventueel sou blom tot die volsomer van 'n goue-bruilof huwelikslewe.

soos myne.
jou ervaring is plataan.
myne eik.

Maar albei vibreer in die simfonie van blou pieke, eeu-oue eike, tierende Suidooster, weeklange winterreën, met winter-bome wat blaarlose takke opstoot soos biddende hande, "in Stellenbosch bloei weer die bome", lente-dag vlotte, Ikey-Matie oorloë met intervarsity en verliefdes in Victoria en Die Laan.

jongmens onthou en oumens onthou is anders.
die eerste is rats en spelerig blink mooi.
die tweede is ryp en diep wanneer "the evening twilight fades away, the sky is filled with stars, invisible by day".
die jeug sien een son, in die dag, in Victoriastraat.
die ouderdom sien duisende sonsterre, in die aandskemer van die lewe, in die laan.

Dankie, Marco Botha.
Dankie Matieland.
Dankie Die Laan.

## LAAT DIE INK VRYLIK VLOEI

*Matieland* verwelkom graag briewe van oudstudente, maar dit moenie langer as 200 woorde wees nie. Ongelukkig kan nie alle briewe geplaas word nie. Alle skrywes wat ontvang word, word as publiseerbaar beskou, tensy anders versoek!

Stuur jou bydrae aan: Die Redakteur: Matieland, Afdeling Kommunikasie en Skakeling, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Tel 021 808 492, faks 021 808 3800, e-pos media@sun.ac.za. Of sluit aan by ons Facebook-blad (www.facebook.com/ matieland) en gee jou mening daar.



ELEGANT SOUTH AFRICAN HOSPITALITY
EENDRACHT
STYLVOLLE SUID-AFRIKAANSE GASVRYHEID

### BORGE

**EENDRACHT**
Eendracht Hotel, sentraal geleë in Stellenbosch, is weer vanjaar tydens die AA Travel Guides American Express Accommodation Awards aangewys as die beste klein hotel in Suid-Afrika.
Tel 021 883 8843 · www.eendracht-hotel.com

**VOLKSKOMBUIS**
Tel: 021 887 2121

**DIE MATIEWINKEL**
Skakel Linda Meyer by tel 021 886 8853 of stuur epos na matiewinkel@adept.co.za vir meer inligting oor alumni-items.

**AFRICAN SUN MEDIA**
ASM is 'n geïntegreerde inhoudsbestuurder en spesialis-verskaffer van uitgewers- en drukdienste vir hoër onderwys en die privaat sektor het die boekpryse geskenk. Kontak Justa du Plessis by tel. 021 808 2401, of per e-pos by africansunmedia@sun.ac.za of sien www.africansunmedia.co.za en die webwinkel by www.sun-e-shop.co.za.

**MATIEWYN**
Die Departement Wingerd- en Wynkunde se Welgevallen Kelder se wyn is onder die handelsname "Maties" en "Die Laan" beskikbaar. "Die Laan" bestaan uit die Cape Blend rooiwyn, 'n Pinotage en 'n Viognier witwyn terwyl die "Maties Rooi Versnit" op die studentemark gemik is. Pryse wissel tussen R55 en R65 vir "Die Laan" en R30 vir "Maties". Stuur 'n e-pos na winesales@sun.ac.za of skakel 021 808 2022.

# GELUKKIG IN KANADA



**MARTIN VAN DER VYFER, TORONTO, KANADA**

Groete uit Toronto, Kanada! Ons woon reeds sewe jaar al in Toronto (bevolking 5.6 miljoen) die grootste stad in Kanada. Anders as die meeste ander groot stede in Noord-Amerika, is Toronto veilig, vriendelik en het baie groen oop areas. Toronto, teenaan Lake Ontario, se grootste kopseer is die verkeer wat gereeld in 'n nagmerrie ontaard, veral na 'n sneeustorm en aan die einde van 'n langnaweek.

Ek was 'n eerstejaar in 1983 in Wilgenhof en is daarna Tygerberg toe waar ek in Hippokrates tuis-gegaan het.

In 1988 ontvang ek die graad MBChB en in 1995 die graad MMed in Anestesiologie (Narkose) en Kritieke Sorg. Intussen is ek getroud met Franci (née Driessen) wat in 1986 die graad MA (Voorligtingsielkunde) verwerf het en as sielkundige by die Sentrum vir Studente-voorligting gewerk het.

Ons het 'n dogter Talia (11) wat Engels met 'n effense Afrikaanse aksent praat.

Ek het vir 18 maande gesubspesialieer in Verlos-kunde Narkose by een van die opleidingshospitale in Toronto. Ons het die tyd goed gebruik om Toronto en Kanada te verken en 'n besoek aan die Rockies was een van die hoogtepunte. Ek het die werk (wat ook navorsing ingesluit het) in 'n eersterangse akademiese hospitaal baie geniet.

Hoewel dit wonderlik was om in 2001 terug te wees in Suid-Afrika - ons het die oop ruimtes van die Karoo en die Sederberge die meeste gemis - het ons die normaliteit van 'n lewe sonder vrees vir jou veiligheid gemis.

In 2003 keer ons permanent na Kanada terug waar ek as narkotiseur by Sunnybrook Hospitaal, een van die grootste akademiese hospitale in Kanada, werk.

Ons sukkel maar om by die winters aan te pas en probeer vir 'n week of twee elke winter na die Karibiese Eilande, wat maar so 3 ure per vliegtuig vanaf Toronto is, vlug.

Die somers - ja ons kry regtig somer hier in Kanada - verskil so radikaal van die winter dat dit soms moeilik is om te glo dit is dieselfde land. Somer in Suid-Ontario is meer soos in Durban - baie hoë humiditeit met temperature dikwels bo 30 grade Celsius. Die natuur ontwaak amper hoorbaar en die grou, kleurlose (behalwe as dit met sneeu bedek is) wêreld verander in alle skakerings van groen. Mense ontwaak ook uit hul hibernasie en spandeer tyd tot laat saans buite. Ons kampeer baie graag, ry fiets en kano in die somer - wens net dit was altyd somer!

Die tipiese Engelssprekende Kanadees wat meer as 2 generasies in Kanada is, is ver in die minderheid in Toronto. Dit maak Toronto potensieel 'n onstabiele plek, maar die kultuur van aanvaarding en toleransie maak dit 'n diverse en fassinerende multikulturele stad.

# AFRIKAANS IS OUR SECRET LANGUAGE!



**JESSICA MILLS, LUXEMBOURG**

Having finished my HED (graduated 1990), I continued living in Stellenbosch for another 7 years, first teaching at Rhenish Girls, then continuing to work with high school students through Scripture Union. A mutual friend introduced me to John who was visiting South Africa at the time. Five weeks later he asked me to marry him, six months later we were married in Stellenbosch and one week later I had moved to Luxembourg, where John was working!

It turned out that John had studied in the Law Faculty (graduated 1991) in the Ou Hoofgebou, right next to the Education Faculty at the same time as me, but we had never met!

He had found a job with a South African company in Luxembourg, used it originally as a travel base but stayed on. 12 years of marriage and 3 children later, growing up speaking multiple languages, but the one thing we do protect is Afrikaans as our "secret language"!

The winters are cold and very grey and South Africa is now a holiday destination. We are well established in the local community, but will always be foreigners.

## WAS EERSTE INWONER IN SIMONSBERG

**NIEL (G.D.) BOTHA, BLOEMFONTEIN**

Ek het 'n baie bepaalde verbintenis met Simonsberg. Ek was in 1956 'n tweedejaarstudent en het 'n week voor die aanvang van die universiteit na Stellenbosch gereis met die doel om 'n CSV kamp in Bainskloof by te woon. Met my aankoms by Simonsberg was die inwonende koshuisvader (prof Gunter?) die enigste ander inwoner wat voor my in die nuwe koshuis ingetrek het. Ek kan nie die presiese datum onthou nie, maar ek was daardie aand die enigste student wat in die koshuis geslaap het. Ek het die volgende dag na Bainskloof vir 'n 4-dag lange CSV-kringleierskamp vertrek.

Ek was, volgens my beste wete, die heel eerste studente-inwoner van Simonsberg!

## DIE KLEIN LETTER F

**EBEN DE JAGER, PAROW**

Dis lekker om 'n Matie te is! Sing julle dit nog? Kragties, daar is mos nie meer ware Intervarsities nie! Ek wil so 'n ietsie uitspoeg, helaas ten koste van aartsvyande, die Ikeys. Dit was in die laat jare sewentig tydens Intervarsity op Nuweland. Soos gewoonlik het die Kaapse studente soos Jack Russel-brakkies afgesit, maar vroeg in die tweede helfte was hul doppie reeds geklink. Ek en my vriend beloer hoe 'n paar rumoerige studente met 'n groot plakkaat "We are UCT" daarop. Weer 'n keer se kyk met 'nadertreklense' bring egter 'n nuwe dimensie. Voor die "UCT" staan 'n klein letter "F" amper onsigbaar!

## HARTSEER OOR DUBBELMEDIUM

**KERNEELS DE JAGER, HERMANUS**

Dit is 'n hartseer storie vir baie oud-Maties dat die US nou gedoem is tot Engelsmedium instelling. Die rektor sê: US moet plek maak vir Engelstalige studente, maar dit bly 'n Afrikaanstalige universiteit want die lesings gaan dubbelmedium aangebied word. Hiermee gaan hy nie alumni beïndruk nie. Ons weet mos dubbelmedium beteken Engelsmedium, want as net een student sê hy verstaan nie Afrikaans nie, slaan die dosent oor na Engels.

'n Amper 100 jaar oue Afrikaanse universiteit moet nou Engelstalig word in 'n Afrikaanstalige omgewing. Wat het van logika geword?

**(Sien artikel op bl. 26. Brief verkort. Red.)**







## SO ONTHOU EK STELLENBOSCH

**EDDIE RADEMEYER, LOUIS TRICHARDT**

Ek beland in 1948 by 'n privaat losiesplek op Stellenbosch, na 'n lang reis van Rhodesië. Op die trein word ek deur reisende tweede-jaar US-studente gedoop. Die losiesplek (Dorpstraat 62) het twaalf studente en Atta maak vir ons kos. Ek is 'n Afrikanerseun wat in die Engelse taal opgelei is en dit neem tyd om aan te pas. Ek loop BSc, kry 'n paar maats wat my help. Die dopery is lastig omdat die oorskakeling na Afrikaans my gespanne maak. Ek bring vier jaar op Stellenbosch deur en keer terug Rhodesië toe waar ek 32 jaar onderwyser is en verlaat Rhodesië in 1983. Die laaste sewe jaar is ek inspekteur van Wiskunde.

Die dopery het al my "skoolpyn" weggewas. Die tyd van sot-wees is eintlik aangenaam omdat privaat studente meesal in die Ou Hollandse saal gepynig word. Maar dis lekker! Ek speel my George Formby ukelele en word George gedoop, maak vir my 'n "naam". Nou's ek 'n Matie wat weet om te "asgaai", rympie en al!

Ver van Bulawayo af met net briewe-kontak het ek soos 'n skoenlapper uit my kokon gebars. Ons is ses ouens in een kamer. Een is 'n balletdanser, die ander 'n prag-atleet, een wil predikant word, die ander "pretty boy" van Suidwes is populêr, 'n ander is van Pretoria, die seun van 'n slagter en dan ek van Rhodesië. Ons ses loop klas en ek moet die prag-atleet soggens uit die bed kry. Maar die eerste jaar vorm ons karakters. My ma se trommel koekies gee vir my moed.

Gou sluit ek by dr Gawie se kerkkoor aan. Die Engelse het my hul "folk songs" geleer en die kerk-koor op Bulawayo kerkmusiek. Ek geniet dit om die Matteus Passie te sing. Die omgewing, pragkultuur, dissipline en goeie leermeesters beïndruk my. Matieland boor sy wortels diep in my gees in. Ek doen atletiek en wen die hoogspring item met 'n skêrsprong van ± ses voet met sportdag.

Ek het op Stellenbosch koers gekry en my lewe gefundeer op dosente wat "role models" vir my was. My vakke Chemie, Wiskunde, Fisika en Geologie het ek geniet. Omdat ek van gedigte hou het ek in my S.O.D. jaar Ernst van Heerden se Afrikaans-aanbiedinge baie geniet. Die jaarlikse sangfees en die dirigente dr Gawie, Flip McLaughlin en ons eie PSO-koordirigent, Ernie Marais, onthou ek met passie.

Rhodesië het Zimbabwe in 1980 geword. Ek en my dierbare vrou, Elma de Villiers, het met hartseer in 1983 op Louis Trichardt kom woon, ietwat gehawend maar gesond. Die Here was vir ons goed.

## SÓ HET DIE LANGTIEKIE-METODE GEWERK!

**ENGEL ENGELBRECHT, BOKSBURG**

Ek was in Huis Marais van 1954 tot 1957 en 'n plaaslike oproep het slegs 'n tiekie (3 pennies of twee en 'n half sent) gekos.

Daar was net een telefoon in die tiekie-boks op die grondvloer en in "Bisleytyd", wanneer ons en 'n dameskoshuis iewers moes gaan en jy 'n meisie moes "skiet" vir die geleentheid, is vrylik gebruik gemaak van die langtiekie wat bestaan het uit 'n speld wat deur een van die twee drade gesteek is en waarmee die ander draad geprik is. So het die apparaat geregistreer dat 'n tiekie in die boks gegooi was.

Foto's was te duur destyds vir 'n student wat 5 Sjielings (50 sent) 'n week sakgeld gekry het.

My ouers was baie arm en kon dit nie eintlik bekostig het om my universiteit toe te stuur nie. Dit was moeilike tye daardie.

By Huis Marais destyds was daar net een inwoner wat 'n motor (skedonk) gehad het.

Maar soetwyn se prys was 9 pennies (sewe en 'n half sent) en witwyn 5 pennies vir 'n bottel as jy dit by die kelder gaan koop het So ons kon darem, as ons gelas het, ietsie koop vir jooltyd.

Ek was een van 'n groep van ses vriende bekend as "Die Mokkels" en vyf van hulle is al salig heen. Die "Engel" sit ek al my hele lewe mee opgeskeep omdat ek 'n Engelbrecht is.

**(Mnr Engelbrecht vertel dat die jaarlikse byeenkoms in Bloemfontein, waar spanne oor die hele wêreld teen Suid-Afrika in skyfskiet meegeding het bekend was as "Bisley" - dus 'n woordspeling wat verwys het na 'n groot skietery. Red.)**

## OUPA SPEEL IN EERSTE MATIES-IKEYS WEDSTRYD

**PIET ROUX, PRIESKA**

Ek het tot 'n baie interessante ontdekking gekom nadat ek die brief van Rika Garlick in *Matieland* 2009:2 gelees het.

My oupa, mnr PF Roux, moes vir Ikeys (destyds South African College, SAC) in die eerste intervarsity tussen Maties en Ikeys gespeel het. Ons familie was tot op hede nooit daarvan bewus nie. Die spanfoto van die 1911 Ikey-span hang in ons huis waarop Cecil Steyn die kaptein is en ook my oupa op verskyn.

Verder interessant is dat dit Mannetjies Roux se pa was wat vir Ikeys in daardie eerste intervarsity tussen Maties en Ikeys gespeel het!



# JC SOEK SY PLATE TERUG!



**J C KRYNAUW, KAMPSBAAI**

Ek was dirigent van 1963-1968 tydens "Intervarsity" Twee "Sing Song" plate is met my hulp as Hoofdirigent geproduseer. Ek glo een van die plaatopskrifte was "Matieland 65" waarop ek verskyn het.

Ek kan nie meer duidelik onthou of die ander plaat, "Sing Songs", in 1964 of 1966 gemaak is nie Mnre Lindsay du Plessis en ene Steve Janson (studente te Simonsberg) het die platemaatskappye verteenwoordig.


Ek het vyf plate ontvang, maar het oor die jare heen almal uitgeleen aan mede oud-Maties. Ek sit nou met niks! Graag wil ek dit aan my dogter, wat in 2008 die BCom-graad ontvang het, toon.

Ek hoor graag van oud-Maties (vanaf 1963 tot 1968) wat moontlik nog die plate het!

(Kan jy help? Kontak ons by **021 808 4921** of per e-pos by media@sun.ac.za. Die foto word met die vergunning van die US Argief geplaas en kom uit die Edrich-versameling. Net die persoon sê van, Van Zyl, is bekend. Het iemand dalk meer inligting? Red.)

# BROKKIES
SNIPPETS

## Maties in die duister vir Earth Hour




Ter ondersteuning van vanjaar se internasionale Earth Hour-veldtog het die Universiteit Stellenbosch (US) op Saterdag 27 Maart die ligte om die gewoonlik helder verligte Maraisplein (oftewel 'die Rooiplein') afgeskakel.

Honderde Maties het buitelugpiekniek op die plein gehou, en verskeie koshuise het ook meegedoen en hul ligte afgeskakel.

Earth Hour is internasionale veldtog om bewustheid van klimaatsverandering te wek. Individue, organisasies, ondernemings en selfs stede oor die wêreld heen word uitgedaag om hul ligte in simboliese handeling uur lank af te skakel as kragtige boodskap aan wêreldleiers om iets daadwerklik aan klimaatsverandering te doen.

Aan die spits van die US se deelname aan dié veldtog was die Studenteraad (SR), in samewerking met EcoMaties, studenteorganisasie wat Maties oor volhoubaarheids- en omgewingskwessies opvoed, en UNA-SA, die Verenigde Nasies-vereniging se Suid-Afrikaanse afdeling.

Mnr Matthew Haden, SR-lid vir Omgewingsake, en Hoof van die Verenigings-raad, het gesê dat klimaatsverandering sý generasie se stryd is – "stryd wat ons in ons handel en wandel moet stry".

"Omgewingsvolhoubaarheid maak kerndeel van die US se toekomsvisie uit," het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, ten tyde van die geleentheid gesê. "Ons loof daarom die pogings deur die SR en ander studenteorganisasies, wat in baie gevalle die leiding neem om diegene op kampus bewus te maak van presies hoe gevoelig ons as nasie behoort te wees om ons kosbare omgewing vir toekomstige generasies te bewaar."

Die Wêreld-Natuurfonds (WWF) koördineer Earth Hour internasionaal.

Vanjaar was van die wêreld se bekendste ikone, soos die Groot Piramides, die Eiffeltoring in Parys, die Big Ben in Londen, en ook Tafelberg, uur lank in duisternis gehul. Nagenoeg 260 Suid-Afrikaanse maatskappye en sowat miljoen Suid-Afrikaanse gesinne het ook deelgeneem.

## Maties bou huise en hoop in Mfuleni

Elf gesinne van Mfuleni in Kaapstad is nou die trotse eienaars van splinternuwe huise danksy Habitat for Humanity se Nasionale Jeugbouweek, waaraan nagenoeg 50 Maties deelgeneem het.

Die Maties het in die Junievakansie saam met studente van die Universiteit van Kaapstad vier huise gebou, waarvan die Universiteit Stellenbosch (US) een gefinansier het. Kerkgroepe en hoërskool-leerders het die ander sewe huise opgerig.



Volgens Pieter Botha, derdejaarstudent in Biodiversiteit en Ekologie, en een van die projekleiers, was dit baie harde werk, maar alles die moeite werd: "Mens kan ná die week sien dat jy gehelp het om iets tot stand te bring wat iemand se lewe wesenlik verander."

Die studente, leerders van die Hoërskool Mfuleni, en die voornemende huiseienaars (wat self minstens 60 uur lank huise vir ander moes bou) het sy aan sy met bekwame bouers gewerk wat moes toesien dat alles vlot verloop en dat die huise aan bouregulasies voldoen.

Die voornemende eienaars word ook geleer hoe om begrotings op te stel en vir hul toekoms voorsiening te maak.

Yolande Hendler, Voorsitter van die US se Habitat for Humanity-vereniging, het die projek soos volg beskryf: "Hierdeur kry mense nie net huise nie, maar word hulle bemagtig om na hulself om te sien."

Habitat for Humanity het sedert 2007 al meer as 300 huise in Mfuleni gebou.


Matiestudent Anika Venter gee bakstene aan.

## Musiekstudent ontvang gesogte Kanseliers-medalje

Die gesogte Kanseliersmedalje van die Universiteit is einde verlede jaar aan Musiekstudent, me Esthea Kruger, toegeken. Dit is die eerste keer in meer as tien jaar dat student in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe dié eerbewys ontvang. Die medalje word jaarliks aan finalejaar- of nagraadse student wat uitnemend presteer het, oorhandig.

Wat Esthea se sukses so besonders maak, is dat sy in die uitvoerende kunste spesialiseer - gebied waar hoë onderskeidingspunte ongewoon en selfs uitsonderlik is.

Sy kon nie die plegtigheid bywoon nie weens studieverpligtinge in Amerika, waar sy vir doktorsgraad in die Kunste aan die Universiteit van Noord-Texas ingeskryf is onder leiding van prof Vladimir Viardo, Goue medalje-wenner van die Van Cliburn-kompetisie van 1973.

Esthea het haar MMus-graad cum laude behaal – prestasie wat voorafgegaan is deur vier studiejare waarin sy gemiddelde akademiese punt van 87,23% gehandhaaf het. Sy het ook in 2006 BMus-graad cum laude verwerf.

Sy was die duxleerling van die Hoër Meisieskool Bloemhof, en het die tweede plek op die Wes-Kaapse merietelys vir die Nasionale Senior Sertifikaateksamen behaal.


Me Esthea Kruger (Foto: Chris Rohwer)



## MFM-aanbieder bly laaank wakker vir gemeenskap

Slaap. Dít was waarskynlik al waaraan Jean Jordaan, 'n BA-honneursstudent en aanbieder by MFM 92.6, Stellenbosch se gemeenskapsradiostasie, kon dink nadat hy byna vier dae lank ononderbroke uitgesaai en altesaam R60 000 ingesamel het. Van dié geld sal R50 000 na die Vlaeberg-gemeenskap buite die dorp gaan.


Jean was vir die volle 92,6 uur van die uitsending wakker.

"Alles het skielik tot my deurgedring. Ek het besef dit is verby en dat ons dit reggekry het," het 'n bleek en bitter moeë Jean vertel nadat hy die tjek ter waarde van R50 000 aan pastoor Johannes Johannes, Bestuurder van die Vlaeberg-gemeenskapsentrum, oorhandig het. Die res van die geld is gebruik om die uitgawes van die uitsending te dek.

Jean is kort daarna na Stellenbosch MediClinic geneem vir 'n algemene ondersoek en sodat 'n insekbyt aan sy voet behandel kon word.

Die geleentheid in April vanjaar was ook die afskop en fondsinsamelingsgeleentheid van MFM se Building a Legacy-projek in samewerking met HAPPI (Homeless and Poor People's Initiative). Die projek is daarop gemik om die bestaande sokkerveld in Vlaeberg op te knap, 'n ekovriendelike paviljoen te bou, en 'n heining om die sportterrein op te rig.

Mnr Martin de Abreu, MFM-stasiebestuurder, sê in die agt jaar wat hy by MFM betrokke is, is dit die beste projek wat hulle tot dusver aangepak het. "Dit was 'n reusesukses - alles het mooi uitgewerk. Ons het 'n paar mense gehad wat die uitsending wou doen, maar ons het op Jean besluit omdat hy reeds aan min slaap gewoond was en ook 'n liefde vir die gemeenskap het."



Pastoor Johannes Johannes, Bestuurder van die Vlaeberg-gemeenskapsentrum, ontvang die tjek van Jean Jordaan. (Foto: Anton Jordaan, SSFD)


Foto: Anton Jordaan (SSFD)

## EENDRAG EN HARMONIE VANJAAR SE JOOLWENNERS

Eendrag Manskoshuis en Harmonie Vrouekoshuis glimlag vanjaar die breedste na afloop van JOOL. Nie net het hulle as algehele JOOLwenners die SMOEGbeker ontvang nie, maar ook die JOOL-, Gemeenskaps- en Geldbeker verower.

Die naaswenners was Helderberg en Nerina, met Huis Marais en Minerva in die derde plek. Die Groenbeker, 'n nuwe trofee vir die koshuispaar wat JOOL op die mees volhoubare manier bedryf, is aan Simonsberg en Sonop toegeken.

Huis Visser en Nemesia is vanjaar se wenners van Vensterversierings (wat ook Vensters Straatteater genoem word), terwyl Helderberg en Nerina as Vlottewenners aangewys is. Eendrag en Harmonie het ook die Trollieresies gewen.

Al die geld wat die onderskeie koshuise en die JOOLkomitee insamel, word jaarliks aan Matie Gemeenskapsdiens (MGD) oorhandig. Vanjaar se JOOLtema was "Technicolour-legacy.co.za".

## MATIES WIN IT CHALLENGE - AGAIN!

Stellenbosch University's IT Challenge team emerged victorious in a nail-biting finish at the recent Standard Bank IT Challenge in Johannesburg.

They eked out a narrow victory in the final interactive question against the team from the University of Cape Town, leaving the latter in third position. Second place went to the University of KwaZulu-Natal.

The win bagged each team member a new Dell laptop and a R150 000 prize for the University.

The Standard Bank IT Challenge, which aims to test problem-solving skills, consists of questions set and evaluated by a panel of judges appointed by the organisers of the annual South African Computer Olympiad.

This was the second successive time that SU has won the competition. This year's team consisted of three team members from the previous year's winning team (Ralf Kistner, Dirk-B Coetzee and Melissa Munnik) as well as new addition Reuben Joorst, a second-year Electrical and Electronic Engineering student.


Brainboxes! Reuben Joorst, Dirk-B Coetzee, Ralf Kistner and Melissa Munnik.

## Lydia wins Eskom Energy Challenge

Lydia Ladies' Residence once again proved itself as Stellenbosch's 'greenest' residence by winning the Eskom Energy Challenge for the second time. They first won the challenge in 2007. The achievement earned them a R20 000 Eskom-sponsored cash prize.

The competition criterion is energy consumption in kilowatt-hours per student, taken over three months – in this case from August to October 2009.

The winning residence was announced at a function in March. Pieka Grobbelaar, student project leader for the competition, said that the competition was set up in such a way that a residence that has already won has a considerable handicap. Therefore, winning it twice in such a short space of time is really quite an achievement!"

Matthew Haden, Students' Representative Council (SRC) Member for Environmental Affairs, says the goal of the competition is to raise student awareness about not only energy efficiency, but sustainable practices in general: "Hundreds of thousands of people die every year because of reasons relating to environmental degradation. It is the mandate of the leaders of this generation to address this issue."

Lizette Schulze of Eskom Demand-side Management described Maties as the national leaders in student action towards energy efficiency because of the sustained and organised way in which the SRC has been running the competition.

As of 2010, the competition is known as the Eskom Eco Challenge, and includes additional criteria such as recycling, water usage and awareness.





## *Elsevier-vennootskap*



Van links, met die sluiting van die ooreenkoms op Stellenbosch: Otavio Hoedjes en Helen de Mooij (Elsevier), Renee Reagon (US Biblioteek- en Inligtingsdiens), Mayur Amin en Josine Stallinga (Elsevier), Ellen Tise (US Biblioteek- en Inligtingsdiens) en prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing.

# HOËVLAK-OOREENKOMS MET UITGEWER GESLUIT

'n Vennootskap met Elsevier, een van die wêreld se voorste uitgewers van wetenskaplike, tegniese en mediese inligting, beloof om 'n beduidende bydrae te lewer tot die Universiteit se internasionale mededingendheid. Die vennootskap is vroeër vanjaar beklink.

Die Universiteitsbiblioteek hou nou die volledige versameling gepubliseerde Elsevier-vaktydskrifte aan - van die eerste volume se eerste uitgawe af - sowel as Elsevier se volledige e-boekversameling van meer as 7 000 titels.

Vir personeel en studente beteken die vennootskap ongeëwenaarde toegang tot die volledige katalogus vorige elektroniese vaktydskrifte, e-boeke en ander naslaanwerke.

Die vennootskap "stel die Universiteit nou selfs beter daartoe in staat om aan voorpuntnavorsing deel te neem en tot volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika en die streek by te dra," sê prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing. Hy beskou die vennootskap as 'n hupstoot vir die US se strewe "om 'n navorsingsleier op die Afrika-vasteland te word, aangesien dit die nodige inligtingshulpbronplatform bied ter ondersteuning van tersaaklike navorsing om onder meer die ontwikkelingsagenda van die Universiteit ten uitvoer te bring.

# UNIT FOR HUMAN RIGHTS MAINSTREAMING LAUNCHED

The Unit for Human Rights Mainstreaming and Capacity Building, a partnership between SU and the Provincial Government of the Western Cape's Directorate: Social Dialogue and Human Rights in the Department of the Premier, was launched earlier this year.

The aim of the Unit is to enhance the capacity of government as well as private and civil society institutions through training and capacity building, applied research, organisational best-practice, support and advocacy to mainstream a human rights-based approach in its day-to-day practice.

Prof Amanda Gouws, Professor in Political Science, heads the Unit that is located in the University's Department of Political Science.

"Human rights mainstreaming refers to processes that ensure the inclusion of the concerns of vulnerable, marginalised and socially excluded groups in society - for example women, people with disabilities, children, youth and people with HIV/AIDS - in legislation and policy development, budgets, programmes and projects, employment and service provisions."

The Unit offers programmes related to mainstreaming techniques and rights-based service delivery, among others.

- **For more information contact Prof Amanda Gouws at tel 021 808 2116 or via e-mail at ag1@sun.ac.za**



*Prof Magda Fourie*

# PROF MAGDA FOURIE APPOINTED ON THIRD UMALUSI COUNCIL

Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching at SU, has been appointed as member of the Third Umalusi Council. Umalusi is the Quality Council for general and further education and training in South Africa. It is responsible for the certification of, among others, the National Senior Certificate (NSC).

Prof Fourie has been the Vice-Rector: Teaching at SU since October 2007. She also served on the Second Umalusi Council and describes her re-appointment to the Council as an honour and privilege.

"The expansion of Umalusi's mandate by the National Qualifications Framework Act, 2008, from certification to developing and managing a sub-framework of qualifications for general and further education is particularly challenging, but also hugely important for the future of South African education. Being part of the Umalusi Council not only affords me the opportunity to be part of these exciting developments, but also to strengthen the relationship between Umalusi and the higher education sector, where the reliability and validity of the NSC is of prime importance," said Prof Fourie.

Mrs Angie Motshekga, Minister of Basic Education announced Prof Fourie's appointment together with the 14 other members of the Umalusi Council who will be serving for the period from 8 June 2010 to 7 June 2014.






# NUWE RAADSLEDE

Die ampstermyne van 13 nuwe lede van die Raad van die Universiteit het vanjaar afgeskop. Vroeër vanjaar het die Konvokasie prof Wannie Carstens, dr George du Toit, adv Jan Heunis en dr Rhoda Kadalie tot die Raad verkies terwyl die donateurs van die Universiteit, mnr George Steyn en prof PW van der Walt tot die Raad verkies het.

Prof Carstens is die direkteur van die Skool vir Tale aan die Noordwes-Universiteit, dr Du Toit is 'n ginekologiese onkoloog, adv Heunis is 'n senior advokaat, en dr Kadalie is die besturende direkteur van die Impumelelo Innovations Award Trust en het in Maart 'n eredoktorsgraad van die US ontvang.

Mnr Steyn is die besturende direkteur van die Pep-kleinhandelgroep, en prof Van der Walt is 'n emeritus professor in elektroniese ingenieurswese aan die US en is tans as bedryfsleier verbonde aan Reutech Radar.

Verder het die ampstermyne van twee raadslede, benoem deur die Minister van Hoëronderwys en Opleiding, verstryk, terwyl 'n verdere Raadslid, ook benoem deur die Minister, bedank het. Die Minister het dr Gerhard Maré, Direkteur van die Sentrum vir Kritiese Navorsing oor Ras en Identiteit en Professor in Sosiologie aan die Universiteit van KwaZulu-Natal en mnr Francois Groepe, Hoof- Uitvoerende Beampte van Media24, benoem (met die ter perse gaan van *Matieland* was daar nog nie duidelikheid oor die derde benoeming nie).

Me Jackie Wiese, Direkteur van Maties Sport, is deur die permanente nie-akademiese personeel van die US verkies terwyl mnr Jannie Gagiano, voormalige dosent aan die US, deur die Stellenbosch Munisipaliteit benoem is en mnr Andricus van der Westhuizen, parlementslid, deur die Wes-Kaapse Provinsiale Regering. Mnr Jannie van der Westhuizen, Rektor van die Paul Roos Gimnasium en me Elize le Roux, terapetiese hoof van Huis Horison op Stellenbosch, is benoem deur die verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

Mnre Groepe, Gagiano en (Andricus) Van der Westhuizen en mee Wiese en Le Roux, het voorheen op die Raad gedien.

Me Maritha Moolman, verteenwoordiger van die Sakesektor in die Stellenbosch-distrik, is die nuwe ondervoorsitter van die Raad.



## *Ses nuwe eregrade*

Heel links is prof Nina Jablonski, prof Sydney Brenner en dr Rhoda Kadalie. In die foto's wat volg: Die Kanselier dr Johann Rupert ken eregrade toe aan prof John Kannemeyer; dr Peter Wallenberg en mnr Mosibudi Mangena. (Foto's SSFD)

'n Nobelpryswenner, 'n internasionaal bekende antropoloog, 'n vegter vir menseregte en geslagsgelykheid, 'n letterkundige en kenner van die edisiewetenskap, 'n voormalige minister van wetenskap en tegnologie en 'n internasionale nyweraar en bankier is deur die Universiteit met eregrade vereer.

Tydens die Desember 2009-gradeplegtigheid is die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil), *honoris causa*, aan **prof John Kannemeyer** toegeken vir sy rol as navorser, skrywer en kenner van die edisie-wetenskap, sy bevordering van die Afrikaanse letterkunde en sy uitsonderlike bydrae tot die kartering van die literêre domein, tot kanonisering en tot die beklemtoning van die waarde wat die Afrikaanse letterkunde inhou.

Die voormalige minister van wetenskap en tegnologie, **mnr Mosibudi Mangena**, het die graad Doktor in die Natuurwetenskappe (DSc), *honoris causa*, ontvang vir sy toewyding aan die onderwys, sy bydrae tot die versterking van wetenskap in die samelewing, sy suksesvolle bydrae om die nasionale besteding aan navorsing en ontwikkeling te verhoog en sy uitmuntende bydrae tot die ontwikkeling van menslike potensiaal in Suid-Afrika.

Die graad Doktor in die Handelswetenskappe (DComm), *honoris causa*, is aan **dr Peter Wallenberg** toegeken vir sy besondere leierseienskappe, sy uitmuntende prestasies as bankier en nyweraar, sy belangstelling in en ondersteuning van opvoeding en hoëvlaknavorsing, sy verbondenheid aan Afrika en sy noue verbintenis met Suid-Afrika in die algemeen en met die Universiteit Stellenbosch in die besonder.

Tydens die Maart 2010-gradeplegtigheid is die Nobelpryswenner vir Fisiologie of Medisyne in 2002, **prof Sydney Brenner** wat ook sedert 2005 'n besoekende genoot (fellow) van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) is, met die graad Doktor in die Wysbegeerte (PhD), *honoris causa*, vereer. Hy is vereer vir sy rol as uitmuntende navorser en molekulêre bioloog, vir sy ontrafeling van die genetiese kode en sy uitsonderlike publikasie-uitsette ter opklaring daarvan, en vir sy innoverende werk oor die genetiese regulering van orgaanontwikkeling en selsterfte. Die antropoloog en evolusiekenner van die Penn State University in die VSA, **prof Nina Jablonski**, is met die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil), *honoris causa*, vereer vir haar uitsonderlike bydrae tot die studie van primaatevolusie, haar boeiende multidissiplinêre ondersoek na menslike pigmentasie, die ingrypende sosiale implikasies van haar bevindinge vir alle nasies, en haar rol in die uitwissing van rassisme oor die wêreld heen. Vir haar rol as akademikus van formaat, haar bydrae as vegter vir menseregte en geslagsgelykheid, haar uitmuntende werk in die strewe na 'n korrupsievrye samelewing en haar vreeslose veroordeling van ongeregtigheid, het die politieke kommentator en vegter vir menseregte en geslagsgelykheid, **dr Rhoda Kadalie** die graad Doktor in die Wysbegeerte (DPhil), *honoris causa*, ontvang.

In die navolging van uitnemendheid ken die Universiteit eregrade toe aan individue wat op hulle gebied 'n uitmuntende bydrae tot die bevordering van die wetenskap, kuns of kultuur of tot diens aan die gemeenskap gelewer het.




# Ambisieuse HOOP Projek

## dui die koers vir volgende dekade aan

'Dit is ons nuwe langtermyn strategiese plan – dit is ambisieus, omvattend en geïntegreerd.'








Met hierdie woorde het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch (US), die HOOP Projek op 21 Julie tydens 'n glansgeleentheid in die Endlersaal op Stellenbosch bekendgestel.

Agter die skerms werk US-personeel al meer as drie jaar aan die projek (in die sogenaamde stil-fase) wat nou 'n openbare fase betree het.

In sy toespraak voor onder andere regeringsleiers, besigheidslui, diplomatieke verteenwoordigers en alumni, het prof Botman gesê dat die Universiteit drie hoof verantwoordelikhede het. "Gegewe ons geskiedenis het ons 'n morele verantwoordelikheid teenoor die armes en die landelike gemeenskappe in ons land. Ons tweede verantwoordelikheid is 'n historiese een om die voortslepende probleme van die 20ste eeu in die gesig te staar. En die derde verantwoordelikheid is om die uitdagings van die 21ste eeu, nuwe generasies jongmense, nuwe maniere van leer, nuwe geleenthede vir navorsing en die benutting van ontluikende tegnologie, aan te gryp. "Die HOOP Projek is ons manier om hierdie verantwoordelikhede na te kom.

"Ons visie vir ons land en kontinent is 'n toekoms wat vry is van armoede, waar die menswaardigheid van alle mense beskerm word, waar ons maatskaplike en ekologiese stelsels gesond moet wees en waar vrede, sekuriteit en demokrasie beskerm word. Die HOOP Projek vergestalt die Universiteit se toewyding om 'n bepalende rol in so 'n land, so 'n kontinent en so 'n wêreld, te speel."

'n Dekade in die 21ste eeu in, het prof Botman gesê, oortref die lewens van diegene aan die voorpunt van die samelewing selfs die stoutste verwagtings van gister se wetenskapsfiksieskrywers, maar nie almal het al in die 21ste eeu gearriveer nie, ten spyte van wat die kalender sê. "In groot dele van die wêreld worstel mense met basiese uitdagings – genoeg kos om te eet en skoon water om te drink, 'n dak oor hul koppe, vrede, veiligheid in hul strate, 'n ordentlike werk met 'n billike salaris en kwaliteit opvoeding vir hul kinders. Slegs 'n minderheid van die mense van die wêreld en van ons land en kontinent het al in die digitale era gearriveer. Die meeste mense het steeds 'n brug na hierdie beter toekoms nodig.

"Die HOOP Projek laat ons toe om ons sleutelsterkpunte aan te wend om Afrika se grootste probleme aan te pak en in die proses die menslike hulpbronne wat ons kontinent benodig, te ontwikkel. Ons leef in 'n snelveranderende wêreld wat groot eise aan ons stel. Die 21ste eeu se kennisekonomie vereis voortdurende aanpassings. Terselfdertyd leef ons nog met die nalatenskap van die 20ste eeu saam. Die HOOP Projek stel ons in staat om bestaande probleme en toekomstige uitdagings met ewe veel mening te pak. Die HOOP Projek is die regte ding om te doen. Nou is die regte tyd vir hoop. Toekomstige geslagte verdien niks minder nie," het prof Botman gesê. ■

Stellenbosch University officially launched its ambitious HOPE Project on 21 July. Serving as the University's strategic plan for the next decade, the HOPE Project focuses the institution's key strengths around some of South Africa and Africa's most pressing challenges. See www.matiesalumni.net to read the articles in English or www.thehopeproject.co.za for more information.








## VIRTUAL BRIDGE WITH RENSSELAER ESTABLISHED

A "Virtual Bridge" between Stellenbosch University and Rensselaer Polytechnic Institute, the oldest technological research university in the United States, was announced at the official launch of the HOPE Project.

The virtual bridge will use a high-capacity fiber-optic cable to move information between Stellenbosch and Rensselaer at ten times the speed that is currently possible. It will create a capacity for knowledge exchange between more than 400 institutions in Africa and the USA.

Dr Shirley Ann Jackson, President of Rensselaer, who gave her whole-hearted support and endorsement of the HOPE Project, said in a live transmission during the official launch that the HOPE Project reflects the best of South Africa as it is "making a difference into the future." She also praised the new virtual bridge and said it makes high capacity information change possible. "This bridge of light will also be the bridge of hope." The Bridge raises the bar for educational exchange and research collaboration at a distance.

She also urged people to invest in the HOPE Project. "The quality and dedication of the people involved fills me with hope. An investment in HOPE is an investment in the sustained academic excellence of SU."

Stellenbosch University and Rensselaer concluded an agreement last year to ensure capacity building in science and engineering, and to encourage the youth to focus their studies on the global challenges of our time. ■



Op 14 April is die projek kampuswyd in fakulteitsverband bekendgestel. Die tema van hierdie veldtog was *Ons glo die US kan die wêreld verander*. Groot baniere is oral op kampus vertoon, hier teen die Ou Hoofgebou.

## Só het die HOOP Projek ontwikkel

Die HOOP Projek is 'n vergestalting van kern-elemente van die *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en daarna* wat in 2000 deur die US-Raad aanvaar is. In hierdie dokument het die US sy prioriteite vir die 21ste eeu uiteengesit. Hiervolgens moet die Universiteit voortbou op sy status as wêreldklas navorsingsuniversiteit, maar ook 'n personeel- en studentekorps bou wat meer verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse demografie is én voorrang gee aan die behoeftes van Suid-Afrika en die res van die kontinent.

Dit het onder prof Chris Brink neerslag gevind in Visie 2012. Hiervolgens streef die US daarna om: 'n uitnemende akademiese instelling en gerespekteerde kennisvennoot te wees; te bou aan die wetenskaplike, tegnologiese en intellektuele kapasiteit van Afrika; 'n aktiewe rolspeler in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing te wees; 'n kampuskultuur te hê wat 'n diversiteit van mense en idees verwelkom en waarvolgens Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal in 'n meertalige konteks bevorder word.

Met die aanstelling van prof Russel Botman as Rektor drie jaar gelede, is met nuwe ywer gewerk om praktiese uitvoering te gee aan die ideale van die *Strategiese Raamwerk*.

'n Kampuswye proses van konsultasie, gelei deur die bestuurspan en dekane, het gevolg. Hierdie proses staan bekend as die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) – volledig uiteengesit in *Matieland* 2009:2.

Op 14 April 2010 is die veldtog intern by die US geloods met 'n bekendstelling aan personeel en studente.

Die openbare fase van die veldtog, genaamd die HOOP Projek, is amptelik op Woensdag 21 Julie bekendgestel. ■



HOOP PROJEK

R1.75 miljard teen 2015. Dit is die ambisieuse, finansiële uitdaging vir die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek. Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het hierdie aankondiging gedoen tydens die amptelike bekendstelling van die HOOP Projek op 21 Julie (sien artikel op bl.10).

# US loods **grootste fondsinsameling** nog

Ons kan nie tot diens van die samelewing wees of 'n instelling van uitnemendheid sonder die hulp van ons vennote, netwerke en ondersteuners nie, het Prof Botman gesê. "Daarom is vanaand nie net 'n aankondiging van die HOOP Projek nie, dit is 'n uitnodiging vir groter betrokkenheid deur individue, alumni, vriende, maatskappye en organisasies om by ons aan te sluit om die wêreld te verander."

Hy het bygevoeg dat universiteite die wêreld oor onder geweldige finansiële druk is soos wat staatsubsidies daal en die eise vir toegang, relevansie en uitnemendheid vergroot. "Dit het duidelik geword dat subsidies en klasgelde op hul eie nie meer toereikend is vir alles wat ons op hierdie kritieke stadium in ons bestaan wil doen nie.

"Met trots kan ons aankondig dat oor die laaste drie jaar, tydens die institusionele (silent) fase van die HOOP Projek - het ons amper R500 miljoen in filantropiese bydraes ontvang. Meer as 4500 skenkers het Stellenbosch sedert my aanstelling in April 2007 ondersteun, toe die idee van die Universiteit as 'n sentrum van hoop in Afrika begin beslag kry, het."

Die HOOP Projek het sy eerste geldelike inspuiting by die Raad van die Universiteit gekry. R320 miljoen is uit bestaande universiteitsfondse hertoegewys. Dít word onder meer as hefboom gebruik vir nog befondsing by die staat en ander instellings. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het ook R192 miljoen aan die Universiteit bewillig vir die opgradering en uitbreiding van bestaande fasiliteite en geboue.

Die 4500 donateurs sluit in nasionale en internasionale alumni, vriende van die Universiteit, korporasies, stigtings, trusts en ontwikkelingsagentskappe.

## SKENKINGS REEDS ONTVANG

Die Universiteit is baie bemoedig deur skenkings wat oor die afgelope paar maande ontvang is. So is die kweek van die volgende generasie van akademici 'n sleutelvraagstuk wat universiteite in die gesig staar. Twee stigtings, een plaaslik en een internasionaal het onlangs die Universiteit in hierdie verband ondersteun.

Die Andrew W Mellon Foundation van die VSA het R6 miljoen bygedra vir beurse vir jong nagraadse studente en nadoktorale navorsingsgenote in die geesteswetenskappe terwyl die Claude Leon Foundation van Suid-Afrika 'n betekenisvolle toekenning vir nagraadse studente in die wetenskap en ingenieurswese velde gemaak het.

Die Standard Bank Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en Mentorskap dien as voorbeeld van hoe maatskappye en organisasies spesifieke inisiatiewe kan ondersteun.



Die Standard Bank Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en Mentorskap in die Landbou aan die Universiteit Stellenbosch is 'n inisiatief om die uitdaging van mislukte grondhervormingsprojekte en onderprestasie van ontluikende boere die hoof te bied. By die bekendingstellingsfunksie in April vanjaar is die Standard Bank-skenking van R3,4 miljoen bekendgemaak. Hier is prof Mohammad Karaan, Dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe; mnr Willie du Plessis, Direkteur: Landboubankdienste (Standard Bank); me Nomsa Masuku, Direkteur: Korporatiewe Sosiale Inisiatiewe (Standard Bank); prof Johan van Rooyen, Direkteur van die Sentrum en mnr Zwelibanzi Manyati, Direkteur: Besigheidsbankdienste en Mid-Korporatief (Standard Bank). (Foto: Anton Jordaan, SFFD)

### SÓ GAAN DIE HOOP PROJEK-FONDSE AANGEWEND WORD:

- Akademiese inisiatiewe: R450 miljoen
- Personeelsukses (met inbegrip van leerstoele): R225 miljoen
- Studentesukses (met inbegrip van beurse): R225 miljoen
- Fasiliteite: R850 miljoen



**Lees die nuutste Verslag aan Skenkers aanlyn by http://diehoopprojek.co.za/skenkersverslag2009. Die publikasie bevat 'n volledige lys van 2009 korporatewe en individuele skenkers aan die US sowel as 'n lys van erflatings in 2009.**



# Jý is die HOOP Projek!

Onontbeerlik in die sukses van die HOOP Projek, is die insette en ondersteuning van Alumni, skryf prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, in hierdie opebrief aan MatiesAlumni.



## BESTE ALUMNI

Oor die blaaie van hierdie uitgawe van *Matieland* vertel ons meer van die HOOP Projek, die langtermyn strategiese plan van die Universiteit vir die volgende dekade. Tereg kan gevra word, wat maak die Projek so spesiaal?

In die eerste plek glo ek dit is - getrou aan die aard van die Universiteit - **ambisieus.** Nie net is dit ambisieus omdat dit die grootste kapitale veldtog nog ooit aan 'n Afrika-universiteit insluit nie, maar omdat ons glo ons 'n werklike verskil kan maak wat betref die uitdagings in ons land en in Afrika. Die projek is ook **omvattend**, dit betrek die hele universiteitsfamilie en alles wat ons doen. Derdens is die projek ook **geïntegreerd**, met ander woorde op die ou einde moet alles wat ons doen strategies bymekaar aansluit sodat ons saam kan werk aan die doel voor hande.

Daar is egter 'n ontbrekende element in die HOOP Projek. Dit is die deelname en insette van ons alumni. Hieroor voel ek baie sterk. Ja, ons is baie bly oor skenkings deur groot instansies soos wat berig word in die artikel hiernaas, maar die deelname deur die héle Matiesfamilie is iets waarvoor ek my persoonlik oor die volgende paar jaar gaan beywer - juis omdat ek glo dat 'n universiteit nie werklik suksesvol vorentoe kan wees, as daar nie 'n breë inkoop deur sy alumni is nie.

Ek het reeds in my toespraak tydens die bekendstelling van die HOOP Projek gesê: daar is groot waardering vir alumni wat gereeld aan die US skenk. Die feit is egter dat minder as 2% alumni ook donateurs van die Universiteit is. Daarom is een van die doelwitte van die Projek om die persentasie van diegene wat aan die Universiteit teruggee te verhoog na minstens 10%.

In dieselfde asem moet ek beklemtoon dat bydraes aan die HOOP Projek aangewend sal word daar waar dit die nodigste is: vir beurse, navorsing en fasiliteite om ons 'n nog beter universiteit te maak.

In hierdie verband wil ek jou aanmoedig om 'n skenking ernstig te oorweeg. Bydraes, natuurlik belasting aftrekbaar, kan vir 'n verskeidenheid aspekte oorweeg word. Dit kan gaan aan 'n spesifieke soort navorsing wat jou na aan die hart lê, beurse vir studente, aan die koshuise, 'n departement, fakulteit of die biblioteekdienste. Of dalk wil jy Afrikaans as onderrigtaal ondersteun?

Op die HOOP Projek webblad, www.diehoopprojek.co.za, kan jy ook vinnig en veilig 'n bydrae aan 'n spesifieke akademiese inisiatief maak.

Inspirerend is hoe drie Matiesalumni, Paul Antohnie, Nico Mans en Alphonso Primo, besluit het om iets terug te gee en self 'n beursfonds in die lewe geroep het! Lees gerus op bl. 54 hoe hulle dit gedoen het.

Oor die volgende paar maande word die HOOP Projek nasionaal en internasionaal bekendgestel (sien bl. 48 vir meer besonderhede). Kom kuier saam en gee ons jóú mening.

Met vriendelike groete

Russel Botman



# HOPE in South Africa discussed at conference



Prof Russel Botman and dr Albie Sachs, speaker at the Hope in South Africa Conference

Flowing from the announcement of Stellenbosch University's HOPE Project, the *Hope in South Africa* Conference was held on campus on 22 July.

Prominent individuals from South Africa's academic, legal, economic and sport circles, HIV/Aids advocacy groups and the media, all gave account of how one can give concrete shape to hope in South Africa.

Presenting various papers on how they envisioned hope in their respective fields were Dr Albie Sachs, former judge of the Constitutional Court; Prof Ben Smit, Director of SU's Bureau for Economic Research; Prof Sandy Liebenberg, socio-economic rights expert at Stellenbosch University and author of the recently published *Socio-Economic Rights: adjudication under a transformative constitution*; Ms Nokhwezi Hoboyi, Ekurhuleni District Coordinator of the Treatment Action Campaign; Ms Phylicia Oppelt, editor of *The Times* and Mr Ernst van Dyk, Paralympics athlete and international gold medallist.

# Kry inligting oor die **HOOP Projek** hier

'n Webblad met volledige inligting oor die HOOP Projek is onlangs bekendgestel.

Dié webblad gee behalwe 'n noukeurige uiteensetting van die Projek ook inligting oor elkeen van die akademiese inisiatiewe en hoe om tot 'n spesifieke inisiatief by te dra.

Riglyne vir hoe om as potensiële erflater, korporatiewe skenker en as individuele skenker betrokke te raak, word verskaf - dit alles gekomplimenteer met foto's en 'n video oor elk van die inisiatiewe.

Op die webblad is daar ook inligting oor die HOOP Projek Advieskomitee bestaande uit vooraanstaande Suid-Afrikaanse entrepreneurs, sakeleiers en filantrope wat raad en leiding gee en voorspraak maak vir die Projek.

Veilige aanlyntransaksies is moontlik via die GivenGain-platform terwyl die stelsel ook gekoppel is met The Friends of Stellenbosch University - 'n opvoedkundige stigting wat vir liefdadigheidsdoeleindes gestig is. Die stigting hou belastingvoordele in. Die Stellenbosch University SA Foundation UK, 'n liefdadigheidsorganisasie wat by die UK Charity Commission geregistreer is, bestuur die Universiteit se belange in die Verenigde Koninkryk.

- **Die adres is www.diehoopprojek.co.za**




# Studente loods MatieHoop-veldtog

Matiestudente, onder leiding van die Studenteraad (SR), het onlangs hul eie veldtog in aansluiting by die HOOP Projek - MatieHoop - geloods.

"Ons wil hê dat alle studente bemagtig sal word om die visie van hoop hul eie te maak," het SR-lid me Nadia Marais, wat vir die portefeulje Eenheid en Dialoog verantwoordelik is, gesê. "Studente kan reeds 'n groot verskil maak deur as mentors in koshuise, tutors op kampus, of by gemeenskapsaksies buite die kampus betrokke te raak. Ons moet volwaardige vennote van die groter HOOP-visie wees," het sy bygevoeg.

By die bekendstellingsgeleentheid in die Endlersaal het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier gesê dat studente se sukses "lê aan die hart van wat ons doen".

Me Marais het in haar toespraak studente uitgedaag om 'n verskil te maak. "As studente moet ons droom én doen. Hier is 'n geleentheid vir albei."

As deel van die geleentheid het me Nataly Pietersen, 'n derde jaar BA (Tale en Kultuur)-student, 'n liedjieskryfwedstryd vir studente bekendgestel en mnr Deon Scharneck, 'n eerstejaar teologiestudent, die Hoop in 'n bottel-projek. Dié projek beoog om 'n bottel met 20 000 boodskappe van hoop te vul en dit dan êrens in die see te gooi.

MatieHOOP is op 23 Julie bekendgestel. Hier is prof Russel Botman, Deon Scharneck, mnr Nataly Pietersen, me Nadia Marais en mnr Gerhard Wiese, Voorsitter van die Studenteraad.



# The HOPE Project and research

## Excellence and relevance remains the focus



Aligning the research activities of Stellenbosch University (SU) with key development themes - in essence, putting the University's proven research strengths behind human need - is a bold step that requires researchers to reassess how they engage with knowledge, writes Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research.

Innovative research outputs driven by sceptical minds are a prerequisite for facing the challenges of South Africa. Such research is set in motion by reflecting critically on current conditions and is sustained by a commitment towards a better future. This requires a solid grounding in excellent basic science as well as creative imagination. Since success in this complex endeavour is not guaranteed, hope in the research context becomes an agent that provides the impetus for new and relevant actions. Hope imparts an attitude of defiance and creativity by imagining a future free of human indignity and environmental degradation.

The HOPE Project encompasses a huge investment in the sustained academic excellence of SU and will significantly strengthen our commitment to leaving a scientific footprint in the community. As builders of hope on and from the African continent, we will continue to put our research expertise at the service of human and environmental need. We will also be inspired by witnessing how knowledge shapes and changes our society. Hope in the research context is the driver of a cycle of discovery and action informed by knowledge.

Throughout this process, research at Stellenbosch is guided by the notion of simultaneous excellence and relevance informed by a diversity of people and ideas - whether this means putting Africa's own satellites in space to improve food security and town planning, contributing to the development of fact-based policies around TB treatment, ensuring a transformed society based on social and economic rights or developing appropriate technology to make drinking water safe.

Inspired by the HOPE Project, SU's core functions - research, teaching and learning as well as community interaction - converge to make the University an effective role-player and participant in South Africa's strategic priorities to eradicate poverty, improve social services, build sustainable communities, improve the country's health profile and grow an increasingly inclusive economy for the benefit of the citizens of both South Africa and Africa.

### RESEARCH SUCCESS

The University's status as one of the top research-driven universities on the continent was underlined by the announcement of the Department of Higher Education and Training's 2008 research output earlier this year. According to the report, SU achieved a sustained growth of 21% with regard to accredited research publication output in the last five years.

In addition, with regard to weighted research output per full-time academic staff member, Stellenbosch was rated first in 2008 with a score of 2.13 output units per staff member. This is a clear indication of the dedication of our academics towards the execution and dissemination of cutting-edge research as well as towards the development of highly specialised human capital at postgraduate level.

Furthermore, the University achieved a steady growth with regard to accredited research publications on an international level. In 2009, 70% of our accredited research publications appeared in international journals. This means that our research output is being increasingly recognised in the international research arena.

### CHALLENGES


SU is not exempt from the challenges faced in higher education in South Africa. These include the fact that the most productive researchers are nearing retirement age and that postgraduate students are taking too long to complete their degrees. The single biggest challenge, however, is to sustain and grow the above-mentioned research output.

These challenges are addressed by, inter alia, rejuvenating and diversifying the research corps, creating a stimulating and supportive environment for researchers and lending better support to our postgraduate students.

In this way, SU is continuously working towards making a tangible difference in our region, our country and our continent.

### IN A NUTSHELL:

- Stellenbosch University (SU) has the highest weighted research output per capita of any university in the country (2.13 output units measured in terms of accredited publications and postgraduate degrees completed per full-time academic).
- SU produces about 12% of South Africa's research in both the natural and the human sciences.
- No fewer than 270 researchers (the second highest in the country) are acknowledged by their peers as being leaders in their fields through the National Research Foundation rating system, 14 of whom have A ratings (researchers regarded as world leaders by their peers).
- The University hosts four Centres of Excellence (three National and one New Partnership for Africa's Development) designed to enable researchers to collaborate across disciplines and institutions on long-term projects relevant to the local context.
- The University hosts 14 Research Chairs, each strategically positioned in an area where it is hailed as a leader. Eleven Research Chairs are linked to the South African Research Chairs Initiative.



Read *Research at Stellenbosch University 2009*, Stellenbosch University's latest research report, online at www.sun.ac.za/research.

HOOP PROJEK





HOOP PROJEK

# Inisiatiewe gee praktiese uitvoering aan HOOP Projek

Akademiese leiers aan die US het oor die afgelope drie jaar hard gewerk om 'n reeks visioenêre inisiatiewe te formuleer om eiesoortige Afrika-uitdagings aan te pak.

Hierdie meer as 20 hoopskeppende inisiatiewe gee praktiese uitvoering aan die HOOP Projek en aan die US se bakermatbesluit om sy kernwerksaamhede - navorsing, onderrig en leer, en gemeenskapsinteraksie - so te rig dat 'n betekenisvolle bydrae tot die nasionale (én internasionale) ontwikkelingsagenda gelewer kan word. Hierdie wetenskap-vir-'n-beter-wêreld-benadering is in wese die HOOP Projek.

Ná deeglike oorweging van die Universiteit se bewese vermoëns is besluit om op vyf van die internasionale ontwikkelingstemas toe te spits waardeur die Universiteit die grootste bydrae kan lewer (sien kassie).

"Dit is noodsaaklik dat Afrika-universiteite oplossings vir ons unieke Afrika-uitdagings bedink," het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, oor die inisiatiewe gesê. "Met behulp van ons bewese vermoëns en ons vennootskappe met ander Afrika-universiteite, hoop ons om nie net opnuut ons plek as 'n relevante universiteit in die 21ste eeu te verseker nie, maar ook om die lewens van burgers oor die hele vasteland te verbeter."

Tot 2015 sal die inwerkingstelling van dié akademiese inisiatiewe (sien teenoorstaande bladsy) gepaardgaan met die verwesenliking van ander strategiese doelwitte, soos die instandhouding en verdere ontwikkeling van ultramoderne akademiese fasiliteite, tegnologie en infrastruktuur sowel as die versekering van personeel- en studentesukses.

Ander dwarsliggende inisiatiewe - soos Toegang tot Elektroniese Hulpbronne: Studentesukses en Navorsingsteun, Virtuele Nagraadse Leerondersteuning, Studies in Kompleksiteit, en die Nagraadse Skool - sal deur hul omvattende en transdissiplinêre aard 'n bevorderlike omgewing help skep en handhaaf om die US as bouer van hoop in Afrika te kan onderskei.

- **Sien www.diehoopprojek.co.za vir meer inligting en die artikels hiernaas vir meer inligting oor die inisiatiewe.**




# Dwarsliggende inisiatiewe

'n Aantal dwarsliggende inisiatiewe - oor verskillende fakulteite, kundigheidsgebiede en ontwikkelingstemas heen - help om 'n bevorderlike akademiese en navorsingsomgewing te skep wat tot die HOOP Projek se sukses bydra.


'n Grafiese voorstelling van 'n deel van die JS Gericke Biblioteek se nuwe leersentrum.

### TOEGANG TOT ELEKTRONIESE HULPBRONNE: STUDENTESUKSES EN NAVORSINGSTEUN

Akademiese biblioteke speel 'n kernrol om navorsers, dosente en studente te verbind met die enorme hoeveelheid beskikbare vakinligting in die wêreld. Die inisiatief bevorder studentesukses en uitnemende navorsing deur onder meer 'n eietydse leerruimte wat tans in aanbou in die JS Gericke Biblioteek is. Die ruimte spog met ultramoderne tegnologie, rekenaars, koordlose internettoegang, 'n elektroniese klaskamer, informele sitplek en plasmaskerms.

### SENTRUM VIR STUDIES IN KOMPLEKSITEIT

Dié Sentrum gebruik die insigte van die vakgebied kompleksiteitstudies in die soeke na omvattende oplossings vir die uitdagings van menslike ontwikkeling in Suid-Afrika en die res van Afrika.

### NAGRAADSE SKOOL

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe se Nagraadse Skool fokus op die ontwikkeling van wêreldklas-nagraadse programme en navorsing in Afrika. Dit is gekoppel aan die Afrika Doktorale Akademie waarin nagraadse studente van Afrika eiesoortige Afrika-uitdagings doeltreffender kan ondersoek. Die inisiatief word ook gerugsteun deur PANGeA 'n samewerkingsnetwerk met ander voorste Afrika-universiteite.

### VIRTUELE NAGRAADSE LEERONDERSTEUNING

Dié inisiatief van die Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste bied nagraadse studente die geleentheid om verder te studeer terwyl hulle werk, . Dit kombineer webtegnologie met satelliet-, selfoon- (SMS-) en knapkaarttegnologie en studente het 20 volledig interaktiewe leersentra oor die land heen -selfs tot in Namibië - tot hul beskikking.

HOOP PROJEK





# Akademiese inisiatiewe

### DIE UITWISSING VAN ARMOEDE EN VERWANTE TOESTANDE

- Bekamping van Armoede, Dakloosheid en Sosio-Ekonomiese Kwesbaarheid in terme van die Grondwet
- Universiteit Stellenbosch Voedselsekerheidsinisiatief

### DIE BEVORDERING VAN MENSWAARDIGHEID EN GESONDHEID

- Universiteitsvennootskap vir Aangepaste Fisiese Aktiwiteit
- Afrikasentrum vir MIV/Vigs-bestuur
- Kommunikasie en Inligtingstelsels
- Fokus op die Bevordering van Menswaardigheid
- Ukwanda Landelike Kliniese Skool
- Jeugsportinisiatief

### DIE BEVORDERING VAN DEMOKRASIE EN MENSEREGTE

- MEDIAFRIKA
- Eenheid vir Korporatiewe Bestuur in Afrika

### DIE BEVORDERING VAN VREDE EN VEILIGHEID

- Afrikasentrum vir Geskilbeslegting
- SIGLA @ Stellenbosch (Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap)

### DIE BEVORDERING VAN 'N VOLHOUBARE OMGEWING EN 'N KOMPETERENDE NYWERHEID

- Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie
- Energie en die Omgewing
- Geografiese Inligtingstegnologie
- Standard Bank Sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en Mentorskap
- Universiteit Stellenbosch Waterinstituut
- TsamaHub (Sentrum vir Trans-dissiplinariteit, Volhoubaarheid, Assessering, Modellering en Analise)


Me Jacki Gilmore wys hoe die rekenaar-koppeltoestel werk (Foto: Bernard Bravenboer)

# Tegnologie vir kommunikasie ingespan

Verskeie navorsingsinisiatiewe wat deel uitmaak van die Fakulteit Ingenieurswese se Kommunikasie en Inligtingstelselsprojek is gemik op die bevordering van menswaardigheid en menslike gesondheid. Ander stel weer 'n volhoubare omgewing en 'n mededingende nywerheid in die visier.

Een so 'n projek is 'n toestel vir die gebruik van rekenaars deur mense met gestremdhede.

Me Jacki Gilmore, 'n US-ingenieur, werk tans aan 'n bekostigbare prototipe bestaande uit 'n telefoonkopstuk, oorfone en 'n mikrofoon wat voor die mond geposisioneer word. Gekoppel aan 'n rekenaar, werk dit soos 'n muis. As die persoon sy of haar kop effens lig of laat sak, of links of regs draai, beweeg die pyltjie op die rekenaarskerm in die ooreenstemmende rigting. Die klik-funksie word geaktiveer deur in die mikrofoon te blaas.

Soortgelyke produkte is wel in die handel beskikbaar, maar dit is vir vele mense met gestremdhede te duur.

"Selfs al word dit op redelike klein skaal vervaardig, sal dit nie meer as ongeveer R600 kos nie. Dit is nie net 'n akademiese oefening nie. Ons hoop die produk sal binnekort aan die publiek beskikbaar gestel word," sê dr Mike Blanckenberg, 'n senior dosent in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.

- **www.diehoopprojek.co.za/komm-inlig**

# Onkruid as voedsel ingespan

Sekere plante wat tans as "onkruid" beskou word, kan in werklikheid voedsaam wees, en hul herklassifisering kan tot groter voedselsekerheid lei.

So sê mnr Sydney Mavengahama, Zimbabwiese PhD-student aan die US se TsamaHub. Dié eenheid soek na langtermyn-, volhoubare oplossings vir die dubbele krisis van endemiese armoede en ekologiese ineenstorting in Afrika.

Mavengahama is een van twaalf studente wat in Januarie by dié nuwe transdissiplinêre program in kompleksiteit en volhoubaarheid aangesluit het. Hy doen navorsing oor die voedingswaarde van verskeie plante.

"Afrikane eet tradisioneel baie van hierdie sogenaamde onkruid," sê hy.

Volhoubaarheid is 'n sleutelfokuspunt van die eenheid waarvan die naam afgelei is van die rol wat trans-dissiplinariteit, volhoubaarheid, analise, modellering en assessering in sy werksaamhede speel. Die naam is ook 'n verwysing na die tsama-plant, 'n wilde spanspek in Suider-Afrika se droogste dele.

"Die wêreld is in groot moeilikheid en ingrypende besluite moet geneem word, sê prof Mark Swilling, projekleier. "Die TsamaHub is die US se bydrae tot die soeke na meer omvangryke oplossings."


Mnr Sydney Mavengahama (links), 'n Stellenbosse PhD-student in volhoubaarheid, en mnr John van Breda, bestuurder van die doktorale graadprogram van die TsamaHub, 'n transdissiplinêre navorsingseenheid aan die US. (Foto: Bernard Bravenboer)

Die TsamaHub is gevestig in die US se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, maar het ook bande met sewentien departemente in sewe ander fakulteite, sowel as met die Universiteit se Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies en sy Sentrum vir Studies in Kompleksiteit sowel as die WNNR en die Volhoubaarheidsinstituut in Stellenbosch.

- **www.diehoopprojek.co.za/tsama**

Die HOOP Projek-webblad, **www.diehoopprojek.co.za**, bevat volledige inligting, foto's en 'n video oor elkeen van die inisiaitiewe.



HOOP PROJEK

# Johann Rupert - *op die man af*

"Opvoeding, onderwys en die skep van geleenthede waarin jong mense hul vermoëns kan uitleef. Daarin lê 'n hoopvolle toekoms vir ons land." Hy spreek hierdie woorde met die passie van 'n leerkrag en sug diep met hand omhoog. Weifel 'n oomblik en met 'n amperse grinnik om die mond benadruk hy "anders gaan toekomstige geslagte vandag se Malema's soos vuilletjies laat lyk."

*deur Mohamed Shaikh*

Dr Johann Rupert is nie een vir mooi broodjies bak en sagkens stel nie. Reguit op die man af. Nie tyd vir tierlantyntjies nie. Dis sy benadering. Maar hy neem nie 'n taak aan waarin hy nie hart en siel kan stort nie. So is dit ook met die kanselierskap van die Universiteit Stellenbosch. Tituêre of sermoniële hoof van die Universiteit, ja, maar as voorste internasionale sakeleier met 'n passie vir die onderwys en opvoeding het hy 'n visie wat wyer strek as die tradisionele rol van uitmuntende ambassadeur wees vir die US en grade verleen op gradedag.

Hy sien die US as akademiese kampioen in die hoër onderwys. As voorloper op die terrein van aanpasbare, relevante en toekomsgerigte leerprogramme en as sentrum van toonaangewende denke. Veral op laasgenoemde terrein wil hy help om die US tot nog groter hoogtes te voer.

Die vestiging van die Anton Mostert-leerstoel in Intellektuele Eiendomsreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid by die US wat deur sy internasionaal bekende maatskappy Richemont ten bedrae van etlike miljoene rand per jaar gefinansier word, is 'n voortvloeisel van hierdie oortuiging.

"Ons land is arm aan kundigheid oor intellektuele eiendomsreg. Selfs ons howe is nie bekwaam om enige dispuut op hierdie terrein na behore te hanteer nie. Dispute oor intellektuele eiendom moet maar ten beste by wyse van arbitrasie besleg word. Stellenbosch moet die leiding op hierdie terrein neem ... en dit is my voorneme om net die beste internasionale kundigheid oor hierdie veld hierheen te bring," sê hy.

Sy gesig lewe en die lang postuur leun effe vooroor Byna afwagtend, by die aanhoor van my volgende vraag: Kan 'n mens verwag dat sy betrokkenheid by die internet, breëbandverskaffing en optiesevesel-tegnologie vir die universiteit en vir die land in die geheel bepaalde voordele inhou? En dis of jy die bal net netjies laat lê vir 'n goeie sethou vir hierdie gholfspeler van formaat.

Dit gaan die wêreld van leer en onsluiting van inligting en kennis onherroeplik verander, sê hy, met verwysing na die installering van die Seacom-kabel en die mega-kapasiteit wat dit meebring vir kommunikasie en inligtingsvloei."Net jammer dat Kaapstad en die omliggende streke in die uitrol van hierdie kommunikasie-pyplyn eers werklik teen 2012 die volle voordele van hierdie tegnologie sal smaak."

Dan is dit of die bal in die rof beland het. Die sandbank van staatsbemoeienis en rompslomp. "Die landskakeling is 'n proses wat Telkom dryf en bestuur, maar nou voel dit vir my of hierdie laaste myl

## *Vinnige feit*



Dr Johann Rupert is 'n ywerige motorentoesias en hy is stigter van die Franschhoek Motor Museum wat al beskryf is as die beste versameling in die wêreld. Hy het al deelgeneem aan die Mille Miglia in Italië, een van die bekendste uithouritte vir veteraan sportmotors. Hier is hy en sy seun, Anton, by die Mille Miglia 2008 - 1000 Mile Historic Race motor aanbieding by die Piazza della Loggia op 15 Mei 2008 in Brescia, Italië.

(Foto: Vittorio Zunino Celotto/Getty Images)





*"Eindelik gaan dit om geleenthede skep ... geleenthede vir leer, vir groei, vir ontwikkeling ons kinders te help om die beste te wees wat hulle kan wees. ..."*

- die oorland-installering - in vertraagde tempo gedoen word ... en dit in 'n land waar kinders honger is vir geleerdheid en geleenthede."

Die frustrasie is byna tasbaar in sy stem. "Man, net etlike kilometer in die pad af hier buite Franschhoek is Dennegeur. Dit is waar meeste van ons werkers woon. Saam met die behuisings- en ander behoeftes van die mense het ons berekend besluit om biblioteekfasiliteite met rekenaargebruiks-areas en internet toegang vir die kinders te skep. En oor die jare het ons gesien hoe die kinders met hierdie blootstelling die ander kinders in die skool ver vooruit is."

Buite het L'Omarins stil geword. Die skemer het byna ongemerk oor die landgoed kom sit en elders in die imponerende herehuis klink die stemme op van personeel wat voorbereidings tref vir gaste van die Universiteit wat hy oor 'n paar minute onthaal.

"Eindelik gaan dit om geleenthede skep ... geleenthede vir leer, vir groei, vir ontwikkeling ons kinders te help om die beste te wees wat hulle kan wees. Maar dan kan ons nie 'n situasie duld waar onderwysers in sommige gevalle slegs drie uur per dag werk, maar toenemend aanspraak maak op groter salarisse nie. Ek vra myself die vraag waarom duld die ouers van daardie kinders dit? Ons moet almal werk aan 'n nuwe nasionale ingesteldheid oor onderwys want ons kinders verdien beter," sê hy driftig.

Maar terug by universiteite en hul rol en plek in die hoër onderwys van die toekoms. "Dit is 'n feit dat die nuwe leergeleenthede wat die internet bied, ook op die maniere van leer gaan impakteer. Inligting en kennis is nou op uiteenlopende elektroniese platforms beskikbaar. Dit open nuwe wêrelde van kennis deel en inligting uitruil teen 'n spoed wat tot nou toe nog onbekend was. Dit moet mos logies gesproke die rol van die dosent en universiteit in die breë op 'n positiewe manier beïnvloed. Dink maar net daaraan dat Facebook vandag die derde grootste land in die wêreld is en dit groei steeds. Die vraag bly maar net oor hoe ontvanklik, gereed en gerat ons is vir die uitdagings van die toekoms?"

Hy wil nie vir die universiteitsbestuur voorsê wat hulle moet doen nie, of enigsins in die operasionele fasette van die US betrokke raak nie. Maar hy wil ook nie 'n leunstoel kanselier wees nie. Hy sien hom eerder as katalisator in die uitdagings wat vir die US voorlê.




Foto: Getty Images

Foto's: Kloksgewys van bo is dr Rupert en sy gesin; saam met die gholfspeler Ernie Els; tydens sy inhuldiging as Kanselier op 18 Februarie 2010 en saam met die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr Blade Nzimande.

## Dr Rupert in kort

Dr Johann Rupert is die 14de kanselier van die Universiteit Stellenbosch.

Hy was instrumenteel in die ontwikkeling van die Kleinsake-ontwikkelings-korporasie (deesdae Business Partners) waarmee sowat 500 000 werks-geleenthede reeds gestig is.

Hy is in 2009 as Internasionale Wynentrepreneur van die Jaar by die Meininger-prysuitdeling vir Uitnemend-heid in Wyn en Spiritualieë in Düsseldorf, Duitsland, aangewys.

Die Breytenbach-sentrum in Wellington en die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) word deur dr Rupert ondersteun.

Hy is 'n medestigter van die Instituut vir Sport-wetenskap aan die Universiteit van Kaapstad.

Hy was instrumenteel in die totstand-koming van die Laureus Sport for Good Foundation ('n internasionale stigting waarby veral minderbevoorregte kinders baat vind).

Hy is Voorsitter van die Suid-Afrikaanse PGA Tour en erepresident van die Suid-Afrikaanse Gholfontwikkelingsraad.

Hy is ingelyf in die South African Golf Hall of Fame en in Mei is hy verkies tot Lewenslange Erepresident van die Europese Toer.

Soos sy pa, Anton Rupert, is hy 'n kampvegter vir bewaring, onder andere as Voorsitter van die Raad van Direkteure van die Vredesparkstigting.

Hy is die ontvanger van eregrade van die US, die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit en die St Andrews Universiteit in Skotland.

Die voorste 100 gelyste maatskappye in Suid-Afrika het hom reeds drie keer as die Mees Invloedryke Leier in Suid-Afrika angewys en hy was al in die *Sunday Times, Die Burger* en die Kaapstadse Sakekamer se Sakeleier van die Jaar. Hy is ook al uitgesonder as een van 200 internasionale leiers van die toekoms deur die Wêreld Ekonomiese Forum in Davos, Switserland.

In 2009 het hy die unieke eer te beurt geval om Frankryk se hoogste eerbewys - die Legioen van Eer - te ontvang ter erkenning van sy noue sake- en kulturele bande met dié land.

Hy is getroud met Gaynor en die egpaar het drie kinders.

In Julie 2010 kondig hy die Anton Mostert Leerstoel in Intellektuele Eiendomsreg, wat by die Fakulteit Regsgeleerdheid gesetel sal wees, aan (sien artikel).






# US-Koor wéér as wêreldkampioen gekroon

**Die Universiteit Stellenbosch Koor het onlangs die maroen vlag hoog laat wapper en met 'n lied in die hart van die sesde Wêreld Koorspele in China teruggekeer waar hulle as wêreldkampioen gekroon is.**

Die koor is in beide die kategorieë waaraan hulle by die spele, wat van 15 tot 26 Julie in Shoaxing gehou is, deelgeneem het, as wenners gekroon. Die Koorspele, waaraan meer as 450 kore van nagenoeg 80 lande deelgeneem het, word as die grootste koorfees in die wêreld beskou.

Die US-Koor, onder leiding van die bekroonde André van der Merwe, het voor in die koor geëindig in Kategorie 8, Gemengde Kore, en ook in Kategorie 15, Musica Contemporanea (oftewel kontemporêre musiek). Hulle het ook goue medaljes met hul optredes losgeslaan. In Kategorie 8 het 29 kore deelgeneem en in Kategorie 15 was daar elf kore.

Hul repertoire het onder meer nuwe kontemporêre koormusiek ingesluit wat hoë eise aan die sangers stel, maar ook meer bekende koorwerke om sodoende 'n gebalanseerde en geskakeerde program aan te bied.

Die rede vir hul sukses, sê Van der Merwe, was die koor se samehorigheidsgevoel, groepsgees en toewyding waarmee hulle die repetisies benader het. Maar die deur-slaggewende faktor, reken hy, was die koorlede se toewyding en selfdissipline tydens die kompetisie-fase. "Hierop is ek die meeste trots. Dit vul 'n koorleier met nederigheid en verryk mens geweldig baie. Om met so 'n groot groep talentvolle mense te werk is soms vreesaanjaend!" erken hy. "Om deel van so 'n groot ervaring te wees, is iets wat ek nooit sal vergeet nie."

Die feit dat die koor in beide kategorieë gewen het, sê Van der Merwe, was 'n absolute bonus. "Vir my was die ware wen die koor se ambassadeurskap op en van die verhoog. Ons het ook heerlike media-dekking geniet. Die oorsese joernaliste en TV was gek oor ons Maties!"

Volgens Van der Merwe is dit met die Interkultur punte-sisteem baie moeilik vir 'n koor om 'n punt van meer as 90% te behaal. "In hierdie konteks is ek ontsaglik trots op die koor se uitslae." In die kategorie Musica Contemporanea het die koor 90,75% behaal en in die kategorie Gemengde Kore 95,75% (laasgenoemde was die hoogste in die kompetisie).

Die Matie-koor het reeds in Oktober 2009 met hul voorbereiding vir die kompetisie begin. Eers is 'n koor van 112 lede ná 'n lang oudisie-proses saamgestel en hierna is blad-musiek aan die koorlede uitgedeel wat hulle oor die Desember-vakansie moes instudeer.


"Ons is bevoorreg dat soveel studente op ons kampus in koorsang belangstel en die sangtalent is ook inspirerend. Ek kon 'n indrukwekkende en opwindende groep vir die kompetisie saamstel," vertel Van der Merwe.

Oor wat die toekoms vir dié bekroonde stemme nou inhou, sê Van der Merwe: "Die uitdaging is nou om hierdie standaard en spangees in die toekoms te handhaaf. Hoogtepunte vir 2011 sluit in die KUESTA Universiteit Korefees in September waar al die universiteitskore van Suid-Afrika gaan saamtrek vir uitvoerings in Pretoria."

En dan hoop die koor om te begin stemme opwarm vir die 2012 Koor Wêreldspele in Cincinnati in die VSA waar hulle hul titel sal moet verdedig.

Die Koor het by die vorige Koorspele in 2006, in Graz in Oostenryk, ook 'n goue medalje verdien en beklee steeds die eerste posisie vir "Musica Sacra" op Interkultur, 'n internasionale kultuurvereniging, se wêreld-ranglys van die top 1000 kore.

- Nog 'n koor van die Wes-Kaap, die Tygerbergse Kinderkoor, het in kategorie 14, Music of the Religions (oftewel musiek uit die godsdienste), ook 'n eerste plek en goue medalje gewen.




# SA AKADEMIE VEREER VIER VAN US

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer vanjaar drie US-personeellede en 'n oudpersoneellid.**

Hulle is proff Amanda Lochner en Paul Brink, albei van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, prof Pieter Kapp, president van die US Konvokasie, en prof Eddie van Dijk, 'n navorsingsgenoot by die Departement Plant- en Dierkunde.

Prof Lochner, van die Departement Biomediese Wetenskappe, ontvang die Goue Akademiemedalje vir Natuurwetenskaplike Prestasie – toegeken vir hoogstaande werk van praktiese uitvinding (of toepassing) en vernuf – gebaseer op wetenskaplike en/of proefondervindelike grondslag. Sy word nasionaal en internasionaal erken as 'n veteraan op die gebied van mediese navorsing en haar volgehoue navorsingsbydraes, oor meer as 45 jaar, toon steeds 'n stygende kurwe.

Prof Brink, van die Departement Interne Geneeskunde, ontvang die Havengaprys, wat jaarliks toegeken word vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegniese gebied. Die kriteria vir dié toekenning is navorsingspublikasies en bewys van die bevordering van Afrikaans.

Prof Pieter Kapp, afgetrede US-dosent in geskiedenis en President van die Konvokasie, ontvang die Stalsprys vir geskiedwetenskappe – vir sy werk Draer van 'n droom: Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – 1909–2009.

Op grond van sy vele wetenskaplike bydraes oor die jare ontvang prof Van Dijk die Senior Kaptein Scott-gedenkmedalje. ■



# PROF DAVID DAVIDSON TO HEAD 10TH SARCHI RESEARCH CHAIR

Prof David Davidson, Professor in Computational Electromagnetics in the Department of Electrical and Electronic Engineering, has been appointed to head a research chair of the South African Research Chair Initiative (SARCHI) of the Department of Science and Technology and the National Research Foundation.

The new SARCHI Research Chair, the 10th awarded to Stellenbosch, falls under the SKA (Square Kilometre Array) project's Human Capital Development programme.


"It is a privilege to be able to contribute to this fascinating project, which has already had a significant impact on the relevant sciences and engineering disciplines in South Africa," says Prof Davidson.

According to Prof Davidson, the SKA project, in particular the MeerKAT technology demonstrator, is one of the largest scientific projects undertaken in South Africa over the last 20 years. The overall SKA is also one of the larger international science projects currently underway.

"Our department has long had a tradition of excellence in training postgraduate students in electromagnetics, radio-frequency and microwave engineering, and this Chair will provide a strong focus for our future research in this field."

Prof Petrie Meyer, Head of the Department of Electrical and Electronic Engineering, said the Chair awarded to the Department is a clear recognition of the research contribution to the SKA programme that has been made over the past three years by the SKA team in the Department. ■

# FIRST UNAIDS AMBASSADOR IN AFRICA



Prof Jimmie Perry, Director of Educational Theatre and Creative Arts at the Africa Centre for HIV/Aids Management, has been appointed by the the Joint United Nations Programme on HIV/Aids (UNAIDS) as its first National Goodwill Ambassador in South Africa. The announcement was made by the Executive Director of UNAIDS, Mr Michel Sidibé, on World Aids Day 2009.

Goodwill Ambassadors are prominent individuals from the world of arts, science, literature, entertainment, sport and other fields of public life who have expressed their desire to strengthen awareness of Aids.

Perry, appointed from December 2009 to December 2010, says his new position gives his current work a bigger platform. "This position presents a greater leadership challenge for the work I do, it means greater visibility and it will magnify the work I do."

His mandate from UNAIDS is to advocate universal access and equality for all and to continue to creatively educate, help prevent and minimise new HIV infections.

Perry has been involved in various HIV/Aids initiatives since the 1980s. "If we are to turn this pandemic around, South Africans have to really understand what the virus is, how it is spread, that it is not a death sentence thanks to medical treatment and that we have to put an end to the fear and stigma of living with HIV." ■



Prof Luc Vinet en prof Russel Botman onderteken die Memorandum van Verstandhouding.
(Foto: Roger Sedres)

# US GASHEER VIR ACU-KONFERENSIE

Die Universiteit was in April een van vier Wes-Kaapse universiteite wat gesamentlik gasheer was vir die *Association of Commonwealth Universities* (ACU) se konferensie van uitvoerende hoofde.

Die tema van vanjaar se konferensie was *Universities and the Millennium Development Goals*.

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, was een van die hoofsprekers tydens die tweede dag van die konferensie wat by die Spier-landgoed aangebied is. In sy toespraak, getiteld *Science for Society: Building Hope in Africa*, het hy gesê dat universiteite groter druk op regerings moet uitoefen om meer te doen om die Millenniumontwikkelingsdoelwitte (MODs) te verwesenlik. Hy het ook uitgelig hoe die US se hoop-skeppende visie by dié van die MODs inskakel.

Die ACU is die oudste en een van die grootste interuniversitêre netwerke ter wêreld. Dit kombineer die kundigheid en reputasie van bykans 'n eeu se ondervinding met nuwe en innoverende programme wat ontwikkel is om in die behoeftes van universiteite in die 21ste eeu te voorsien. Die uitvoerende hoofde van universiteite oor die wêreld heen het die konferensie bygewoon. Adjunkpresident Kgalema Motlanthe, dr Blade Nzimande, Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, en me Naledi Pandor, minister van wetenskap en tegnologie, het ook die konferensie bygewoon.

### OOREENKOMS GESLUIT

Prof Botman en prof Luc Vinet, Rektor van die Universiteit van Montreal, het tydens die konferensie 'n ooreenkoms namens hul onderskeie universiteite onderteken vir die uitruil van akademiese, kulturele en administratiewe kundigheid. Die ooreenkoms maak voorsiening vir navorsingsvennootskappe en studente uitruilprogramme.

Die Universiteit van Montreal, internasionaal bekend op die gebied van biomediese wetenskap en tegnologie, het 13 fakulteite, nagenoeg 660 studieprogramme en 55 000 studente waarvan talle buitelanders is. ■



Foto: Anton Jordaan (SFFD)

Prof Vic Web (regs) en prof Leon de Stadler, Direkteur van die Taalsentrum.

# WÊRELDBEKENDE TAALBEPLANNER BY US AANGESTEL

Prof Vic Webb, 'n wêreldleier in taalsosiologie en taalbeplanning, is onlangs as navorsingsgenoot van die Taalsentrum aangestel en sal betrokke wees by die navorsingsprogram oor taalontwikkeling en taalbemagtiging.

Prof Webb is tans Direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Taalpolitiek (CentRePoL) aan die Universiteit van Pretoria (UP).

As navorsingsgenoot aan die US sal prof Webb op die impak van taalbeleid, -beplanning en -ondersteuning op suksesvolle studie konsentreer.

"My vernaamste taak is om aan die Universiteit se navorsingsprogram oor taalontwikkeling en taalbemagtiging deel te neem. Onder die leiding en bestuur van die Taalsentrumdirekteur, prof Leon de Stadler, het die US reeds skitterende werk ten opsigte van taalbeplanning gedoen. Afgesien van die Taalsentrum self, is die US se belangrikste prestasie die mate waarin die instelling sy taalplan in werking gestel het, en veral die mate waarin fakulteite aan die hele proses saamwerk. Ook die taaldebat is myns insiens 'n positiewe verskynsel, en toon die US en sy onmiddellike gemeenskap se gewilligheid – én volwassenheid – om 'n kwessie wat in die Afrikaanse gemeenskap 'n uiters emosionele saak kan word, indringend in die openbaar te bespreek." ■

# US DIREKTEUR KRY **INTERNASIONALE ERKENNING**

Me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens aan die US asook President van die *International Federation of Library Associations* (IFLA) was onlangs in Washington waar sy erkenning ontvang het vir haar leierskap en bydraes aan IFLA en die internasionale biblioteekwese.

Die toekenning is deur die *International Relations Committee* (IRC) van die *Association of College and Research Libraries* (ACRL) tydens die jaarlikse konferensie van die *American Library Association*, oorhandig.

IFLA is 'n leidende internasionale organisasie wat die belange van biblioteke en inligtingsdienste en hul klante wêreldwyd verteenwoordig en bevorder. Me Tise het in Augustus 2009 die eerste Suid-Afrikaner geword om die rol as president te vervul.

Haar presidensiële tema, getiteld *Libraries driving access to knowledge*, het gefokus op kliënte-oriëntering, die biblioteek as plek, die rol van biblioteke in gemeenskapsinklusiwiteit en die behoefte aan sterk vennootskappe. ■

- **Die US Biblioteek- en Inligtingsdiens was in Februarie gasheer vir 'n internasionale simposium getiteld *Access to information and the role of libraries in the Knowledge Economy*. Die simposium het saamgeval met IFLA se Presidensiële Vergadering 2010. Die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, was die hoofspreker by die simposium.**



*Prof Julian Smith*

# 'N LEIER MET INSIG EN BEGRIP



Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel is vroeër vanjaar as die nuwe voorsitter van die Kaapse Hoëronderwys-konsortium, oftewel die Cape Higher Education Consortium (CHEC), aangestel.

CHEC verteenwoordig die vier hoëronderwysinstellings in die Wes-Kaap: die Universiteite van Stellenbosch (US), Kaapstad en Wes-Kaapland en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie.

Prof Smith het gesê dit is 'n "voorreg en eer om waarskynlik die mees suksesvolle Suid-Afrikaanse hoëronderwysstreekkonsortium vir die volgende twee jaar te kan lei". Hy is van mening dat hy met sy ervaring van inter-institusionele samewerking en vennootskapsbestuur, wat oor baie jare strek, waarde tot CHEC kan byvoeg.

Prof Smith is ook einde verlede jaar vir 'n derde termyn heraangestel in sy pos as Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel. Volgens US-beleid moet 'n omvattende werwingsproses gevolg word vir 'n viserektor om 'n derde termyn te dien – 'n proses waarin die pos ook internasionaal geadverteer moet word.

Die Keurkomitee was veral beïndruk deur prof Smith se insig in en begrip vir die toekomstige behoeftes van die US. As ervare administrateur met 'n grondige kennis van die tersiêre onderwysstelsel het hy veral daartoe bygedra dat die geloofwaardigheid van die Universiteit in die breë gemeenskap verhoog is deur 'n innoverende en akademies gegronde program van gemeenskapsinteraksie.

Met sy heraanstelling het hy gesê dat die Universiteit 'n unieke strategiese voordeel bo ander universiteite in die land beleef, danksy die besondere wyse waarop gemeenskapsinteraksie ontwikkel het en institusioneel as kernaktiwiteit bevorder en ondersteun word.

Benewens sy heraanstelling as viserektor is prof Smith ook tydens die formele stigting van die South African Higher Education Community Engagement Forum in November 2009 in Durban uitgesonder vir die toonaangewende rol wat hy gespeel het in die totstandkoming van hierdie nasionale forum en vir sy denkleierskap ten opsigte van gemeenskapsinteraksie by hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika. Al 23 openbare hoëronderwysinstellings het die formele stigting in Durban bygewoon.

Prof Smith het gesê dat die toekenning 'n aanduiding is van die "leidende rol wat die Universiteit die afgelope paar jaar begin speel het ten opsigte van 'n vernalatigde akademiese kernfunksie". ■

# HONOURED TO SERVE HIS COUNTRY



*Prof Mohammad Karaan*

Prof Mohammad Karaan, Dean of the Faculty of AgriSciences, has been appointed as Commissioner to the government's National Planning Commission (NPC) earlier this year.

The NPC consults civil society and other interest groups towards setting up a national development plan and vision statement for the country.

"This is a wonderful privilege and I am honoured to be of service to this country," he said. "To craft a vision for South Africa that will carry it through to 2025 is a very important task. While we might have made South Africa, we have to do more to make South Africans. We are still very polarised. The new vision will give us direction in terms of where we are going as a country."

President Jacob Zuma recently announced the appointment of the 26 commissioners with a range of expertise in water security, climate change, food security, energy, infrastructure planning, human resource development, defence and security matters, the structure of the economy, spatial planning and demographic trends.

Prof Karaan, who will serve on the Commission for five years, feels he can contribute to the Commission through his expertise in terms of policy, agriculture, natural resources and development. ■



# Matieleiers met **Nasionale Ordes** vereer

*deur Lynne Rippenaar*

Twee Matieleiers, in onderskeidelik genetika en Paralimpiese sport, is vroeër vanjaar deur die President, mnr Jacob Zuma, met Nasionale Ordes vir hul bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing vereer.





Die Orde van Mapungubwe (brons) is aan prof Monique Zaahl toegeken vir haar besondere bydrae tot die gebied van genetika, en navorsing oor siektes wat met ysteroorlading verband hou. Mnr Ernst van Dyk het weer die Orde van Ikhamanga (silwer) ontvang vir sy uitnemende prestasies in Paralimpiese sport, en as rolmodel vir alle Suid-Afrikaners.

Prof Zaahl is 'n professor en senior dosent in Menslike Genetika aan die US se Departement Genetika. Ná haar voor- en nagraadse studie aan die US het sy met 'n doktorale studiebeurs van die Statebond die tweede jaar van haar doktorale studie in Menslike Genetika gedeeltelik aan die Universiteit van Oxford voltooi.

Haar belangstelling in en passie vir genetika het haar ook die maatskappy Genediagnostics (Edms.) Bpk. wat diagnostiese toetse oor siektes met betrekking tot ysteroorlading uitvoer, laat stig.

Prof Zaahl lag nou lekker daaroor dat sy ná haar voorgraadse studie gesê het dat sy nooit weer gaan studeer nie. Vandag is sy een van die voorste navorsers oor die impak van genetiese agtergrond sowel as ysteroorlading op verskillende bevolkingsgroepe en het sy ook diagnostiese toetse vir laasgenoemde ontwikkel.

"Ek was nie altyd die beste in my klas nie, maar ek het my nis gevind en uitgebou. Ek glo as jy eers weet wat jou passie is, gaan jy suksesvol wees."

Sy gee ook graag klas, en reken dat sy haar studente moet inspireer om hul potensiaal te bereik. "Ek dink nie altyd dosente begryp die moeilike omstandighede en uitdagings waarvoor hul studente daagliks te staan kom om 'n sukses van hul studie te maak nie."

Alhoewel sy glo dat vroue se rol in leiersposisies aan die US verder versterk moet word, voel sy dat sy as vrouedosent ook 'n bydrae lewer deur toekomstige leiers te ontwikkel.

Sy heg groot waarde aan die ondersteuning van haar man, Elmo, en haar kollegas en medenavorsers. "Jy kan nooit sê jy het dit alleen gedoen nie, want verskeie mense dra by tot jou sukses. Daarom is dit ook belangrik om mentors te hê wat jou help ontwikkel."

Prof Zaahl is tans besig met 'n MBA aan die US se Bestuurskool.

**"Baie jongmense met gestremdhede het niegestremde rolmodelle, maar dit is soms makliker om jou te vereenselwig met iemand wat in dieselfde bootjie as jy is,"**

Ernst van Dyk, verbonde aan die US se Sportprestasie-instituut (SUSPI), is sonder bene gebore, maar dit het hom nie gekeer om 'n sukses van sy lewe te maak nie. Van kleins af neem hy aan verskeie sportsoorte deel en was die eerste persoon met 'n gestremdheid om 'n graad in Sportwetenskap aan die US te behaal. Hy neem reeds vanaf 1992 aan die Paralimpiese Spele deel en wen goud en brons in Beijing in 2008. In 2006 wen hy die gesogte Laureus-toekenning vir sportsterre met 'n gestremdheid. Hy wen ook die Amerikaanse Bostonmarathon vir rolstoelatlete 'n ongeëwenaarde nege keer en kraai al vier keer koning in die Cape Argus fietsren se handfietsry-afdeling. Hy dien ook in SASCOC (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee) se atletekomitee en is een van vier raadslede van Fietsry SA.

Ernst bestuur ook sy eie sporttoerustingmaatskappy, Enabled Sport. "Een van my grootste frustrasies toe ek aan sport begin deelneem, was die duur toerusting. Daarom voer ek nou toerusting vir sportlui met gestremdhede teen baie billike pryse in, en verkoop dit plaaslik. Só kan Suid-Afrikaanse sportlui met gestremdhede nou veel goedkoper aan beroepsport deelneem."

Met die Orde is hy vir onder meer sy prestasies op die sportveld vereer. "Ons weet die Suid-Afrikaanse president het groot agting vir sport in hierdie land, so hierdie eerbewys stuur 'n sterk boodskap dat sport vir persone met gestremdhede dieselfde erkenning as gewone sport geniet. Die feit dat ek gereeld aan hoëprofielsportgeleenthede deelneem, verhoog ook die profiel van sportlui met gestremdhede. Dit het my in staat gestel om 'n rolmodel vir jongmense in Suid-Afrika te wees."

Hy lewer gereeld motiveringspraatjies by verskeie organisasies en maatskappye sowel as skole.

Hy voel sterk daaroor dat die onderskeid wat tussen persone met gestremdhede en dié daarsonder getref word, net verdere diskriminasie aanvuur. "Die wêreldwye tendens is om hoofstroomsport by paralimpiese sport te integreer. Die wiel draai stadig, maar dit is ook besig om plaaslik te gebeur. Ek dink dit sal help om die bestaande onderskeid uit te wis. Sport is tog maar sport." ■

The President, Mr Jacob Zuma, honoured Prof Monique Zaahl, a professor of Genetics, and the world-renowned wheelchair athlete, Ernst van Dyk, with National Orders earlier this year. Read the article in English at www.[illegible]

# Afrikaans

## DIE US SE KOSBARE KLEINOOD

"Stellenbosch bly 'n universiteit waar Afrikaans die hoofonderrigtaal is." Dit was die duidelike boodskap van prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, in 'n toespraak voor die Kaapstadse Persklub in Junie vanjaar. Tog word die Universiteit dikwels gestriem oor sy posisionering rakende Afrikaans. Die kritiek is dikwels gebaseer op gebrekkige inligting en onkunde oor wat die Universiteit vír Afrikaans doen, skryf **prof Leon de Stadler**, Direkteur van die Taalsentrum.

### BEVORDERINGSPLAN KOESTER AFRIKAANS

Vir die Universiteit Stellenbosch is Afrikaans 'n kosbare kleinood. En dit gaan nie maklik verander nie. Hiervoor is dit te waardevol!

Tog is daar diegene wat die verswakkende posisie van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse samelewing voor die deur van die Bestuur van die Universiteit kom lê. Die beskuldigings manifesteer gereeld as emosionele en selfs bitsige beskuldigings met bewoordings soos die "Skelmbosse slimgat-, gatkruipende spesie".

Waaraan die Universiteit skuld het, is om nie genoeg te sê oor wat wel vir Afrikaans gedoen word nie.

Dis binne hierdie konteks dat 'n kykie in die taalbeplanningsaktiwiteite binne die Universiteit se Bevorderingsplan vir Afrikaans, lonend is.

### BEVORDERINGSPLAN VIR AFRIKAANS

Die Bevorderingsplan vir Afrikaans, soos goedgekeur deur die Raad van die Universiteit, stel baie duidelike uitgangspunte waaronder:

- Die Bevorderingsplan vir Afrikaans is in die eerste instansie 'n waardegedrewe inisiatief en nie 'n ideologies-gedrewe inisiatief nie.
- Die Universiteit aanvaar dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor Afrikaans het.
- Die Universiteit wil Afrikaans bevorder binne die konteks van meertaligheid.
- Afrikaans funksioneer binne 'n diverse sosio-kulturele ruimte.
- Die Universiteit erken die rol van Afrikaans as 'n belangrike instrument van bemagtiging binne die groter Suider-Afrikaanse konteks.

### VAN BELEID EN TAALBEPLANNING TOT BY AKSIE

Maar doen die Universiteit regtig iets beduidend aan die saak, sou mens kon vra?

Sekerlik die belangrikste element van die Bevorderingsplan is die beleid oor die aanwending van Afrikaans en die wyse waarop dit binne die konteks van taalbeplanning in die fakulteite en steundienste hanteer word.

Hieroor het die Universiteit 'n duidelike besluit geneem, naamlik 'n minimum voorgraadse aanbod van *60% in Afrikaans* (let wel, die maksimum word nie gestel nie). Daarmee verbind die Universiteit sigself tot die ideaal van Stellenbosch as voorkeurbestemming vir Afrikaanse studente, maar dan altyd met inagneming van die konteks van meertaligheid. Afrikaans kan alleen gedy as 'n taal tussen tale, en hierdie beginsel word deeglik verreken in die wyse waarop die Universiteit taalbeplanning doen, natuurlik altyd met die behoeftes van die Universiteit se omgewing en studente op die voorgrond.

Dit geld egter nie alleen vir Afrikaans as onderrigtaal nie, maar baie beslis ook vir Afrikaans as taal van besigheid aan die Universiteit. Daarom is die Universiteit pas deur 'n oefening van taalbeplanning in die steundienste-omgewings, met as resultaat die goedkeuring van taalplanne wat onder meer die verantwoordelike gebruik van Afrikaans beleidmatig bestuur, onder meer deur die aanwending van middele soos vertaling en tolking.

Die feit van die saak is dat die Universiteit se bestuurs- en administratiewe kommunikasie nog steeds aan Afrikaans die sterkste posisie gee, soos onder meer blyk uit die feit dat die belangrikste vergaderings (soos bv. Senaatsvergaderings) nog steeds in Afrikaans aangebied word met tolkondersteuning en dat dokumentasie eers in Afrikaans (en soms nét) gegenereer word. Uiteindelik moet al hierdie taalbeplanning verseker dat taal op ewewigtige wyse hanteer word tot voordeel van al die Universiteit se personeel, studente en ander kliënte. Om die taalbeplanning te ondersteun bied die Taalsentrum tans kursusse aan in die verskillende fakulteite en word daar aan nagenoeg 2 500 studente langs hierdie weg taalsteun verleen, met 'n beduidende persentasie van hulle dan in die Afrikaans-klasse. Hierdie steun word aangevul met ander dienste waaronder skryfvaardigheidsontwikkeling, vertaling, tolking, die aanbieding van werkswinkels, en nog vele meer. En met hierdie aanvullende dienste word letterlik duisende studente, personeel en ander kliënte bedien, ook in en ten behoewe van Afrikaans.

### MAAR DIS NIE AL NIE ...

'n Hele aantal projekte en aktiwiteite definieer die Bevorderingsplan. Enkeles is:

- Die skitterende rol van die Departement Afrikaans en Nederlands, nie alleen deur hulle formele kursusaanbod en beduidende navorsingsuitsette nie, maar ook deur hulle eie verbeeldingryke institusionele en gemeenskapsgerigte projekte, waaronder die Letterkunde-Ondersteuningskomitee (LOK), skrywerswerkswinkels, die Letterkundekollokwium, slypskole vir die taalprofessies, gedenklesings, en nog vele meer
- Die Woordfees onder die inspirerende leiding van prof Dorothea van Zyl wat elke jaar van krag tot krag gaan; 'n paar grepe: 250 produksies vanjaar, 38% groei op vorige jaar se prestasie, 47 300 feesbesoekers, saalbesetting van 71% - voor waar 'n fees duisend!
- Die WOW-projek (Woorde open Wêrelde) onder die bekwame leiding van me Fiona van Kerwel, waardeur letterlik duisende skoolkinders in die US se voedingsgebied bereik is en steeds bereik word - in een jaar 17 000 leerders in meer as 200 laer- en hoërskole
- 'n E-leerprojek in Afrikaans waarvan die eerste produk binnekort bekendgestel sal word (Dié projek gaan studente se akademiese geletterdheid in Afrikaans verbeter en word in samehang met kursusse wat die Taalsentrum aanbied, gebruik)
- 'n Leesvaardigheidsprojek by skole gekoppel met 'n boekverspreidingsprojek in samewerking met Biblionef - 'n internasionale boekverspreidingsorganisasie wat ook Afrikaanse boeke aan behoeftige skole voorsien in samehang met leesontwikkelingsprojekte.
- Die US se ondersteuning aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (kyk kassie)
- Vertalingsprojekte, tolking en redigering ten behoewe van Afrikaans; 'n hoogtepunt was die US Taalsentrum se betrokkenheid by die produksie van 'n Afrikaanse weergawe van die studenteweergawe van Encyclopedia Britannica

Die getuienis wat hier aangebied word, gelees binne die groter konteks van ons taalbeleid en -plan maak een ding duidelik: Die Universiteit Stellenbosch wil op gevarieerde en veral verantwoordbare wyse, binne 'n koherente taalbeplanningsmodel, haar verantwoordelikheid teenoor Afrikaans nakom. Vir hierdie universiteit is en bly Afrikaans inderdaad 'n kleinood, 'n taalverbintenis wat ons vaslê in 'n amptelike bevorderingsplan - en hiervoor verdien die Universiteit die ondersteuning van onder andere die Afrikaanse taalgemeenskap. ■

### TERMINOLOGIEBOEKE SIEN DIE LIG



**Soms word Afrikaans aan hierdie universiteit op verrassende wyse bevorder, sonder dat dit altyd die primêre doel was. Hiervan graag 'n goeie voorbeeld: Die US is ook verbind tot die bevordering van die Afrikatale en het in hierdie verband 'n hele paar projekte wat loop binne die Eenheid vir isiXhosa van die Taalsentrum. Een daarvan is 'n isiXhosa-terminologie-ontwikkelingsprojek met drietalige terminologieboeke as die eindproduk.**

**Net die afgelope ses maande het twee nuwe terminologieboeke hulle opwagting gemaak (daar is reeds nege van hierdie boeke), 'n yslike groot publikasie met terminologie in die ekonomiese en bestuurswetenskappe en dan 'n pragtige boekie met sokkerterminologie – ons bydrae tot die wonderlike Wêreldbeker-fees wat pas hier ten einde geloop het.**

**Die mooie is egter dat nie alleen isiXhosa daardeur bevorder word nie, maar juis ook Afrikaans. Luister maar net na die pragtige sokkerterme wat deur hierdie werk bestendig is: *draaiskop* of *kurweskop* vir *banana kick*, *krulkrag* vir *curl*, *kopstoot* vir *header*, *syvat* vir *side tackle*, *glyvat* vir *side tackle*, ens. Wat hierdie projek juis ook verder demonstreer is die belang van die voortbestaan van Afrikaans as 'n taal tussen tale.**




Prof Magda Fourie (regs) oorhandig die tjek aan dr Willem Botha van die WAT (Anton Jordaan, SSFD)

### DIE US BIED OOK 'N TUISTE AAN DIE WAT

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, of die WAT soos ons dit in die volksmond ken, het sedert sy ontstaan 'n besondere verbintenis met die Universiteit Stellenbosch. Die Universiteit bied naamlik sedert 1930 aan die Buro van die WAT 'n tuiste en speel ook 'n beduidende rol in die bestuur en administrasie van die woordeboekkantoor.

Hoewel dit nog altyd 'n losser verbintenis was, is die beduidende ondersteuning van die Universiteit maar net nog 'n voorbeeld van sy verbondenheid aan en verpligting teenoor Afrikaans.

Die Universiteit het onlangs hierdie ondersteuning vir dié instelling herbevestig toe prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, 'n skenking van R1 miljoen aan die WAT oorhandig het. Daarmee bevestig die US-bestuur die belangrikheid van die optekening van Afrikaans en wil hulle 'n bydrae maak tot die voortbestaan van hierdie uitsonderlike Afrikaanse taalbate.

"Die donasie is 'n belegging in die voortbestaan van die WAT én in Afrikaans as lewenskragtige en groeiende taal. Met dié skenking rig die Universiteit ook 'n uitdaging aan ander instansies en individue om die WAT finansieel te ondersteun en só in Afrikaans te belê," het prof Fourie gesê.

Afrikaans remains the main language of tuition at Stellenbosch University. The article, available in English at www.matiesalumni.net, looks at the language-promotion plan for Afrikaans and provides insight into the various projects and activities that encapsulate the plan.

**Prof Nico Koopman, Professor in Sistematiese Teologie en Etiek en Direkteur van die Beyers Naudé-Sentrum vir Publieke Teologie, is as die nuwe Dekaan van die Fakulteit Teologie aangestel. Hy neem oor by prof Elna Mouton, die eerste vrou om in die pos aangestel te word. Ook prof Koopman se aanstelling is 'n eerste vir die Fakulteit – hy is die eerste persoon uit die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) om die amp te vervul.**

deur Marlene Malan

*Die meegaande artikel oor prof Koopman het oorspronklik in Rapport verskyn en word met goedkeuring gebruik.*

# Drá vandag jou broer,

## al is hy anders as jy

Vir prof Nico Koopman, dekaan van die fakulteit teologie aan die Universiteit van Stellenbosch, is "verdra" en "aanvaar" passiewe begrippe. Woorde waarmee Suid-Afrikaners elke dag gebombardeer word. Dis opdragte wat jou vermaan om uit te hou "net om vredesonthalwe".

"Maar as jy volbloed-Suid-Afrikaner wil wees, hier aan die suidpunt van dié pragtige kontinent, word baie meer van jou gevra. Dit vra aksie, hand uitsteek, gewigte op jou skouers tel. Asof jou lewe daarvan afhang.

"Dra en omgee, omarm en nadertrek. Dís aksie. Dis wat nodig is om ons land te bou. Pleks van diversiteit 'verduur', die Here dank vir dié groot geskenk", gesels Koopman. "Ons moet ons eenheid in verskeidenheid vier. Ons broederskap en susterskap in dié ryke verskeidenheid erken en waardeer.

"Soos in *he ain't heavy; he's my brother*", haal die prof die liedjie van The Hollies aan op sy skalkse, stil manier wanneer hy verduidelik dat, "my broers en susters van verskillende agtergronde nie vir my ondraaglike laste is nie. Waar daar liefde is, sing die Hollies, en lank voor hulle die apostel Paulus, dra ons mekaar en koester ons mekaar".

Ons het hierdie positiewe verdraagsaamheid nodig, sê Koopman. "Hierdra dra van mekaar, die gesamentlike soeke na menswaardigheid en respek, as ons die toekomspad wil aanpak.

"Ons het baie kénnis van mooi en goeie waardes, ja – ons kry dit uit verskillende godsdienste; selfs uit sekulêre tradisies. Ons stem saam oor die sentrale waardes van ons grondwet – menswaardigheid, geregtigheid, waarheid, gelykwaardigheid, vryheid vir almal, die skep van 'n samelewing waar daar nie groot klowe tussen ryk en arm is nie.

"Ons grondwet is gebou op universele waardes, soos respek vir lewe, vir waarheid, vir ander mense se liggaam, besittings, vir die natuur ..."

"Die probleem is net dat ons nie altyd weet hoe om hande en voete aan daai waardes te gee nie. "Dís ons uitdaging – om prosesse aan die gang te kry wat ons sal help om dié waardes konkreet te beliggaam."

Koopman, die eerste dekaan van dié fakulteit wat uit die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) kom, sê dit staan vir hom soos 'n paal bo water dat "ons papier-waardes nie altyd ons praktiese waardes is nie. Ons sukkel ..." Die kerke is verantwoordelik om dit in te skerp. So ook skole en naskoolse opleidingsinrigtings.

"Moenie die media vergeet nie – die media is een van die sterkste draers van waardes. Die breë burgerlike samelewing kan nie net op politieke, geestelike en akademiese leiers steun om leiding te neem in die prosesse van waardevorming nie, hoewel die burgerlike samelewing met reg kan verwag ons leiers moet rolmodelle wees."

Koopman sê ons moet ons verantwoordlikheid nakom in sport, kultuur, die handelswêreld, ons skryfwerk, literatuur. Ons moet kan staat maak op verantwoordelike leierskap, maar ons het ook verantwoordelike burgerskap nodig.

"Ons dink soms 'waardes' het nie waarde nie. Ons dink byvoorbeeld soms dat, om eerlik te wees, nie waarde het nie. Dit lyk mos soms asof oneerlikes meer floreer as eerlikes.

Die teologiefakulteit wil deur onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie bydra tot 'n samelewing waarin moreel goeie waardes "hande en voete" kry.

"Hier leer ons saam om die waarde van diversiteit te waardeer en dit te geniet. God is 'n kreatiewe God. Sy skepping is nie eentonig nie, maar beliggaam diversiteit.

"Die skepping is een groot lekkerte van 'n verskeidenheid van fisieke voorkoms, persoonlikheid, talente, belangstellings, beskouings. Diversiteit is nie 'n probleem wat bestry moet word nie, maar 'n geskenk om te geniet.

"Dis interessant om te ervaar hoe studente en personeellede van 'n verskeidenheid agtergronde hier hard werk om daardie eenheid in verskeidenheid te praktiseer en te geniet."

Nog een van Koopman se drome vir die fakulteit is dat baie meer Christelike denominasies hier opgelei word. "Ons fakulteit wil 'n bate wees vir die verskillende kerke in Suid-Afrika, Namibië en die res van die vasteland. Ons wil ook graag die internasionale ekumene dien.

"As ons hier toekomstige leiers toerus om konstruktief met kerklike en ander vorme van diversiteit om te gaan, kan hulle ook 'n bydrae lewer tot 'n konstruktiewe omgang met diversiteit in die breër samelewing."

Soveel vernuwing is nodig in ons land, sê Koopman. "My siening is dat universiteite as die samelewing se kennisvennote dié vernuwing kan dien."

In dié fakulteit fokus ons veral op die temas van menswaardigheid en armoede, sê hy. "Drá vandag jou broer en suster, al is dit swaar. Trek hom nader al is hy anders. Juis oor hy anders is." ■





# DREAMING
## A DIFFERENT WORLD

### *GLOBALISATION REPORT RELEASED*

A three-year research project on globalisation has been completed by the Beyers Naudé Centre for Public Theology at the Faculty of Theology of Stellenbosch University. "The project offers crucial perspectives on policy making, public debate, opinion, thinking and conduct," writes Prof Nico Koopman, Director of the Beyers Naudé Centre and Dean of the Faculty of Theology. The report on the project, *Dreaming a different world: Globalisation and justice for humanity and the earth – The challenge of the Accra confession* for the churches, was recently handed to Archbishop Emeritus Desmond Tutu.



Prof Allan Boesak (front left) handed a copy of the report to Archbishop Emeritus Desmond Tutu recently. With them are Dr Johann Weusmann (front right). At the back are Prof Nico Koopman and Prof Thias Kgatla of the URCSA. (Photo: Hennie Rudman, SSFD)

Food security, water justice, consumerism, global trade agreements, governments and the regulation of markets, gender justice, environmental justice, human dignity and peace building. These are only some of the themes entertained in the project that investigated the impact of global political, economic, social and cultural arrangements and systems on human beings.

Leading up to the report was the adoption by the former World Alliance of Reformed Churches (recently renamed the World Communion of Reformed Churches, [WCRC]) of the Accra Confession. The Confession articulates the resolve of Reformed Churches the world over to campaign for global justice in human communities and the natural environment.

As member churches of the WCRC and having a long history of collaboration, the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) and the Evangelisch Reformierte Kirche (ERK) in Germany sought ways to realise the vision of the Confession. They consequently mandated the Beyers Naudé Centre to carry out this interdisciplinary project.

The leaders of the project were Prof Allan Boesak, Professor Extraordinary in Systematic Theology at the Faculty and responsible for research on globalisation and economic justice, Dr Johan Botha of URCSA and Dr Johann Weusmann and Dr Ahlerich Ostendorp of ERK. Researchers from South Africa and Germany, theologians, sociologists, economists, lawyers and political scientists all offered valuable insights, while scholars from Islam and Judaism also provided inputs.

The project offers various crucial perspectives that are expected to impact constructively on policy-making processes in all spheres of life, on public debates and public opinion formation and on public thinking and conduct.

On the level of faith communities, it is expected that the project will inform liturgies and congregational practices and that its findings will be utilised in theological curricula and in the advocacy work of non-governmental organisations. On a personal level, members of faith communities are encouraged to engage in religious practices that contribute to the actualisation of justice and dignity in the world.

It can also inform civil societies, businesses and trade unions – and especially governments – to collaborate in the building of human and natural societies of justice and dignity on local, regional and global levels.

Broad outcomes of the study are, first of all, the distinction made between globalisation and globalism. Globalisation as the phenomenon of increased political, economic, cultural and social interaction and collaboration, interconnectedness and interdependence among the people of the world is viewed positively, while globalism, which refers to an ideology that implies the negative application and impact of global arrangements, is rejected.

Secondly, the project also rejects contemporary expressions of empire, that being the spirit, ethos, power and practices of self-interest and greed, which are expressed in personal choices and behaviour, and in local and global political and economic systems and structures that impact negatively on the quality of life of especially the most vulnerable ones in society.

Furthermore, the report also makes special reference to factors influencing the natural environment.

On an international level, the report has received a very positive response from the WCRC, the result of which will be implementation in the WCRC's 200 affiliated church groups in 107 countries. ■



Ekklesia het reeds sy eerste seminaar onder sy nuwe vaandel aangebied. Prof Denise Ackermann, buitengewone professor in die Fakulteit Teologie, en emeritus professor van die Universiteit van Wes-Kaapland; prof Nico Koopman, en dr Jerry Pillay, Algemene Sekretaris van die Verenigende Presbiteriaanse Kerk van Suider-Afrika, was die sprekers, en het oor die onderskatte rol van predikante en pastors in die toekoms van Suid-Afrika gepraat. Hier is (voor) dr Bruce Theron, Voorsitter: Ekklesia Kerklike Advieskomitee en proff Ackermann en Koopman. Agter is dr Pillay en dr Coenie Burger. (Foto: Anton Jordaan)

### *BUVTON word Ekklesia*

**deur Helette van der Westhuizen**

'n Groter klem op die ekumene en wyer kerklike deelname. Dit is van die belangrikste kenmerke van die Fakulteit Teologie se Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (Buvton) wat onlangs onder die nuwe naam Ekklesia herorganiseer is.

Dié ekumeniese sentrum fokus op leierskaps-ontwikkeling en gemeentestudie en funksioneer as netwerksentrum tussen die Universiteit Stellenbosch (US) en kerke.

"Ekklesia wil 'n positiewe rol speel om meer predikante tot verdere studie en vorming aan te moedig, onder meer deur oorbrugging-studie," verduidelik dr Coenie Burger, huidige Buvton-direkteur.


"Die verskil is dat heelwat meer kerke deel sal vorm van die sentrum se aktiwiteite. Twaalf kerke het reeds aangedui dat gaan deelneem aan 'n spesiale loodsfase van die sentrum waarin die onderlinge ekumeniese bande tussen kerke versterk sal word."

Die Fakulteit is opgewonde en dankbaar oor dié ontwikkeling, sê prof Nico Koopman, Dekaan. "Hiermee toon die Fakulteit nie net sy verbintenis tot kerke en die ekumene nie, maar verklaar hy ook sy diensbaarheid aan die gemeenskap."

Ook in die vooruitsig is 'n MTh in Missionêre Transformasie (en 'n diploma wat daartoe toegang gee) wat deur Ekklesia en die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie aangebied sal word. ■

- **Kontak me Chrisna van der Merwe by cmer@sun.ac.za of 021 808 3624.**

# Soos 'n feniks uit die as:
## Spesie uit 1827 herontdek



'n Plantspesie wat slegs een maal vantevore, in 1827, op Paarlberg opgemerk is, is herontdek. Dié spesie, Argyrolobium angustissimum (E. Mey.) T.J. Edwards, word in die pas uitgereikte en bygewerkte Rooidatalys as "krities bedreig en moontlik uitgestorwe" aangedui. Geen Suid-Afrikaanse herbarium bevat enige materiaal van hierdie spesie nie, aangesien alle eksemplare wat Johann Frantz Drège op 26 November 1827 versamel het in Europese en Amerikaanse herbaria beland het.

Die herontdekking volg op 'n soektog na dié ontwykende spesie deur lede van die Tygerbergse tak van CREW ("Custodians of Rare and Endangered Wildflowers") laat in November 2009. Karen Marais, 'n magisterstudent in Bewaringsekologie en een van die spanlede, het sedert die Paarlbergbrand in Maart 2009 gereelde opnames in die Paarlbergnatuurreservaat onderneem. Sy was behoorlik oorstelp van vreugde toe sy en die CREW-span 'n Argyrolobium-spesie teëkom wat met Drège se beskrywing van A. angustissimum strook.

Die span het eksemplare versamel en vars en gedroogde materiaal vir identifikasie na die Compton-herbarium in Kaapstad gestuur, waar Stephen Boatright hul vermoedens bevestig het: die plant is inderdaad A. angustissimum! Die spesie het waarskynlik deur die jare met behulp van sy ondergrondse bergingsorgane ongesiens oorleef, totdat die onlangse brande hierdie geheimsinnige juweel die nodige ruimte gebied het om 'uit die as te verrys'.

Karen Marais behoort aan 'n span wat saamwerk om nabrand-ekologie in fynbos te bestudeer. Ander lede van dié span, wat deur die Mellon-stigting en die Nasionale Navorsingstigting gefinansier word, is Brandon Pratt en Anna Jacobsen van die Staats-universiteit van Kalifornië (VSA), en Karen Esler en Shayne Jacobs van die Universiteit Stellenbosch se Departement Bewarings-ekologie en Entomologie (Suid-Afrika). Die span fokus veral op die ekologie en ekofisiologie van spesies wat ná brande verskyn in die Kaliforniese dwergeikebos en die Suid-Afrikaanse Fynbos . Die doel is om uiteindelik die patrone van voortbestaan van hierdie belangrike funksionele plantegroep te kan voorspel, en sodoende die potensiële gevolge van klimaatsverandering beter te begryp. ■

# Australian university
## honours Stellenbosch meat scientist



Prof Louw Hoffman, a top meat scientist at Stellenbosch University, is the 2010 recipient of the prestigious Hector and Andrew Stewart Memorial lecture, part of a lecture series at the University of Western Australia in Perth. He delivered a public lecture there recently on Game: more than just meat.

Hoffman, of the Department of Animal Science in the Faculty of AgriSciences, is recognised as a world leader in his field of research, exotic meats. As a Stellenbosch academic he has been actively involved in the training of postgraduate students and in research with a strong influence on factors influencing the meat quality of exotic game and ostrich meat. He has published over 125 internationally peer reviewed papers and has received numerous awards for his research contributions.

Game meat exports to Europe from both South Africa and Namibia have increased steadily over the past number of years. Hoffman's lecture in Perth explored the possible reasons for this increase as well as the consequences on wildlife numbers in these two countries.


Game numbers have increased because most producers follow a holistic production and marketing strategy that include non-consumptive as well as consumptive use. Non-consumptive use includes photographic safaris and consumptive use includes the selling of live animals, trophy and local hunting as well as commercial harvesting. Threats to this industry formed part of Hoffman's lecture. ■

Game numbers have increased because most producers follow a holistic production and marketing strategy that include non-consumptive as well as consumptive use.





# Stellenbosch boys
## go a long way for water




Photography: Cobus Botes






**Muddy roads, corrupt police officials, man-sized potholes and black market moneychangers were all part of two Matie alumni's 10 000 km motorcycle adventure to promote awareness of the status of water research in Southern Africa.**



**The NEPAD Water Centres of Excellence Initiative was launched in 2009 to expand and strengthen expertise in water research at various universities in the SADC region. The initiative, coordinated by SU, is supported by the South African Department of Science and Technology and the European Commission. www.nepadwatercoe.org**

"It was quite nerve-racking to travel in the dark on Africa's roads, especially if you don't know where you'll be staying that night!" recalls Altus Jacobs (29) of the trip undertaken through Southern Africa by himself and Dagbreek old boy Cobus Botes (31). The two men travelled through Botswana, Zambia, Malawi, Mozambique and Swaziland to raise awareness of the role water plays in sustainable development.

Altus, a former Huis Visser resident who now works for an international tobacco company, and Cobus, whose task it was to photograph the journey for a planned coffee-table book, says they often travelled into the night because they were pressed for time.

"Wow, Africa is so beautiful and there is so much emotion," says Cobus, who is a director of a well-known photographic company. "I don't think one could ever take enough photos."

The object of their 20-day journey was to create awareness of the status of water in the Southern African Development Community (SADC), as well as of the NEPAD (New Partnership for Africa's Development) Water Centres of Excellence (CoE) Initiative, of which Stellenbosch University is the coordinator.

The idea for the trip was the involvement of Cobus's wife, Dr Marelize Botes, who is a member of the NEPAD CoE Water Initiative Secretariat along with Dr Michéle de Kwaadsteniet. They are both also postdoctoral associates in the Department of Microbiology at Stellenbosch University and conducts water purification research.

The two bikers visited Water Centres of Excellence at the universities of Botswana, Zambia and Malawi, as well as at the Eduardo Mondlane University in Mozambique and they were enthusiastically welcomed by the researchers and students.

They also shared their knowledge of fundamental water treatment technology with local communities and collected entries for a drawing competition at schools in Lusaka and Maputo.

"It was really fun to be able to share our bit of knowledge with the learners," says Cobus. In Lusaka the school children gave up a day of their holiday to meet them. "It's just so sad that already at primary school level they realise that something should be done about the control of their water resources, but that they feel powerless to do anything about it."

Altus adds: "The children are, after all, the future of a country. They could bring about positive change in the future, especially in the way water is used." ■



Prof Steven Chown during a recent research trip to the Arctic island of Svalbard, north of Norway
(Photo Charlene Janion)

# CIB LEADER RECEIVES TOP ANTARCTIC PRIZE

**Invasion biologist Prof Steven Chown received the first Martha T. Muse Prize at the 4th International Polar Year Conference held in Norway, in recognition of his outstanding work in science, policy and conservation in Antarctica.**

The prize, worth about R750 000 ($100 000), is supported by the Tinker Foundation and administered by the Scientific Committee on Antarctic Research (SCAR).


Prof Chown, director of the DST-NRF Centre of Excellence for Invasion Biology and professor in the Stellenbosch University Department of Botany and Zoology, is recognised as a world leader in his field and as a respected advisor to the Antarctic Treaty System.

In his Prize lecture, Prof Chown focused on how changes in the global system influence the Antarctic region, and vice versa. He made specific reference of the impact of invasive species and climate change on Marion Island in the sub-Antarctic, where he has done much of his research.

"On Marion Island, the average temperature has increased by 1.5 degrees over the past fifty to sixty years, and the annual precipitation has decreased by 600 millimetres," he said. He showed photographs from the 1960s and compared them to photographs taken in 2009, illustrating a major change in the island's climate and biodiversity.

Alongside the changes in the global climate, the world has witnessed a dramatic increase in biological invasions over the past fifty years.

The Antarctic is a very special place, being free for the most part from invasive species at most sites due to the absence of human interventions. "However, we find more and more alien species on the sub-Antarctic islands," he said about the influence of tourism and scientific visits to the icy continent. ■



Me Sonia Woudberg

Prof Stephan Wagner

# JONG SYFER-NAVORSERS STYG UIT

**Twee jong navorsers verbonde aan die Departement Wiskundige Wetenskappe, prof Stephan Wagner en me Sonia Woudberg, het besonderse prestasies op hul onderskeie gebiede van wiskunde en toegepaste wiskunde behaal.**

Prof Wagner is die ontvanger van die Meiring Naude-medalje van die Royal Society of South Africa, wat die prestasies van navorsers jonger as 35 jaar erken.

Dié 27-jarige wiskundige spog reeds met 'n uitsonderlike publikasierekord op onder meer die gebied van getalleteorie, en is sedert die begin van die jaar as medeprofessor in die Departement aangestel.

Toegepaste wiskunde-dosent me Sonia Woudberg is een van slegs twee Suid-Afrikaners wat die eerste L'Oréal en UNESCO-streeksbeurs vir Vroue in Wetenskap in Afrika suid van die Sahara van die L'Oreal-stigting ontvang het.

Dié glansbeurs van nagenoeg R145 000 gee haar kans om haar doktorale studies onder leiding van US-professor Prieur du Plessis te voltooi. Sy is deel van 'n navorsingsgroep in vloeimodellering in die Departement Wiskundige Wetenskappe: Afdeling Toegepaste Wiskunde, wat gevorderde gerekenariseerde wiskundige modelle en vergelykings gebruik om te voorspel hoe vloeibare stowwe en gasse soos water, wind en olie deur poreuse materiale soos rotsbeddings, geboue, koraalriwwe, geweefde materiaal en sand vloei. ■



**"OMDAT ONS ONS NIE MEER 'N WÊRELD SONDER REKENAARS EN SLIM TEGNOLOGIE KAN VOORSTEL NIE, IS REKENAARWETENSKAP EN PROGRAMMATUUR-ONTWIKKELING 'N BAIE UITDAGENDE LOOPBAAN MET GEWELDIG BAIE BEROEPSMOONTLIKHEDE," SKRYF ENGELA DUVENAGE.**




# MA, EK WIL REKENAARWETENSKAP STUDEER

Om rekenaarspeletjies te speel, is lankal nie meer net 'n luilekker tydverdryf nie, maar kan ook vir terapiedoeleindes in die klaskamer ingespan word.

Neem byvoorbeeld Myoushu, 'n spel-enjin wat oud-Matie Morné Chamberlain vir terapiedoeleindes in uid-Afrikaanse omstandighede ontwerp het (onder leiding van prof Lynette van Zijl). Dit het ontwikkelaars van opvoedkundige speletjies aan die praat.

'n Spel-enjin ("game engine") is die programmatuur wat in die agtergrond tussen die die rekenaar se bedryfstelsel en 'n rekenaarspeletjie hardloop, en dit inkorporeer aspekte van grafika en rekenaarspel-programmering.

Morné se stelsel is klein en kompak en dit kan maklik saam met eenvoudige rekenaarspeletjies waardeur spesifieke vaardighede aangeleer of geoefen kan word, gebruik word. 'n Databasis in die agtergrond hou volledig rekord van presies hoe 'n kind 'n speletjie voltooi, sodat terapeute of onderwysers agterna weer na sessies kan kyk en dit kan ontleed om te sien hoe leerders met spesifieke vaardighede en instruksies vorder.

Myoushu word tans met sukses ingespan deur 'n privaatskool in Somerset-Wes ten opsigte van leerders met spesifieke outisme-verwante leerprobleme.

Morné, wat met Myoushu die US-medalje vir die beste meestersgraad gelewer in 2009 in die Fakulteit Natuurwetenskappe verwerf het, werk tans vir 'n Kaapse maatskappy wat spesiale effekte vir veral die filmbedryf vervaardig.

Vir die leek klink die veld waarin Morné hom tans bevind dalk wesenlik verskillend van die nagraadse studieveld waarin hy gespesialiseer het.

"Tog nie," vertel prof Willem Visser, afdelingshoof vir Rekenaarwetenskap aan die US Departement Wiskundige Wetenskappe. "Albei gebruik die basiese beginsels van programmatuurontwikkeling.

"Omdat die beginsels waarvolgens spesifieke ontwikkelingswerk gedoen word dieselfde bly, is dit eintlik betreklik maklik vir ons oudstudente om binne sektore rond te beweeg," sê prof Visser, wat vir die Amerikaanse ruimte-agentskap NASA gewerk het voordat hy onlangs die akademie betree het.

> Programmering is een van die bes betaalde intree-vlakberoepe

"Ons moet vindingryke oplossings vind vir konkrete probleme wat die funksionering verbeter van die bankwese, die finansiële of kommersiële sektor, die telekommunikasiebedryf, die regering of die vermaaklikheidsindustrie, noem maar op," gaan prof Visser voort. "Vir een maatskappy moet jy 'n databasis ontwikkel wat aandeelpryse vinnig analiseer, terwyl 'n ander een weer 'n beheerstelsel vir sy speelgoedtreintjies wil hê, hoëtegnologie-afluisterapparaat of 'n argiefstelsel vir koerantknipsels."

Programmering is een van die bes betaalde intree-vlakberoepe, en daar is legio bevorderings-moontlikhede.

'n Onlangse Amerikaanse studie deur www.CareerCast.com het ook rekenaarverwante beroepe soos programmatuuringenieurwese, rekenaar-programontleding, industriële ingenieurswese, web-ontwikkeling en ruimte-tegnikus onder die wêreld se twintig beste beroepe gelys.

"Ons kan nie voorbly met die lewering van afgestudeerde studente nie, want elke aspek van ons lewe word deesdae op een of ander manier deur rekenaartegnologie gedryf," vertel prof Visser. "Van ons oudstudente werk in velde soos databasisontwikkeling vir selfoonmaatskappye en banke, hoëtegnologie-sekuriteitsmaatskappye, die wapen- en vervoerindustrieë of die ingenieursektore.

"Die rekenaarbedryf is van die min wat gedurende die afgelope ekonomiese resessie gegroei het," vertel prof Visser. ■

- **Aan die Universiteit Stellenbosch is Rekenaarwetenskap een van die fokusgebiede wat gevolg kan word as deel van die BSc Wiskundige Wetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Rekenaarwetenskap is ook deel van die graad BIng Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.**

### MATIES IS REKENAAR-FUNDI'S

Matie-Rekenaarwetenskapstudente het die tweede jaar agtereenvolgens die Standard Bank IT-uitdaging ("IT Challenge") in Johannesburg gewen, en daarmee onder meer spanne van Ikeys en UKZN geklop.

Die Matiespan, bestaande uit Ingenieurswesestudente Ralf Kistner, Dirk-B Coetzee, Melissa Munnik en Reuben Joorst, se probleemoplossingsvaardighede is in die proses goed getoets.

Ralf het ook die Google CodeJam Africa-kompetisie gewen, en het eers in die voorlaaste ronde van die wêreldwye kompetisie uitgeval. Slegs 25 deelnemers het tot die finaal, wat in Dublin gehou is, deurgedring.



## INTERNATIONAL AWARD FOR YOUNG RESEARCHER

Research done by Dr Bonginkosi Chiliza of the Stellenbosch University's Department of Psychiatry at the Stikland hospital, found that young schizophrenic patients who are not responding well to treatment are likely to have abused tik (methamphetamine).

The study of the impact of tik use in first psychosis patients is expected to be completed next year.

The research conducted by Dr Chiliza of the SU Department of Psychiatry on first episode schizophrenia, particularly factors that influence outcome, psychopharmacology, and language access in mental health services, recently received recognition from the *Collegium Internationale Neuro-Psychopharmacologicum* (CINP).

Dedicated to neuro-psychopharmacology, this international organization presented Chiliza with its Rafaelsen Young Investigators Award at a research congress in Hong Kong recently. He was among ten winners from countries such as Ireland, the UK, Canada, Korea, Estonia, the United States, India and China.

Chiliza has received numerous awards for his research, and has co-authored a number of peer reviewed articles. He is currently completing his doctorate under the supervision of Prof Robin Emsley, head of the Department of Psychiatry on the Tygerberg Campus. ■

'n Program om hoë risiko seksuele gedrag onder tieners te verminder en reproduktiewe gesondheid te bevorder, *Today's Choices*, is onlangs deur Unesco, die Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele organisasie van die VN, aangewys as die enigste kurrikulum-gebaseerde seksonderrigprogram in Suider-Afrika.


Dr Petrus Steyn

## US-PROGRAMME VIR KWESBARE TIENERS GENIET WYE AANSIEN

Dr Petrus Steyn, hoof van die Gesinsbeplanningseenheid in die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe, het die program in samewerking met die Nederlands-gebaseerde organisasie, *World Population Foundation* (WPF), en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement saamgestel.

Die program is ook ingesluit in 'n bibliografiese gids van die mees voortreflike seksonderrigkurrikula van regoor die wêreld wat in Desember deur Unesco uitgegee is.

Dr Steyn sê Suid-Afrikaanse tieners is oor die algemeen goed ingelig oor die oorsake en gevolge van MIV/Vigs en ander seksueel-oordraagbare siektes, maar dat hierdie kennis nie noodwendig tot gedragsverandering lei nie. Inteendeel, sê dr Steyn, die ekonomiese en sosio-kulturele druk wat die seksuele gedrag van tieners beïnvloed, is steeds uitermate hoog en daar is aanduidings dat dit in die armste gemeenskappe toeneem.

Hoewel die program vir gebruik in Wes-Kaapse skole ontwikkel is, het dit gou inslag in ander provinsies gevind en kry die program elders in Afrika en selfs internasionaal erkenning.

Dr Steyn het die programinhoud oorspronklik in die vorm van 'n interaktiewe DVD saamgestel, maar dit is mettertyd uitgebrei tot 'n volledige leefstyl-oriënteringspakket wat ook gidse vir opvoeders, werkboeke vir leerders en 'n video vir ouers insluit.

Meer as drie miljoen van hierdie pakkette is tans landwyd in omloop en word selfs gebruik as basis van die Lewensoriënteringkurrikulum vir die grade 10-12 in die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal, Noord- en Oos-Kaap en Limpopo. Dit is ook in Frans vertaal vir gebruik deur lande in Wes-Afrika.

Die program bevorder onafhanklikheid, die bou van verhoudings, besluitneming ten opsigte van seksualiteit en onderhandelde seksuele aktiwiteit binne intieme verhoudings, sê dr Steyn. Dit raak kwessies soos die voorkoming van ongewenste swangerskappe en seksueel-oordraagbare siektes soos MIV aan.

Volgens Steyn sal 'n skenking van die *DoCare* Stigting, 'n Nederlandse organisasie wat seksonderrig in Afrika ondersteun gebruik word vir die ontwerp van 'n scenario-boekie wat deel sal vorm van die *Today's Choices*-pakket.

Ander programme, wat by *Today's Choices* aansluit, is 'n landwye noodlyn vir die bevordering van noodkontrasepsie onder jongmense en *move 1524*, 'n lewensvaardigheidsprogram wat veral dans gebruik om seksuele gedragsverandering onder die jeug aan te moedig. ■




Veldwerkers speel 'n belangrike rol in die verspreiding en insameling van inligting oor voedselsekerheid in landelike gebiede

# 'n Toekoms in voedselsekerheid

Voedselsekerheid spreek nie net hongerte en wanvoeding in gemeenskappe aan nie maar dit dra ook by tot moeder-gesondheid, die oorlewing van babas en kinders, opvoeding en die posisie van die vrou in 'n gemeenskap.

Só sê prof Milla McLachlan, 'n voedingkundige en kenner op die gebied van voedselsekerheid, wat onlangs in die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Menslike Voeding in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangestel is.

McLachlan staan aan die hoof van die Voedingsafdeling se komponent van die US se Voedselsekerheid-inisiatief. Die oorhoofse fokus van McLachlan se Voedselsekerheidprojek is om groter begrip te bewerkstellig vir plaaslike toestande wat bydra tot voortslepende wanvoeding, en om beleids- en program-innovasies wat kan bydra tot voedselsekerheid in landelike gemeenskappe te toets.

Die projek fokus op veral landelike gebiede van die oostelike Wynlandstreek en Overberg in die Wes-Kaap en dit word in samewerking met die Ukwanda Sentrum vir Landelike Gesondheid, bedryf.

Prof McLachlan sê dat voedselsekerheid sentraal staan tot bykans al die VN se millenniumontwikkelingsdoelwitte en dus nie nét hongerte en wanvoeding aanspreek nie.

Volgens haar is daar byvoorbeeld 'n intieme verhouding tussen voedsel-sekerheid en die omgewing. "As ons nie kan dink aan maniere waarop ons voedsel kan produseer sonder om skade aan die planeet te doen nie, dan gaan dit nie moontlik wees om op die langtermyn 'n volhoubare voedselstelsel in stand te hou nie," verduidelik MchLachlan.

Die navorsing wat beoog word, kan bydra tot die ontwikkeling van plaaslike modelle om die uitdagings van voedsel-sekuriteit aan te spreek. Aanbevelings oor beleidsverandering op nasionale, distriks- en munisipale vlakke sal hieruit vloei, sowel as gepaste vorms van internasionale samewerking om stelseltransformasie mee te bring.

Die span hoop om hul werksaamhede uit te brei na landelike gemeenskappe in die Oos-Kaapse Wildekus.

"Deur samewerking met die universiteite van Oslo en Akershus in Noorweë, sowel as Kyambago en Makarere in Uganda beplan ons om die voedselsekerheid-inisiatief ook na Afrikalande uit te brei as deel van die "NOMA - Nutrition, Human Rights and Governance - toekenning deur Noorweë vir nagraadse studies," sê McLachlan. ■


Prof Quinette Louw and Sjan-Mari van Niekerk (Clinic Manager) analysing a volunteer for the new data base of norms of the new Physiotherapy and Motion Analysis Clinic.

## NEW CLINIC STUDIES MOVEMENT PROBLEMS IN 3D

A sophisticated new clinic, equipped with technology to analyse body motion and diagnose sports, postural, occupational, neurological and ergonomic problems in children and adults, opened at Stellenbosch University's Tygerberg Campus earlier this year.

Established and operated by the Physiotherapy division of the Faculty of Health Sciences, the clinic is equipped with cutting-edge biomechanical technology. This includes a six camera system, synchronized with a forceplate that enables three dimensional analyses of body movements. Apart from its diagnostic functions, the system can also be used to prevent injury and rehabilitate functional movement.

The new clinic also boasts emerging new technologies such as Virtual Reality (VR) for pain and rehabilitation, a fully equipped rehabilitation area as well as physiotherapy consultation rooms. Since its opening in February, the clinic has played a central role in research projects focusing on movement-related problems that are relevant within the South African context. ■

- **Contact tel 021 938 9667 or send an e-mail to jennyduplooy@sun.ac.za for more information.**






## ENGINEERING LABORATORY LEADS IN UNMANNED-VEHICLES RESEARCH

# TOYING IS SERIOUS BUSINESS

**Prof Thomas Jones beams with enthusiasm about an array of small, model aircraft, a shining metre-high model helicopter and a new quad bike in a Stellenbosch University (SU) engineering workshop.**

Playthings? No, actually, part of research projects by Prof Jones, his colleagues and a number of postgraduate students – research that could improve fields ranging from agriculture and forestry to safer passenger aircraft, the safeguarding of airports and harbours or the protection of marine resources.

In the University's Engineering Systems Laboratory (ESL), they tackle projects such as automation systems for unmanned helicopters and fixed-wing aircraft, unmanned land and underwater vehicles and an array of research projects involving commercial airliners.

One ESL project – a multi-pronged attack on hunger – involves SU researchers in Health Sciences, AgriSciences and Social Sciences developing an unmanned aircraft that will be less risky and enable farmers to monitor their crops, pasturage, vineyards and orchards more closely and cost-effectively than by hiring helicopters or small aircrafts for up to R8 000 an hour to view or take photos of crops, pasturage or dams.

A similar project could help to control the poaching of abalone and other marine resources. Unmanned underwater vehicles could help to safeguard harbours from explosive devices.

In forestry and farming, unmanned vehicles have a variety of uses, such as lessening the impact of heavy vehicles. Research is being done on programming unmanned vehicles to identify, cut and collect logs in a plantation or to use electronics for ploughing or harvesting more effectively on farms. The ESL's quad bike is such an unmanned research vehicle to be operated electronically from a distance.

For Prof Jones, collaboration is essential to all his research projects. "Most high-value contributions are made through multidisciplinary teams," he says.

The ESL, one of the biggest laboratories of its kind in the world and the largest in Africa, accommodates some 50 postgraduate students every year, including a number of black and female students. The laboratory also offers various school programmes to stimulate interest in science and technology.

The laboratory has developed the autopilot for a prototype modular unmanned air vehicle of the Council for Scientific and Industrial Research. This air vehicle may support a wide range of projects, such as variable aircraft stability, sense-and-avoid technologies, autopilot algorithm development and non-linear flight control.

ESL airline research includes a seven-year contract with Airbus, signed in 2007 and involving several South African partners. Prof Jones also leads a strong research and applied-engineering drive on flight certification and the regulation of unmanned craft.

The theme of Prof Jones's PhD work, completed between 1999 and 2003 at the famous Massachusetts Institute of Technology (MIT) in the USA, was conflict detection and avoidance systems for aircraft, making airspace safer. One laboratory that he worked in was a partner for the famous Apollo space programme.

The ESL collaborates with local partners, such as the universities of the Witwatersrand and Cape Town, the Cape Peninsula University of Technology, and a number of government and private South African partners. International partners include MIT as well as universities and other institutions in Europe and the UK, including Airbus centres of competence in France and the UK.

"What excites me most is research that finds industry relevance," says Prof Jones. For a number of years now, SU has contributed significantly to the multibillion-rand South African aviation industry, with capabilities that include the manufacturing of commercial helicopters. ■



# Y SLIKE AVONTUUR IN ANTARKTIKA



**Vier "pioniers" van die Fakulteit Ingenieurswese – Ivan Hobbs, Johan Stander, Johannes Potgieter en Adriaan Lombard – het in Januarie die eerste van drie Stellenbosch-ontwerpte windturbines by die Suid-Afrikaanse basis in Antarktika (SANAE IV) gaan installeer.**



Die turbines maak deel uit van 'n navorsingsprojek van prof Maarten Kamper wat deur die Nasionale Navorsingstigting en die Suid-Afrika Nasionale Antarktika-program befonds word en waarin daar onder meer ondersoek ingestel word na die benutting van windenergie op die basis vir kragvoorsiening vir die SANAE-netwerk.

'n Klein toetsmodel is reeds tydens die 2007/08-oorname op die proef gestel en in 2009 is begin met die bou van die eerste windturbine. Die uiteindelike doel is om drie windturbines met ongeveer 45 tot 60 kW gesamentlike kapasiteit by die basis op te rig.

Om by die basis uit te kom, moes die span twee en 'n half weke per skip saam met 90 ander passasiers en 30 bemanningslede reis.

"Aanvanklik voel dit soos 'n vakansie, maar later raak jy moeg en verveeld. Gemmerbier en handevol seesiekpilletjies het darem die geskommel draaglik gemaak," vertel Johannes Potgieter van dié reis.

Wanneer 'n mens die Poolsirkel vir die eerste maal kruis, volg daar 'n ysige inisiasie waartydens nuwelinge "toestemming" van koning Neptunus moet vra om daar te wees – gevolg deur 'n verfrissende onderdompeling in yswater!

Op die basis moes die span eers 'n gat in die sneeu grawe om soliede rots te bereik waarna gate geboor is om die fondasieplaat, waarop die toring staan, op te rig. Daarna het die generator en omhulsel, die lemme, die kabels en bedrading gevolg.

Ná voltooiing het die generator die eerste dag 8-10 kW vir twee uur opgewek en die tweede dag tussen 2 en 5 kW vir 45 minute. Hierna het die span teëspoed gehad met 'n elektriese fout wat die generator onklaar ge-maak het en daar was ongelukkig nie tyd om dit reg te maak voor hul na Suid-Afrika moes terugkeer nie.

Daar sal nou gekyk word of die struktuur storms met windsnelhede van tot 252 km/h op 'n hoogte van 10 m kan weerstaan. Die generator sal aan die einde van die jaar herstel word. ■

- **Meer inligting by: http//research.ee.sun.ac.za/sanap**

## NIOCAD TOPS!

**'n Jong afwentelmaatskappy van die Fakulteit Ingenieurswese, NioCAD (Edms.) Bpk., is vanjaar se wenner in die innovasie-kategorie vir opkomende ondernemings in die vooraanstaande Technology Top 100-toekennings (TT100).**



**Die dinamiese NioCAD-span.** Voor van links is prof Willem Perold (direkteur), Jan Pool (hoof- tegniese beampte), Retief Gerber (hoof- uitvoerende beampte) en dr Coenrad Fourie (direkteur), met die res van die span in die agtergrond.

NioCAD het 'n produk, NioPulse, ontwikkel wat die wêreld se eerste en enigste geïntegreerde stroombaanontwerpsagteware is wat spesifiek op ultrahoëfrekwensie supergeleierstroombane fokus. Die produk is gemik op kliënte wêreldwyd.


Die TT100-toekennings gee erkenning aan Suid-Afrikaanse rolmodelle wat tot nuwe vlakke van mededingendheid voer. NioCAD is ook aangewys as een van die drie finaliste in die kategorie vir die bestuur van personeel.

Aan die stuur is prof Willem Perold, dr Coenrad Fourie en mnr Retief Gerber. Eersgenoemde twee is direkteure van die maatskappy, maar ook dosente en navorsers in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurs-wese. Mnr Gerber, voorheen verbonde aan die Departement, is voltyds hoof-uitvoerende beampte.

"Baie universiteitslaboratoria en navorsings-maatskappye in die VSA, Europa en Asië fokus nou op supergeleier-elektronika. Hierdie instansies ontwikkel tans vierde- en vyfdegenerasie- selfoontegnologieë, radiodatatoestelle, gevorderde lughaweveiligheids-toerusting, beter radars en militêre radio's. NioCAD se NioPulse is die gereedskap wat hul produkte betroubaar sal maak, en dit vinniger op die mark sal kry," sê dr Fourie. "Sover ons weet, is daar tans geen kompetisie ten opsigte van 'n professionele, geïntegreerde pakket wat die hele ontwerpsiklus vir supergeleierstroombane vir kommersiële gebruik dek nie," het hy bygevoeg.

NioCAD is opgewig met die steun van InnovUS, die US se maatskappy verantwoordelik vir tegnologie-oordrag en die bestuur van intellektuele eiendom. ■

# End of an era



Prof Eon Smit

The highlight of his tenure was the positioning of the USB as a top global business school.

The end of an era was reached at the University of Stellenbosch Business School (USB) when Prof Eon Smit stepped down as director at the end of April after leading the school for just over 13 years.

The highlight of his tenure was the positioning of the USB as a top global business school after the academic drought of the apartheid years. To achieve this, European accreditation was sought and, in 2000, finally achieved. Among 3 500 business schools worldwide, the USB is now in a very special league of only 118 schools with European accreditation. This is perhaps Prof Smit's greatest and lasting legacy.

The privatisation of the USB's short-course provider, USB Executive Development Ltd (USB-ED), is Prof Smit's other legacy. It was the first private company providing executive education at a business school in South Africa.

Prof Smit started at the USB as a 'quant', "as they used to call someone who can add, subtract, multiply and divide," he jokes. "I'm trained as a statistician and economist. In the early 90s, as far as content was concerned, the pendulum swung in favour of the hard and the analytical. It then swung the other way - it had to, as the 'quants' were placing too much emphasis on short-term gain and too little on the environment, responsible government and the human element."

Prof Smit has, for the past 22 years, been judge of the Sake24 Economist of the Year competition. He is the brain behind the formula that determines the winners. In the business world, this formula is deemed by some to be a secret - which Prof Smit says is merely an urban legend. "Anyone can sit down and do the sums," he says.

At the age of 60 and after 23 years of working at the USB, Prof Smit plans to remain on the faculty of the USB, teaching statistics and conducting research. But, first, he plans to take a year-long sabbatical trip through the country, become a member of a wine club and take a course in Italian cooking ...

## NEW AT THE HELM

Taking over the reins as the new USB director, Prof John Powell started at the USB in May. He hails from the city of Cardiff in Wales, where he grew up on the South Wales docks. He is no stranger to South Africa and feels that Cardiff is similar to Cape Town in many ways.

"I've thought of applying for deanships in many places over the past few years but I've never found a place that I want to make a difference to more than the USB," says the naval engineer turned businessman turned academic.

Prof Powell's previous position was that of professor of Strategy and head of Marketing and Strategy at the UK's Cardiff University. After leaving this prestigious university with an MA in electrical engineering, Prof Powell joined the British defence, security and aerospace company BAE's military-aircraft division in 1979 as a systems engineer. Sixteen years later, he was the UK representative on the North Atlantic Treaty Organisation Foresight Committee and the UK focal point for NATO's cooperative study into military-technology forecasting to 2010.

Since attaining his PhD and entering the academic world, Prof Powell has, over the past four years, also presented a short MBA elective at the USB called 'Managing Knowledge for Strategic Effectiveness'. He is also a USB PhD examiner.

"The USB has terrific teaching, good resources, and industrial and academic connections across the world. My aim is not to change any of that but to strengthen the linkages between them. They need to be mobilised better to improve the relevance and impact of what the USB is doing," he says. ■



Prof John Powell

"I've never found a place that I want to make a difference to more than the USB."



# USB-ED receives Diamond Arrow Award, expands into Africa



Frik Landman - CEO of USB-ED with staff members of the Gauteng office - Heila Crous, Kumi Naidoo, Ronelle Larsen and Jim Linskey and the award received from PMR.africa

USB Executive Development Ltd (USB-ED), the executive education arm of the University of Stellenbosch Business School, received the Diamond Arrow Award earlier this year for jointly achieving the highest rated score of 4.18 out of a possible 5.00 in the PMR.africa annual survey of executive-education providers in South Africa.

PMR.africa, a business magazine, conducts this annual national survey by assessing academic institutions that offer executive education (short courses) in South Africa with the aim of celebrating excellence and setting a benchmark to which others can aspire. Institutions were rated across a range of 10 attributes, which included the application of knowledge in the workplace, leadership skills and abilities, strategic benefits for companies and the value of courses to organisations.

Mr Frik Landman, CEO, received the award on behalf of USB-ED at a business leader's award breakfast held in Johannesburg.

## EXPANSION

Unbeknown to many, for some years now, USB-ED has also presents a great number of its programmes in the hub of economic activity on the continent, Gauteng.

"Gauteng is the fastest growing market in South Africa and presents a number of opportunities for USB-ED," says Ms Willemien Law, Head of Open Programmes and Marketing at USB-ED. Very popular is the We Read for You series, in which experts analyse and summarise popular business-related books.

The focus of USB-ED, however, remains the development of tailor-made programmes for organisations in the private and public sectors.

Programmes are also presented in Namibia, Botswana and the United Arab Emirates, to name only a few countries. Recently, USB-ED extended its business-management development activities even further into Africa, with programmes to be presented in Ghana, Kenya and Zimbabwe. One of USB-ED's flagship programmes, the Management Development Programme, will also be presented in these countries. ■

- **Visit the Gauteng office of USB-ED at The Campus, Gabba Building, cnr Sloane and Main roads, Bryanston, telephone 011 460 6980 or visit www.usb-ed.com for more information.**

INVEST GROW SUCCEED

# Executive Development Programmes

**COMPREHENSIVE PROGRAMMES**
• Executive Development Programme • Senior Management Development Programme • Management Development Programme • New Managers' Development Programme

**COACHING PROGRAMMES**
• Certificate in Coaching Practice • Coaching for Performance

**FINANCIAL MANAGEMENT PROGRAMMES**
• Certificate in Development Finance • Financial Management for Non-Financial Managers

**GENERAL PROGRAMMES**
• Commercial Negotiation • Entrepreneurship • Executive Programme for Company Directors • Health Technology Assesment • Knowledge Management • Management Programme for NPOs • MBA Foundation Programme • NPO Plus Programme • Retail Management • Supply Chain Management • Wine and Tourism Management

**HUMAN RESOURCES MANAGEMENT PROGRAMMES**
• Labour Relations and Employment-related risks • Programme in Performance Management • Strategic Human Resources Leadership

**INTERNATIONAL PROGRAMMES**
• Leader Development Programme (CCL)

**LEADERSHIP PROGRAMMES**
• Authentic Leadership through the Gift of Horses
• Development of Leadership and Team Skills (POLS)

**MARKETING MANAGEMENT PROGRAMMES**
• Customer Experience Leadership • Google AdWords Introduction and Advanced • Marketing Wine Online • Online Marketing Strategy • Strategic Marketing

**PROJECT MANAGEMENT PROGRAMMES**
• Various options available

**WORKSHOPS AND MASTER CLASSES**
• Conscious Career Strategies for Women • Master Class in Designing a Deal • Master Class in Marketing • Master Class in Strategy

Contact: +27 (0)21 918 4488/4344 or info@usb-ed.com
**www.usb-ed.com**

USB Executive Development Ltd
University of Stellenbosch Business School

EFMD EQUIS ACCREDITED

Wees nou maar eerlik daaroor. Die US Woordfees ís anders as die meeste ander kunstefeeste in die land. Sommige meen dit is die kwaliteit aanbiedings, ander reken dit is juis die afwesigheid van biertente. **Melt Myburgh**, Woordkunsprojekbestuurder, meen hy het die antwoord en roep die groot kanonne as getuies in.



# DIE WOORDFEES HET 'N SJARME VAN SY EIE

Soos 'n padda manel dra, die Woordfees het 'n sjarme van sy eie wat dit laat uittroon bo die res. En dan is dit nog suksesvol ook! Vanjaar is 204 items verdeel oor 250 vertonings met sowat 47 300 besoeke. Dit het ook een van die hoogste bywoningsyfers - lokale was gemiddeld 71% beset vanjaar.

Die digter Zandra Bezuidenhout, wat reeds tien Woordfeeste agter die blad het, skryf die unieke aard van die fees toe aan die "sprankel en pols" van prof Dorothea van Zyl, die stigter en organiseerder.

"Belangrik," sê prof Dorothea, "is egter dat die Woordfees organies ontwikkel het uit 'n idee oor letterkunde, skrywers en lees se kardinale plek in die samelewing, eerder as wat dit ontstaan het uit kommersiële oorwegings of in navolging van ander feeste."

Ook het die noukeurige inagneming van verskillende teikengroepe se verwagtinge die fees sedert 2000 in 'n eie rigting gestuur. "'n Enorme voordeel hierby is dat die Woordfees kan inspeel op soveel verskillende teikengroepe: van 'n hoogs gesofistikeerde publiek wat diepgang waardeer in die program-aanbod, tot leerders, studente en die breë samelewing."

Me Martie de Lange van Sanlam (die organisasie ondersteun onder meer die Woordfees se gewilde dramafees) sluit hierby aan: "Die US Woordfees ontgin die skat van ons taal, Afrikaans, in al sy fasette - op die verhoog, in boekvorm, in sang, om die kampvuur en selfs hoe dit gestalte in die visuele kuns kry."

Die impak van die historiese karakter van Stellenbosch op die fees moet ook nie onderskat word nie. Hieroor raak Reinet Nagtegaal, skrywer en ondersteuner van die Woordfees, liries: "Ligging ligging ligging. 'n Fees op een van die mooiste kampusse in die land, maar meer nog, 'n kampus so sentraal dat elke feesganger voel asof die hele dorp spesiaal rondom die fees sentreer."

Skrywer en oudjoernalis Karin Brynard haak hierby aan: "Die ontsaglike verskeidenheid waarin die Afrikaanse woord en die storie van sy sprekers te geniete is. Dis nie boertig nie. Maar dis ook nie pretensieus, aanstellerig, optofferig of knollerig vol sooibrand-snobisme nie."

Die gewilde Annelie Botes stel dit pront: "Waarvan ek die meeste hou, is dat die Woordfees nie draai om vreet, suip, lawaaierige musiek en leeglêers nie."

Natuurlik word die Woordfees altyd effens anders en kreatief aangepak, met 'n interessante kombinasie van sprekers of kunstenaars, 'n spesifieke fokus, of die inspeel op 'n spesiale hooftema (vanjaar Baljaar! na aanleiding van die sokker). "Dis eintlik maar 'n speletjie, want die fees is al hopeloos te omvattend om by een tema te hou," sê prof Van Zyl.

"Daar word ook 'n besondere poging aangewend om die pryse bekostigbaar te hou en selfs heelwat gratis programme aan te bied. Die Woordfees is nie ingestel op winsbejag nie, maar wil 'n diens lewer en laat blyk watter prestasies Afrikaans as een van die jongste tale oplewer, terwyl lees en die omgaan met woorde terselfdertyd aandag geniet. Dit gebeur ook veral deur die Woordfees se Woorde Open Wêreldeprojek, waarmee reeds meer as 17 000 leerders uit verskillende provinsies bereik word," sê sy.

Die digter en boekhandelaar Louis Esterhuizen beskryf die US Woordfees as 'n fees "wat reg laat geskied aan die besonderse prestasie van ons letterkunde". Tesame met die Woordfeesspan se persoonlike aanslag word die letterkunde inderdaad lekkerkunde gemaak.

## EN DIE SKRYWERS SÊ

**EBEN VENTER:**



Ek kry die gevoel dat die mense wat hier na jou kom luister, Afrikaans ken en bemin soos 'n ou, ou bedmaat: al die voue en vetjies en krampe-in-die-gat en die lieflike ekstases waarvoor hulle sal lewe en lewe."

**KARIN BRYNARD, SKRYWER VAN PLAASMOORD:**
"As deurwinterde feesganger en 'n storiegek kan ek nie aan 'n beter vakansie dink as om onder die eike mossels te eet met jou voete in die sand, fantastiese wyn te geniet, waarna jy vinnig jou haas na of 'n warm polemiek, 'n goeie drama, stout kabaretvertoning, jou geliefde skrywer kan uitvra of deur 'n digter tot nadenke gestem word nie."

**BETTINA WYNGAARD, SKRYWER VAN TROOS VIR DIE GEBROKENES:**
"Woordfees is die de luxe-fees waar Afrikaanse skrywers bekend gestel word aan 'n breër gehoor!"

**REINET NAGTEGAAL, SKRYWER:**
"Die Woordfees is 'n boetiekfees: intiem, aandag aan kwaliteit met groot sensitiwiteit rakende elke die feesganger se teateraptyt. Spesiaal vir teaterpape!"




**NIËL RADEMAN, KABARETKUNSTENAAR:**
"Die US Woordfees is 'n gefokusde kunste-inisiatief, wat van die begin af geen kompromie aangegaan het om kwaliteit in te boet nie."

**PHILIP DE VOS:**
"Sonder om te slim te wil klink - ek dink die Woordfees het 'class'. En ek het geen dronkies op straat soos by die ander kunstefeeste opgemerk nie."







# LIFE IN A BUBBLE

**An academic enclave; a fool's paradise; life in a bubble. The University's Stellenbosch Campus has been called many things in the past - all referring to the idea that, in some way or another, Stellenbosch is not in touch with reality. Do Matie students really live in a bubble? Journalism student Nicole Mccain investigated.**

The end of the world is here. The earth is covered with hot flames and heavy fumes. The rising water does little to stop the heat, merely leaving islands stranded. Pests have devoured the fields, leaving millions starving. War has broken out over the few resources left. Death is everywhere.

And, just outside Stellenbosch, the Four Horsemen of the Apocalypse stand, perplexedly poking what appears to be a large bubble.

Now, if War had studied political science or Death had studied human life sciences at Stellenbosch University, they would know that this is the Stellenbosch Bubble. They would also know that the Bubble represents the idea that the students seldom know anything about what happens outside of Stellenbosch. And, most importantly, War and Death would know that nothing gets in.

As my journalistic ethics dictate, I attempted to test the Bubble from the inside. I hit the Rooiplein with a survey and a reasonably easy general-knowledge quiz - and the majority of the students whom I spoke to said that the Stellenbosch Bubble really does exist.

According to Elske Joubert (22), an MPhil student in document analysis and design, and her friends, the Bubble exists because the students have everything that they need right here in Stellenbosch. Joubert was shocked at her results in the general-knowledge test: "[It] was an eye opener! I didn't know anything!"

MSc Biochemistry student Amanda Dodd (23) also thinks that the Bubble is alive and well in Stellenbosch. "When I go home to Jo'burg, it's like a different world." The average mark for the general-knowledge quiz was 57% and Dodd says that this is because the University caters for residence students and that there are no TVs to watch news on. She also says that students seldom have money to spend on newspapers.

The belief in a Bubble was supported by Prof Lizette Rabe of the Department of Journalism. She says that the students should try to counteract the Bubble by finding out what the real world is like. According to Rabe, "Stellenbosch is far removed from South Africa's realities and ... students should expose themselves more to these realities. Just by getting involved in community service in Kayamandi will already open their eyes to what life and challenges are about for the majority of our fellow-citizens."

However, a few of the students whom I spoke to think that there is no Bubble because the students have access to the internet and newspapers. The Department of Psychology's Dr Desmond Painter also disagrees with the idea that there is a Bubble. Painter says, "I don't mean to say that the students are informed - or curious - enough but I don't think that the situation is necessarily worse in Stellenbosch than it is at other universities. There are always many students who are not that interested in the world beyond the narrow confines of their daily lives and experiences. But there are also many students who are very, very interested in the world beyond Stellenbosch."


Rabe agrees that bubbles are not localised to Stellenbosch. "Young people by nature are (still) more self-centred and will really only incorporate external factors at a later age ... But I think that it's part of life's journey to start at the self and that is where students are - so [the Bubble is] not a particular Stellenbosch phenomenon but possibly worse here because of our paradise with the mountains, Bacchus and all other kinds of pleasures. And, in other ways, a good place to start life's journey."

Stellenbosch, along with other university towns, might also be a good place to end one's journey. Until the Horsemen of the Apocalypse start carrying pins, that is.

**What do you think? Write to us at media@sun.ac.za or visit *Matieland's* Facebook page.**

# BOEKE

Akademici aan die Universiteit was flink aan die skryf die afgelope paar maande. *Matieland* kyk na 'n paar van die boeke wat verskyn het.



### FOCUS ON FIRST-YEAR SUCCESS: PERSPECTIVES ON SOUTH AFRICA AND BEYOND

**Redakteurs: Brenda Leibowitz, Antoinette van der Merwe and Susan van Schalkwyk**

In opvolg op die sukses van die 1st Southern African Conference on the First-year Experience wat in 2008 deur die Universiteit Stellenbosch se Eerstejaarsakademie gehou is, vat hierdie publikasie die sleuteltemas en -kwessies wat by die konferensie ter sprake gekom het, saam.

Die redakteurs het verskillende temas ingesluit, beide plaaslik en internasionaal, wat prof David Gosling (Plymouth University) beskryf as 'a scholarly, engaging and illuminating text that is relevant not only in the context of South Africa, but for anyone interested in student learning in the first year of university education'.

Met hierdie publikasie neem die Universiteit die leidende rol om die debat oor eerstejaarskwessies in die openbare domein te plaas.

Dr Leibowitz is die Direkteur: Sentrum van Onderrig en Leer (SOL), dr Susan van Schalkwyk: Adjunkdirekteur: SOL en Hoof van die Eerstejaarsakademie en dr Van der Merwe, Direkteur: Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste.

- Dr Susan van Schalkwyk, 021 808 3751, scvs@sun.ac.za. Uitgegee deur SunMedia.



### HIGHER EDUCATION IN SOUTH AFRICA: A SCHOLARLY LOOK BEHIND THE SCENES

**Redakteur: Eli Bitzer, Direkteur: Sentrum vir Hoër en Volwassene Onderwys in die Fakulteit Opvoedkunde**


Die boek verskaf 'n wetenskaplike blik 'agter die skerms' in die wêreld van akademiese werk oor hoër onderwys - veral in Suid-Afrika, waar die terrein van studie en navorsing oor hoër onderwys grootliks onderontwikkeld is.

Die boek poog ook om perspektiewe, temas en aangeleenthede onder die loep te neem wat hoëronderwysinstellings kenmerk en vorm binne 'n veranderende hoëronderwysstelsel.

Die wetenskaplike werk van 23 gesoute en minder gesoute hoëronderwyskundiges word in die boek byeengebring - een van die unieke kenmerke van dié publikasie.

Die boek dien as 'n uitstekende bron vir beide navorsers en dosente in hoër onderwys.

- Prof Eli Bitzer, 021 808 229, emb2@sun.ac.za. Uitgegee deur SunMedia.



### SOCIO-ECONOMIC RIGHTS ADJUDICATION UNDER A TRANSFORMATIVE CONSTITUTION

**Prof Sandra Liebenberg**

Drawing on a wide range of interdisciplinary resources, this scholarly work provides an in-depth and thorough analysis of the socio-economic rights jurisprudence of the newly democratic South Africa.

Authored by Professor Sandra Liebenberg, an internationally recognised scholar and holder of the HF Oppenheimer Chair in Human Rights Law in the Faculty of Law, the book explores how the judicial interpretation and enforcement of socio-economic rights can be more responsive to the conditions of systemic poverty and inequality characterising South African society. Based on meticulous research, the work marries legal analysis with perspectives from political philosophy and democratic theory. Cautioning against a traditional, formalistic conception of rights and the separation of powers doctrine, the author develops a nuanced conception of substantive reasonableness review in the context of socio-economic rights. She further argues for a reconstruction of private law doctrines in the light of the normative purposes and values promoted by socio-economic rights.

- Juta Customer Services, 021 659 2300, cserv@juta.co.za. Published by Juta.

### EQUALITY IN THE WORK PLACE: REFLECTIONS FROM SOUTH AFRICA AND BEYOND

**Editors: Prof Ockert Dupper and Mr Christoph Garbers**


*Equality in the Work place: Reflections from South Africa and Beyond*, edited by Prof Ockert Dupper and Mr Christoph Garbers of the Department of Mercantile Law, is aimed at practicing lawyers, academics and other specialists interested in the issue of equality, in particular equality in the workplace. It contains contributions from eminent international experts in the field as well as from academics and practitioners in South Africa.

Contributions to the book were originally presented at a conference in September 2008 which prominent international and local experts attended. These included Professor Sir Bob Hepple as well as professors Sandra Fredman (Oxford University), Manfred Weiss from Germany, Judy Fudge from Canada, Kamala Sankaran from India, Catherine Albertyn (Witwatersrand University), Paul Benjamin (Cape Town) and Charles Ngwena (Free State).

- Prof Ocker Dupper, 021 808 3181, ocd@sun.ac.za



Prof Ockert Dupper, Justice Kate O'Regan, Professor Sir Bob Hepple and Mr Christoph Garbers



### EMOTIONAL TIES TO DISABILITY STUDIES LEAD TO NEW BOOK

"Funny, intriguing, quirky and informative - never dull or academic." This is how South African author Mike Nicol describes Prof Leslie Swartz's new book *Able-bodied: Scenes from a curious life.* This memoir tells the story of "how being the son of a disabled man and the product of an eccentric family" led to a passion for disability studies.

Prof Swartz, a clinical psychologist and professor of psychology, is one of South Africa's leading academics in disability studies. "The book is about my relationship with my father, but also my background. It tries to bridge the gap between the personal, the political and the academic in a way that makes key issues accessible to a large audience," explains Leslie.

"With this book I've tried to change the way that people see disability and experience disability in their lives. It's also about what taking disability seriously means for a democratic society. I've tried to do this in an entertaining, often humorous and interesting way."

The book, he says, was therefore also about declaring his own subjectivity when it comes to his field of study. "The enormous emotional investment for people who engage in disability studies is often unacknowledged. Through this book, I talk directly about my emotional investment in disability studies, which affect me as much as it affects other researchers."

- Zebra Press, 021 462 4360, www.randomstruik.co.za







# WEES BETROKKE BY DIE KONVOKASIE

**DEUR PROF PIETER KAPP, PRESIDENT VAN DIE KONVOKASIE**

Konvokasies is gevestigde tradisionele instellings by die meeste Westerse universiteite. Dit is dan ook te begrype dat, toe die eerste universiteite in Suid-Afrika tot stand gekom het - die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Stellenbosch - daar vir elkeen kragtens sy statuut 'n konvokasie as statutêre liggaam ingestel is.


'n Universiteit is 'n plek waar grade toegeken word. As 'n universiteit trots is op die produkte wat hy lewer en hulle is trots op die onderrig wat hulle ontvang het, is dit logies dat 'n verteenwoordigende liggaam van die gegradueerdes met entoesiasme 'n bydrae tot die ontwikkeling en karakter van hul alma mater sal wil lewer. Die universiteite op hulle beurt verleen bepaalde magte en bevoegdhede aan hul konvokasies om juis daardie bydrae ten beste te benut.


Die universiteite in die VSA is waarskynlik die beste voorbeeld van die aktiewe wedersydse dialoog tussen hulle konvokasielede en die universiteitsbestuur. Hulle is ook die beste voorbeeld van die aktiewe rol wat konvokasies speel om gegradueerdes by hul universiteite betrokke te laat voel.

In die geval van Stellenbosch is die betrokkenheid van sy gegradueerdes by die wel en wee van die Universiteit veel ouer as die stigting van die Universiteit deur wetgewing in 1916 en die amptelike ontstaan van die Universiteit in 1918. Sonder die rol van sy afgestudeerdes sou die belangrike ontwikkelingsplanne van die Victoria Kollege ná 1904 nooit werklikheid geword het nie. Dit het die weg gebaan vir die latere stryd om 'n eie Hollands-Afrikaanse universiteit.

Daarom is dit reg dat die Konvokasie, as die demokratiese stem van die gegradueerdes, ses verteenwoordigers op die Raad het, dat hy twee verteenwoordigers op die Institusionele Forum het, dat die sieninge van die gegradueerdes gereeld op jaarvergaderings tydens die openbare verkiesing van hul verteenwoordigers op die Raad uitgespreek kan word en dat die Konvokasie verteenwoordig is in die aanstellingskomitees vir rektore en viserektore.

Stellenbosch kon nog altyd daarop aanspraak maak dat die jaarlikse vergadering van die Konvokasie goed bygewoon word. Dit toon dat die gegradueerdes erns maak met hul betrokkenheid by en verantwoordelikheid teenoor die Universiteit. Die gereelde verkiesings en die jaarvergadering is die stem van die Konvokasie. As statutêre liggaam moet sy stem kragtens wet met erns deur die universiteitsbestuur bejeën word.



Die Universiteit Stellenbosch (US) het 'n stewige finansiële hupstoot vanuit 'n onverwagse oord gekry. Me Anna Maria Kuchler, wat in Junie 2009 in die ouderdom van 92 oorlede is, het R1,7 miljoen in kontant, en aandele ten bedrae van R14,3 miljoen aan die Universiteit bemaak. In Januarie vanjaar was dieselfde aandeleportefeulje R18 miljoen werd.



# BEMAKING GEE BEURSFONDS GROOT HUPSTOOT

## TOT VOORDEEL VAN AFRIKAANSSPREKENDE STUDENTE UIT DIE STELLENBOSCH OMGEWING

Dit was me Kuchler, of Marietjie soos sy alombekend was, se wens dat haar nalatenskap tot voordeel sal wees van 'n instelling waar dit in 'n daadwerklike behoefte sal voorsien. Soos bepaal in haar testament, sal die Universiteit hierdie vrygewige bemaking gebruik om 'n beurs op die been te bring wat tot voordeel sal wees van Afrikaanssprekende studente wat aan skole in die Stellenbosch-omgewing gematrikuleer het.

Me Kuchler was nooit 'n student aan die Universiteit nie, maar het 'n verbintenis met die Universiteit gehad deur haar jare lange vriendskap met me Liza van Staden en haar ouers. Me Van Staden se man, mnr Niel van Staden, het me Kuchler geadviseer oor haar beleggings en ook haar boedel. Hy het haar ook vertel van die groot behoefte aan beurse vir matrikulante in die Stellenbosch-omgewing.

"Die Universiteit is baie dankbaar vir hierdie groot bemaking. Dit is visioenêre mense soos me Kuchler wat hierdie instansie die geleentheid bied om uit te reik na belowende matrikulante. Ons beskou hierdie bemaking as 'n geskenk vir 'n volgende generasie," het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch gesê.

Me Kuchler, 'n immigrant uit Nederland, het in 1954 in Suid-Afrika aangekom toe werk in Europa, ná afloop van die Tweede Wêreldoorlog, nog baie skaars was.

Me Kuchler, wat ongetroud gebly het, het haar in Seepunt in Kaapstad gevestig waar sy as 'n algemene kantoorbestuurder gewerk het tot haar aftrede sowat dertig jaar gelede. Me Kuchler, 'n kranige brugspeler, het as sakevrou 'n voorliefde gehad om in aandele te beleê en het so 'n aansienlike aandeleportefeulje opgebou.

"Die erflating het die potensiaal om matrikulante van die Stellenbosch-omgewing, wat daarby gaan baat vind, se lewens te verander," het mnr Hugo Steyn, Koördineerder: Erflatings in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudings aan die US gesê. ■

- **Kontak mnr Hugo Steyn, Koördineerder: Erflatings, by tel 021 808 3615, e-pos hugos@sun.ac.za**

# ERFLATERSGILDE
## AMPTELIK BEKENDGESTEL

Nagenoeg 300 donateurs, alumni, personeel en vriende van die US het einde verlede jaar die amptelike bekendstelling van die Universiteit se Erflatersgilde bygewoon. Dié glansgeleentheid by die Lord Charles Hotel in Somerset-Wes was 'n geleentheid vir die US om die Erflatersgilde bekend te stel en ook om sy donateurs wat 'n erflating aan die Universiteit bevestig het, te bedank.




Prof Russel Botman, US Rektor en spreker by die geleentheid, het gesê dat die Erflatersgilde 'n vereniging is van "spesiale individue wat in hul leeftyd aan ons bevestig het dat die Universiteit 'n belangrike plek in hul nalatenskap beklee. Dit is inderdaad 'n toekomsgerigte, doelbewuste aksie wat vir die Universiteit baie beteken en waarvoor ons elke lid hartlik wil bedank vir die vertroue wat hulle in ons toekoms gestel het."

Mnr Hugo Steyn, Koördineerder: Erflatings sê dat lidmaatskap van die Gilde nie net 'n manier is om erkenning te gee aan donateurs wat die Universiteit met 'n bemaking in hul testament vereer nie, "maar ook 'n geleentheid vir die Universiteit om hierdie besondere groep donateurs ingelig te hou oor gebeure aan die US en aan hulle eerstehands te wys hoe hul beloofde erflating 'n verskil aan iemand se lewe sal maak."

'n Erflating hou natuurlik belastingvoordele vir 'n boedel in sonder dat dit die bemaker se huidige finansiële posisie benadeel, het mnr Steyn verduidelik. "'n Erflating kan die vorm aanneem van 'n beursfonds in die skenker se naam of byvoorbeeld in die naam van 'n eggenoot, kind of kleinkind. Sommige erflaters was ook gedurende hul studiejare self beurshouers en besef die waarde van so 'n skenking vir 'n behoeftige student. Vir sommige erflaters gaan dit om die ondersteuning van 'n spesifieke vakgebied of voorpuntnavorsing, of om skaars vaardighede te help ontwikkel."

Lidmaatskap van die Gilde is oop vir enige persoon wat skriftelik bevestig dat hy of sy 'n erflating van een of ander aard aan die Universiteit maak. ■

**Kontak mnr Hugo Steyn by tel 021 808 3615, e-pos hugos@sun.ac.za of besoek www.diehoopprojek.co.za**






# Skemeronthaal is 'BoschFees hoogtepunt

Die 'BoschFees, 'n 'huis-toe-kom'-geleentheid vir MatiesAlumni wat Desember verlede jaar vir die heel eerste keer gehou is, word allerweë as 'n groot sukses beskou.

As gevolg van die bekendstelling van die Hoop-projek (sien bl 14) en die verskeie ander alumni-geleenthede wat vanjaar in Suid-Afrika en in die buiteland gehou word, is egter besluit om die 'BoschFees eers weer in 2011 aan te bied.

Me Heidi October, alumni-koördineerder en organiseerder van die eerste 'BoschFees, sê dat dié geleentheid 'n kombinasie van verskeie sosiale en akademiese aktiwiteite gebied het en dat hierdie wisselwerking waarskynlik die rede was vir die goeie bywoning van die fees.

"Ons is veral bly oor die veertigtal akademiese lesings wat so 'n groot sukses was. Ons is baie trots op die navorsing wat by die US gedoen word en daarom was die lesings 'n uitstekende toonvenster vir die werk wat gedoen word. Die bywoning van die publiek en vrae wat tydens die sessies gestel is, is ook 'n aanduiding dat die US beslis 'n aktiewe rolspeler in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing is. Dit was ook lekker om alumni wat nie US-dosente is nie as sprekers te kon betrek."

Op die Woensdag van die fees het die energieke CODA (met hul stylvolle kombinasie van klassieke instrumente, sensasionele voorsangers en 'n DJ) die Neelsie in 'n sensoriese ontploffing van kleur en energie getref. En die Donderdag het sangsensasie Emo Adams honderde aanhangers op hul voete gehad het tydens die middaguurvermaak in die Neelsie.

### SKEMERONTHAAL

Die Rektor se skemeronthaal op Coetzenburg, waarmee die 'BoschFees afgesluit is, was waarskynlik die hoogtepunt van die fees. Dié swierige onthaal is in 'n reuse-Bedoeïene-tent gehou, met die opwindende groep World@South wat die agtergrondmusiek vir die aand verskaf het.

Hier het prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, gesê dat die suksesse van die Universiteit "mens vir mens" gebou word en dat 'n suksesvolle universiteit en bestuur afhanklik is van die gesonde verhouding met sy studente, personeel en alumni. Hy het feesgangers bedank vir hul bywoning van die fees en gesê die Universiteit is dit eens dat sy alumni 'n kosbare bate is.

Na afloop van die skemeronthaal is die US Konvokasie se Algemene Jaarvergadering, wat danksy die 'BoschFees 'n baie goeie opkoms getoon het, in die DF Malan-gedenksentrum gehou. ■









VAKANSIE AKKOMMODASIE BESKIKBAAR

Die Universiteit Stellenbosch stel elke jaar van vroeg Desember tot vroeg Januarie 'n wye verskeidenheid van bekostigbare studentebehuising as vakansie akkommodasie beskikbaar. Alle besoekers, vakansiegangers, toergroepe, klein en groot gesinne is welkom.

**Kontak Mathilda Bekaardt by 021 808 2895 of per e-pos by mbekaardt@sun.ac.za vir meer inligting.**

out of the blue

creative communication solutions

LOGO'S
ONTWERP
ADVERTENSIES
WEBWERWE

Annalene Kinghorn
082 858 3802
annalene@outoftheblue.co.za

www.outoftheblue.co.za

BESTE MATIES **ALUMNI**



Ek is eerlik daaroor – ek is geïnspireerd deur die HOOP Projek! Ek glo dit is een van die Universiteit se mees opwindende en uitdagende projekte tot nou toe. Lees gerus in hierdie uitgawe van *Matieland* hoe die HOOP Projek die Universiteit se fokus gaan rig op van die grootste uitdagings in ons land en kontinent.

Die sukses van die projek is tot 'n groot mate afhanklik van die ondersteuning wat ons van ons alumni gaan kry. Die een sentrale boodskap wat ek keer op keer by alumni-funksies kry – *gee ons iets tasbaars waarby ons betrokke kan wees*! En daarom het ek die vrymoedigheid om julle aan te moedig om saam met ons hierdie uitdagings aan te pak want nou gee ons nie net iets tasbaar nie, maar 22 maniere oor hoe ons glo ons saam 'n verskil kan maak.

Julle het dus reeds die pad saam met ons gestap en jul insette op verskeie platforms en in verskeie wêrelddele gegee. En nou het ons daardie insette in ag geneem en die geleenthede vir alumni om betrokke te raak, uitgebrei.

Gaan kyk dus gerus na die 22 inisiatiewe op die HOOP Projek se webblad by www.diehoopprojek.co.za.

Om hierdie geleenthede bekend te stel, is daar oor die volgende paar maande 'n hele paar Hoop Projek-bekendstellingsgeleenthede (sien kalender hieronder).

Ek sien daarna uit om julle by een van hierdie geleenthede te ontmoet!

Vriendelike groete

**Heidi October**
Bestuurder: Alumni-verhoudings

HOOP PROJEK

Bekendstellingsgeleenthede vind in die volgende stede in 2010 plaas. Verdere geleenthede word vir Suid-Afrika, die VSA, Europa, Asië en Australië in die komende jaar beplan. Teken gerus die datums in jou dagboek aan!

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 15 AUG | 16 AUG | 17 AUG | 18 AUG | 19 AUG | 20 AUG | 21 AUG STELLENBOSCH |
| 22 AUG | 23 AUG | 24 AUG | 25 AUG | 26 AUG | 27 AUG | 28 AUG |
| 29 AUG | 30 AUG | 31 AUG | 1 SEP | 2 SEP | 3 SEP | 4 SEP DURBAN |
| 5 SEP | 6 SEP | 7 SEP | 8 SEP | 9 SEP | 10 SEP | 11 SEP |
| 12 SEP | 13 SEP | 14 SEP | 15 SEP | 16 SEP LOS ANGELES | 17 SEP | 18 SEP NEW YORK |
| 19 SEP | 20 SEP | 21 SEP | 22 SEP | 23 SEP | 24 SEP | 25 SEP |
| 26 SEP | 27 SEP | 28 SEP | 29 SEP | 30 SEP | 1 OKT | 2 OKT |
| 3 OKT | 4 OKT | 5 OKT | 6 OKT | 7 OKT | 8 OKT | 9 OCT WINDHOEK |
| 10 OKT | 11 OKT | 12 OKT | 13 OKT | 14 OKT | 15 OKT | 16 OCT PORT ELIZABETH |
| 17 OKT | 18 OKT | 19 OKT | 20 OKT | 21 OKT | 22 OKT | 23 OCT BERLYN |
| 24 OKT | 25 OKT | 26 OKT | 27 OKT | 28 OCT LONDEN | 29 OKT | 30 OCT AMSTERDAM |

# KOMENDE REÜNIES

## 1970-LANDBOU-STUDENTE GAAN REÜNIE HOU!



Die finalejaar-Landbou-studente van 1970 hou ná 40 jaar op Saterdag 18 September 2010 'n reünie op Stellenbosch.

**Belangstellendes kan die volgende mense kontak:**

- **Nico van Rensburg (plantpro@iafrica.com, 083 640 1384)**
- **Jacques Basson (paarl@justletting.co.za, 083 461 8681)**
- **Johan Jooste (jjooste@sun-world.com, 082 852 1043)**

## ARBEIDSTERAPIE 50 JAAR OUD



Die Department Arbeidsterapie is in 2011 50 jaar oud. 'n Kursus in Arbeidsterapie is in 1961 onder leiding van me EJ Strydom aan die Universiteit Stellenbosch begin. 'n Reünie word beplan vir Junie of Julie volgende jaar. Die tema is "Verlede, Hede en Toekoms".

**Skakel 021 938 9305 of stuur e-pos na arbeid@sun.ac.za vir meer inligting.**

## SEPTEMBER-REÜNIE VIR SIMONSBERG

Simonsberg-manskoshuis beplan 'n reünie vir 3-5 September 2010 om hul 55-jarige bestaan te vier. Die naweek sluit 'n gholfdag en rugby op die grootskerm in.

**Sien www.simonbond.org.za vir aanlynbesprekings of kontak Jacelize du Preez by sel 083 277 3420.**






Die Universiteit het by twee geleenthede, in Desember verlede jaar en in Mei vanjaar, suksesvolle gholfdae aangebied.

# Gholfdae weer suksesvol

## ARABELLA GHOLFDAG VIR DONATEURS

Die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge het in Desember verlede jaar weer 'n hoogs suksesvolle Gholfdag vir huidige en potensiële donateurs by die Arabella Gholfklub naby Hermanus aangebied.

Sestig donateurs en vriende van die Universiteit het die dag bygewoon wat deur die Maitland Groep, asook Ernie Els Wyne en Green Spot Marketing geborg was. Die geleentheid vorm deel van die Universiteit se donateurerkenningsbeleid en dit was reeds die derde keer dat dit baie suksesvol plaasvind.

Mnr Sidney van Heerden, Koördineerder: Skenkings (Individue), en organiseerder van die Gholfdag, vertel dat die doel van die gholfdag is om plaaslike en oorsese donateurs wat in die Wes-Kaap vakansie hou, 'n geleentheid te bied om gesellig saam met mede-donateurs en personeellede van die Universiteit te kuier. "Dit gee ons ook die geleentheid om huidige en potensiële donateurs van die Universiteit in te lig oor van die dinamiese projekte waarmee die Universiteit tans besig is. Ons was beslis bevoorreg om van die Universiteit se voorste donateurs teenwoordig te hê, maar ons is ook baie opgewonde oor die groot belangstelling wat daar onder potensiële donateurs was. Hiervan het reeds 'n beduidende groep skenkings aan die Universiteit gemaak."

Prof Russel Botman, Rektor en Vise-kanselier het ook die dag bygewoon. Hy het almal bedank vir hul ondersteuning en beklemtoon dat die Universiteit in die komende jare toenemend wye ondersteuning nodig gaan hê vir die besonderse inisiatiewe wat deur die Universiteit geloods word.

## MATIESALUMNI GHOLFDAG: RANDPARK, JOHANNESBURG

Die jaarlikse Maties Alumni Gholfdag vir maatskappye is in Mei met groot sukses in Randpark in Johannesburg aangebied. Die Maties Alumni Gholfklub (Noorde), onder voorsitterskap van Klubkaptein Corné van der Nest, reël op eie inisiatief sowat twaalf gholfdae per jaar waarvan die Maatskappye Beursfondsdag die hoogtepunt op die kalender is. Dit word aangebied ter ondersteuning van beursfondse vir behoeftige studente van die US.

Liberty Life is die borg van die dag waaraan 21 maatskappye, waaronder Investec, Steinhoff International, Liberty Life, PriceWaterhouseCoopers, Trustgro en die JSE deelgeneem het.

Die Maties Alumni Gholfklub (Noorde) is reeds in 1961 deur Dan de Villiers, destyds bestuurder van die Springbok Rugbyspan wat in 1965 na Nieu-Seeland en Australië getoer het, gestig tydens 'n besoek van die destydse Rektor, prof HB Thom, aan Gauteng in 'n poging om R4 miljoen vir die Universiteit in te samel.

Vir bykans 50 jaar vind hierdie maatskappye beursfondsdag ononderbroke plaas – en vanaf 1977 word dit elke jaar op dieselfde baan, naamlik Randpark, gehou.

Deur die jare het die klub talle beurse aan bekende sportpersoonlikhede en sakemanne soos Darryl Cullinan, Robbie Blair, John Daneel, Gert Smal, Fritz van Heerden, Louis Blom en Johan Walters, toegeken.

Mnr Van Heerden sê dat die aktiwiteite van die Klub uiters belangrik vir die Universiteit in Gauteng is. "Die Gholfklub dien as 'n baie effektiewe netwerk tussen alumni, donateurs en die maatskappye waarby hulle betrokke is. Belangrik is dat die gholfdag plaasvind ten bate van belowende studente en sportmanne en -vroue."

Die wenners van die Gholfdag was die vierbal van Rean Strydom, Johan Walters, Andre Lambrecht en Sam Hewitt. Nagenoeg 130 alumni en vriende van die Universiteit het aan die gholfdag deelgeneem wat met 'n formele ete afgesluit is.



Op die foto van links: Proff Barnie Barnard, Carl Swanevelder, Andries Nel, Izak van der Merwe, Larry Zietsman en Hannes van der Merwe.

# GEOGRAFIE-VOORSITTERS KUIER WEER SAAM

"Daar is beslis iets lewegewend aan dié vakgebied!" So vertel prof Hannes van der Merwe, voorsitter van die Departement Geografie en Omgewingstudie. By sy intreerede, in September verlede jaar, was al ses oorlewende voorsitters uit die totale groep van net sewe wat oor die afgelope 90 jaar die Departement gelei het, teenwoordig!

"Die Departement is in 1920 onder die voorsitterskap van prof Piet Serton, 'n Nederlander vars uit die Universiteit van Utrecht, gestig. Hy is in 1958 en daarna agtereenvolgens opgevolg deur proff. Andries Nel, Barnie Barnard, Carl Swanevelder, Izak van der Merwe en Larry Zietsman, waarna ek in 2005 voorsitter geword het."



## HEEMSTEDE VIER 45 JAAR

Heemstede het in April vanjaar 'n groot reünie gehou. "Hope gees, ou herinneringe en 'n heerlike samesyn van 45 jaar het op die naweek van 24 April in die Huis van alle Huise se gange rond-gesweef. 'n Onvergeetlike naweek tesame met onvergeetlike legendes, tradisies en vriendskappe is tydens hierdie jaar se reünie herleef," vertel me Wilmarie Giliomee van die Heemstede Huiskomitee. "'n Groot dankie aan almal wat hierin gedeel het!"



# OUD-DAGBREKERS VIER 50 JAAR SE VRIENDSKAP

'n Groep van agt oud-Dagbrekers en hul vrouens het die naweek van 21 tot 23 Mei op die plaas Witwaterskloof van prof Willie en dr Annemarie Esterhuyse naby Botrivier bymekaargekom om hul vyftig jaar van vriendskap te herdenk. Prof Pieter Kapp vertel meer.

As groep het ons vyftien jaar gelede ook bymekaar gekom - toe by die Boesmansriviermond. Ons was by daardie geleentheid 13, van wie drie nie hierdie keer kon kom nie en twee intussen oorlede is.

Op die foto verskyn van links na regs: Agter: Pieter Kapp (voormalige professor in Geskiedenis aan die US en oudvoorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns), Peet Terblanche (vooraanstaande boer buite Riversdal en sleutel-figuur van die Duivenhoksrivier-veesuipingskema), Tertius Delport (voormalige dekaan van Regte aan die Universiteit van Port Elizabeth en oud-kabinetslid), Flip Smit (voormalige Rektor van die Universiteit Pretoria en aktiewe navorser in die demografie), Louis de Kock (vooraanstaande uitvoerdruiweboer in die Hexriviervallei, inspirerende gees in die gemeenskapsdiens in die vallei en aktiewe Bybelverspreider in Afrika) en prof Gerhard Geldenhuys (afgetrede professor in Toegepaste Wiskunde aan die US en bedrywige navorser in die mediese genealogie). Voor sit Schalk Liebenberg (voormalige hoofbestuurder by die Atoomenergie-korporasie) en Willie Esterhuyse (voormalige professor in Filosofie aan die US en Sake-etiek aan die Bestuurskool en alombekende filosoof en bemiddelaar).

Die agtergrond van die foto is betekenisvol. Dit is Willie se versameling ysters uit sy pa en oupa se werkswinkels. Dié en ander versamelings op die plaas het op 'n besondere wyse die simboliek van die geleentheid weerspieël: die onthou wat soos ysters die groep se lewens aanmekaar verbind het, die lag oor al die dinge wat Matie-wees so 'n onvergeetlike studente-ervaring maak, die herinnering aan soveel dosente en medestudente wat ons lewe en werk op Stellenbosch verryk het, en uiteindelik die indringende gesprek oor hoe ons elkeen die afgelope vyftig jare - swanger aan historiese gebeure - beleef het. Deur dit alles het ons verbintenis met Stellenbosch en tot hierdie land en sy mense gestraal. Die idealisme van ons studentejare het plek gemaak vir realisme oor die toekoms van die 45 kleinkinders wat ons verteenwoordig het.

Die grootste vreugde van alles was die aan-wesigheid van die vrouens wat ook medestudente op Stellenbosch was. Ná vyftig jaar was die mans dit eens: die vrouens dra hulle jare darem veel beter as die mans! Oor die loop van die volgende vier jaar herdenk elkeen van die pare hul vyftigste huweliksdag.



# MATIESALUMNI KUIER WEER SAAM IN DUITSLAND



MatiesAlumni in Duitsland het in Junie by die Humboldt Universiteit in Berlyn saamgekuier met 'n besoek van 'n akademiese afvaardiging wat dié Universiteit besoek het.

Prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing, het die afvaardiging gelei wat ook die alumni-byeenkoms ingesluit het.

By die geleentheid het MatiesAlumni die behoefte uitgespreek om met akademici te skakel en meer inligting te kry oor nuwe navorsingsprojekte in die fakulteite, vertel me Heidi October, Bestuurder: Alumni-verhoudingsbou. "Nie net kon ons ons verhouding met Humboldt Universiteit versterk nie, maar dit was ook die 100ste netwerkgeleentheid van die Alumni-kantoor waarby ek betrokke is."





# ERICA CELEBRATES 35 YEARS

Erica Ladies Residence held their 35th year reunion during the weekend of 16 July 2010. Erin Wolfe-Coote of the Erica House Committee gave this report.

And so the Ericaners held a reunion like only the Ericaners can. The past and present Pink ladies experienced it all; from an extravagant "damesdag" breakfast at Lanzerac Hotel, to a trip down memory lane through Stellenbosch University campus with their very own Ericaner tour guides.

Then the Pink ladies, of all ages, brought 'gees' to our Pink Barrel club which could not be explained! A braai under the stars, accompanied by songs and stories of all times, was the perfect way to end off the day.

But wait, that's not all! What is an Erica reunion without breakfast in the Tinie Louw Eetsaal? More memories and stories filled the air while the past Pink ladies stood in line to get their breakfast.

This entire event, and the stories shared would have never entered Erica if we didn't care. So thank you to all the life-long Ericaners who graced us with their presence, the HK and the Reunion committee. This would not have been a success without your love and passion for Erica, die *Huis van karakter en gees*, creating *Dames met style*.



# WOORDFEES-GESELLIGHEID

## WEER HOOGTEPUNT OP MATIESALUMNI KALENDER

Die jaarlikse Woordfees-geselligheid was weer 'n hoogtepunt op die MatiesAlumni kalender. Nagenoeg 400 MatiesAlumni het 'n opvoering van die drama "My Sarie Marais", een van die talle ster produksies op vanjaar se Woordfees, in die HB Thom-teater bygewoon. "My Sarie Marais", deur dramaturg Deon Opperman, het gespog met Deon Coetzee en Hanli Rolfes in die rolle van onderskeidelik Pieter en Sarie.

"Die geselligheid vir alumni tydens die Woordfees het nou 'n jaarlikse hoogtepunt in Stellenbosch geword. Die Alumni-kantoor ondersteun graag die Woordfees, veral deur alumni aan te moedig om ook 'die krag van woorde te vier' deur in gesprek met ons te bly en hul insette te gee wat betref die Universiteit se toekomsplanne," het me Heidi October, Bestuurder: Alumni-verhoudingsbou, gesê.

Prof Magda Fourie, Viserektor: Onderrig, was die spreker by die geleentheid en het gesê dat MatiesAlumni belangrike ambassadeurs vir die Universiteit is daarom moet deelneem aan die verskeidenheid van gespreksgeleenthede wat die US bied.

Volgens prof Fourie was die tema van die Woordfees, Baljaar, nie net toepaslik vir sokker nie, maar ook vir die vele aktiwiteite wat by die Universiteit plaasvind en is daar 'n verskeidenheid van balle wat tans in die lug gehou word.

Sy het spesifiek verwys na die Woorde Open Wêrelde (WOW)-projek - 'n belangrike onderafdeling van die Woordfees. Die WOW-projek, wat gemeenskapsinteraksie vlagskipstatus by die US geniet, kweek jaarliks 'n liefde vir die letterkunde by duisende kinders in agtergeblewe gemeenskappe.







# ALUMNI PRESTEER



Jacolette en Annelize Kloppers (Foto: Johan Swart)



Bun Booyens (Foto24)

# MATIESALUMNI IN **SENIOR MEDIA-POSTE** AANGESTEL

Verskeie MatiesAlumni is in die afgelope maande in senior mediaposte aangestel.

Bun Booyens, bekroonde redakteur van die buite-lewetydskrif *Weg*, is die nuwe redakteur van *Die Burger*. Booyens is maar die agtste redakteur in dié Kaapse dagblad se 95 jaar lange bestaan. Voordat hy *Weg* as stigtersredakteur begin het, was hy eers dosent in die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch (US), en later assistentredakteur van *Die Burger*. Hy is ook 'n bekende in bewaringskringe: Hy was Kommunikasiedirekteur vir die Wêreld-Natuurfonds (WWF) en een van die leiers van die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie.

Ainsley Moos, voormalige redakteur van *Landbouweekblad*, is vroeër vanjaar as redakteur van die Vrystaatse dagblad *Volksblad* aangestel, terwyl nóg 'n oud-Matie, Hugo Lochner, die leisels van *Landbouweekblad* by Moos oorgeneem het.

Ná sy studie in Joernalistiek aan die US het Moos as verslaggewer vir *Beeld* gewerk, waar hy oor veral die landbou en grondsake verslag gedoen het. Hy was ook sakeverslaggewer by *Beeld*. Hy het in 2004 by *Landbouweekblad* as senior verslaggewer begin, en is in April 2007 tot adjunkredakteur en in Januarie 2008 tot redakteur bevorder. ■

- Nog 'n MatiesAlumnus, Jacolette Kloppers, en haar suster, Annelize, het geskiedenis gemaak deur die eerste susterspaar te word om albei as redakteur van *Die Matie*, die US se studentekoerant, te dien. Jacolette, Kaapse redakteur van *By*, 'n landwye byvoegsel tot *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*, was die redakteur van *Die Matie* in 2001, toe dié koerant sy 60ste verjaarsdag gevier het, terwyl Annelize vanjaar aan die stuur van sake was. Jacolette het haar Meestersgraad in Joernalistiek aan die US voltooi terwyl Annelize regte studeer. *Die Matie* is volgende jaar 70 jaar oud.



Rianie Strydom

## **VROUEWYNMAKER** TOT GILDE VERKIES

Die suksesvolle wynmaker van Haskell Vineyards en Dombeya Wines op Stellenbosch, Rianie Strydom, is einde verlede jaar tot die Kaapse Wynmakersgilde verkies.

Sy is maar die vierde vrou wat tot die Gilde verkies word sedert dit 28 jaar gelede gestig is.

Die Kaapse Wynmakersgilde bestaan uit 'n uitsoekgroep van Suid-Afrika se beste wynmakers. Lidmaatskap word slegs op uitnodiging verkry.

"Dit was nog altyd een van my loopbaandoelwitte om tot die Gilde verkies te word. Ek maak al die afgelope 15 jaar wyn, en is baie bly om op hierdie manier deur my medewynmakers vereer te word. Dit is vir my 'n bevestiging van my lewenslange toewyding aan die kuns van wynmaak. Ek werk saam met 'n fantastiese span mense sonder wie hierdie prestasie nie moontlik sou wees nie. Harde werk, passie en toewyding is die hoeksteen van sukses in die wynbedryf," sê Strydom.

Sy het ook wyngeskiedenis gemaak toe Haskell Vineyards die eerste Suid-Afrikaanse wynkelder in die bestaan van die Drienasies-wynuitdaging geword het om nie net die medalje vir die shiraz met die hoogste punte by die kompetisie te wen nie, maar ook die trofee vir die Beste Rooiwyn én die Four Seasons Hotel-trofee vir die Beste Wyn.

Die Haskell Pillars Syrah spog ook met vyfsterstatus in die Platter-wyngids van 2010.

Rianie is voorts die dryfkrag agter die Dombeya-beurs van R70 000 wat huidige studente in Wingerd- en Wynkunde die geleentheid bied om oorsese ondervinding op te doen. ■



Advokaat Lötter Wepener

## ALUMNUS TOT **VOORSITTER VAN BALIERAAD** VERKIES

Advokaat Lötter Wepener SC is onlangs tot Voorsitter van die Johannesburgse Balieraad verkies. Dit is slegs die derde keer in die meer as 100 jaar lange bestaan van dié instelling dat 'n oud-Matie tot die amp verkies word. In 1992 was Schalk Burger SC en in 2002 Altus Joubert SC onderskeidelik die eerste en tweede oud-Maties in dié amp.

Lötter het die grade BComm en LLB in onderskeidelik 1973 en 1975 aan die Universiteit Stellenbosch (US) behaal. Hy het in 1977 by die Johannesburgse Balie aangesluit, en het in 1994 senior status verwerf. Lötter het al by 'n paar geleenthede as regter in die Johannesburgse Hooggeregshof waargeneem. Hy is direkteur van etlike maatskappye en voorsitter van verskeie vrywilligerorganisasies, wat belastingbetalersverenigings en SAVE, 'n omgewingsdrukgroep in die Vaalrivierstreek, insluit. Hy is ook die groepleier van Groep 21, een van die grootste advokategroepe in Johannesburg én die land, met meer as 90 lede. ■





## A DRIVING FORCE against the odds

"The response has been fantastic!" These are the words of Nicky Abdinor, a clinical psychologist from Cape Town born with no arms and shortened legs who is raising funds to get a new specially adapted vehicle to ensure that she stays mobile and independent.

Despite the odds stacked against her, Nicky has excelled in whatever she tackles, getting an A-aggregate in her matric exams and completing a BA degree (majoring in psychology and social work), followed by an honour's degree in psychology (*cum laude*) in 2001 and a master's degree in clinical psychology at Stellenbosch University in 2004. She has a private practice but her work also takes her to various hospitals and to Varsity College in Rondebosch where she teaches part-time.

Nicky currently travels with a specially adapted vehicle that was donated to her in 2002 by a woman with a similar disability in the UK. However, the car is now 15 years old, with extensive mileage, and Nicky now needs a replacement car before the current one becomes unsafe. It was Nicky's hope to have a car adapted in South Africa but she found that this is not possible because the steering technology that is needed for her vehicle is not available here. The car is very expensive to replace and, to make her dream of a new car a reality, she started Nicky's Drive - The Nicky Abdinor Car Project at the end of 2009.

Nicky has raised R171 000 thus far and says that one generous donor contributed R100 000. "People have been incredibly supportive and have contributed in different ways: Cubic Media sponsored my website design, Web Africa is hosting the website and HIPPO Communications is helping with spreading the word about Nicky's Drive."

She hopes to reach her target of R800 000 by the end of the year; giving up is not even an option. "If I don't reach my target by then, I won't give up! This project is about keeping me mobile and independent, so it's something that I'll persevere with until I reach my goal."

Besides raising funds for her own vehicle, Nicky is also setting up a trust to help raise funds for other people with disabilities to have cars adapted. "I'd love to assist others in experiencing the freedom of being completely independent!"

- **For further information, visit www.nickysdrive.com.**

## **SONJA KELLER** IS EKONOOM VAN DIE JAAR

Dr Sonja Keller, Adjunkpresident: Ekonomiese Navorsing by die finansiëledienstegroep JPMorgan én oud-Matie, is onlangs as FinMedia24 se Ekonoom van die Jaar 2009 aangewys. Sy is maar die tweede vrou om dié kompetisie te wen.

Keller het die 32 ander deelnemers aan die kompetisie uitgestof met haar vooruitskatting van 'n reeks ekonomiese veranderlikes, waaronder die groei in die bruto binnelandse produk (BBP) vir die jaar, inflasie volgens die verbruikersprysindeks (VPI) vir die jaar, die gemiddelde goudprys vir die laaste kwartaal van die jaar, en die rand se wisselkoers teenoor die euro en die dollar vir die laaste kwartaal van die jaar.

Volgens prof Eon Smit, uittredende Direkteur van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool, wat die deelnemers se maandelikse vooruitskattings verwerk en uiteindelik die punte bereken, was Keller die ander deelnemers ver voor.

"Ekonomiese vooruitskatting is altyd moeilik, maar veral 2009 was uitdagend," sê sy. "Kompetisies soos dié speel 'n geweldig belangrike rol om vooruitskattingsmodelle vir die land te help ontwikkel."



Dr. Sonja Keller
(Foto: Christiaan Kotze, Foto24)

Sy het bygevoeg dat, hoewel die opvatting bestaan dat die ekonomieberoep deur mans oorheers word, daar heelwat belowende opkomende vroue-ekonome is.

Keller is ook 'n senior dosent in Ekonometrie aan die Universiteit se Departement Ekonomie. Sy het voorheen ook aan die Nuffield-kollege van die Universiteit van Oxford in Brittanje studeer. ■

**Bron: SAKE24**

## Oud-navorsings-direkteur ontvang **UNISA-eregraad**



Prof Louis Molamu, Registrateur van UNISA, hang die gradeband om prof Piet Steyn se skouers.

Prof Piet Steyn, onlangs afgetrede Senior Direkteur: Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch (US), is in Mei vanjaar deur UNISA met 'n eredoktorsgraad vereer.

Dié eerbewys is ter erkenning van sy internasionaal hoog aangeskrewe navorsing oor mikotoksiene, oftewel gifstowwe wat deur skimmel of swamme op voedsel, veral neute en dierevoer, gevorm word. Van dié toksiene kan die lewer en niere vergiftig en word met siektes by mense én diere verbind. Die navorsing is meestal by die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) in Pretoria gedoen, maar later ook by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sowel as die US.


Die gifstowwe is 'n wêreldwye probleem. Gevolglik is Steyn reeds in 1973 versoek om in die voedselchemiekommissie van IUPAC, die internasionale vereniging vir suiwer en toegepaste chemie, te dien. Hy was aktief op internasionale wetenskaplike gebied, en is tot President van IUPAC verkies - die eerste uit Afrika - welke amp hy van 2002 tot 2003 beklee het. Voorts het hy in die internasionale graanbedryf as President van die internasionale vereniging vir graanwetenskap en -tegnologie gedien.

In sy aanvaardingstoespraak by die UNISA-gradeplegtigheid het Steyn veral na die belang van wetenskap vir Afrika verwys, met die klem op plaaslike relevansie en internasionale uitnemendheid.

Verskeie van sy oudkollegas het die plegtigheid bygewoon, waaronder prof Chris Garbers, voormalige WNNR-president en kanselier van UNISA, onder wie se leiding Steyn sy meestersgraad aan die US behaal het. ■









"Dit was ons doel om betekenisvol by te dra tot 'n suksesvolle Wêreldbeker en ons het verseker in daardie doel geslaag."

# MATIES GAAN groot vir sokkerwêreldbeker!

Só sê prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, oor die Universiteit se projek om bewustheid vir die FIFA Wêreldbeker te skep. Prof Smith het aan die hoof gestaan van 'n veldtog by die Universiteit om bewustheid vir die FIFA Sokkerwêreldbeker te skep.

"Die US is 'n aktiewe rolspeler in die uitbou van 'n samehorige Suid-Afrikaanse samelewing en juis omdat die 2010 Wêreldbeker ook tot dié uitbouproses bygedra het, het die Universiteit die toernooi op soveel as moontlik maniere op kampus bekendgestel."

Bewusmaking op kampus het presies 'n jaar voor die afskop begin en in Augustus visuele gestalte gekry met 'n identiteitslogo, Ondersteun 2010. En soos wat die afskop van die Wêreldbeker al nader gekom het, het sokker-koors onder Maties al hoër geloop.

Einde verlede jaar was Foosbal groot nuus op die kampus. 'n Vyf dae lange foosbal-toernooi is in Oktober 2009 in die Neelsie aangebied en sedertdien sê student mekaar steeds die stryd aan in hierdie gewilde tafelweergawe van die spel.

In November is die webtuiste www.sun.ac.za/2010 geskep om die veldtog deurentyd onder studente en personeel se aandag te hou.

Op 'n snikhete dag in Maart is 'n reuse Flash Mob-sokkerwedstryd in die parkeerarea by die Langenhoven-studentesentrum gehou. Sowat 500 Maties, personeel en selfs lede van die publiek - 250 aan 'n kant - het aan dié reuse-sokkerwedstryd deelgeneem wat deur MFM Stellenbosch se Gemeenskapsradiostasie, gereël is. (Vir 'n paar weke was die Maties die nie-amptelike rekordhouers van die grootste sokkerwedstryd nog in Suid-Afrika).

'n Groep Dagbrekers onder leiding van Ismael Gouws, 'n tweedejaar BRek-student, het in April R10 000 vir hul koshuis gewen in nog 'n kompetisie om bewustheid vir die Wereldbeker te skep - die hoogs suksesvolle Diski Dans-kompetisie wat in die Studentesentrum gehou is.

En kort daarna het Reagan Africa, 'n tweedejaar BSc Geologie-student, met R2000 weggestap nadat hy gekroon is as die FIFA 2010-videospeletjiekampioen in MFM se Xbox-toernooi.

Maar dit was nog lank nie die einde van die sokkergees op kampus nie. 'n Drietalige sokkerwoordelys wat vroeg in Junie bekend gestel is, is een van die blywende nalatenskappe van die grootste sportgebeurtenis nog op Afrika-bodem. Die woordelys wat deur mnr Pumlani Sibula, hoof van die Taalsentrum se Eenheid vir isiXhosa, saamgestel is, bevat 'n omvattende lys sokkerterme in Afrikaans, Engels en isiXhosa.

> Soos wat die afskop van die Wêreldbeker al nader gekom het, het sokker-koors onder Maties al hoër geloop.

Op Jeugdag, 16 Junie, het die Sasol-kunsmuseum se sokkeruitstalling, Skop daai bôl, geopen. Hierdie uitstalling het 'n oorsig gegee van die geskiedenis van sokker in Stellenbosch. Foto's van straatsokker wat deur graad 9 en 10-leerders geneem is, is ook uitgestal.

Die Universiteit het ook sy deure oopgegooi vir sokkertoeriste en 'n 1300 Algeriës het van die US se gasvryheid gebruik gemaak en in koshuise gebly.

Me Sunette Brink, koördineerder van die Ondersteun Twintig Tien-projek, sê dit was 'n baie opwindende projek en die ondersteuning van studente was fenomenaal. "Ek was verras oor die passie wat studente vir die sport het en ek is baie opgewonde oor die geleenthede wat sokker vir die Universiteit, die dorp en ons land inhou." ■







Foto: Anton Jordaan (SFFD)

Die vuvuzelas is stil, Spanje is die FIFA Wêreldbekerkampioen, en in Mzansi keer dinge terug na normaal, maar by Stellenbosch se Lentelus-sokkersentrum is talentvolle sokkerspelers reeds aan die oefen vir toekomstige toernooie.

# NUWE SOKKERSENTRUM ONTWIKKEL JONG TALENT

Vier maande nadat prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, en prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, die eerste sooi van dié ultramoderne sokkersentrum gespit het, is dit op 6 Julie te midde van groot opwinding geopen. Die lint was skaars geknip of 'n horde geesdriftige kinders het hul talent op die veld begin toon.

Dié sentrum, wat deel uitmaak van die FIFA 2010-erflatingsprojek, sal as basis dien vir die Universiteit se Jeugsportinisiatief, wat daarop gemik is om jong talent deur sokker te ontwikkel. Dié projek is in pas met die US se strategiese fokus om die wetenskap ten bate van die gemeenskap aan te wend, en Suid-Afrika en die vasteland se grootste uitdagings só die hoof te bied. Dit skep ook hoop vir kinders met 'n lewendige belangstelling in sokker.

In hierdie eerste fase van die projek, wat sowat R18 miljoen beloop het, is 'n kunsgrasveld van volle grootte en Futsal- (vyf-aan-'n-kant-sokker-)bane wat deur FIFA goedgekeur is, aangelê. 'n Tweede fase word beplan wat grasvelde, sandbane (vir strandsokker) en uiteindelik ook 'n volledige paviljoen, opgeknapte aantrekkamers en 'n konferensiesentrum sal insluit. Dit sal na raming 'n verdere R80 miljoen kos.

"Die Jeugsportinisiatief wat met die Sokkerakademie en skole in die gemeenskap skakel, sal kinders en mense met gestremdhede help om hul vaardighede te ontwikkel," het prof Smith, wat ook sport aan die Universiteit bestuur, gesê.

Die sentrum is egter veel meer as net 'n sportprojek. Hier sal kinders ook akademiese en lewensvaardigheids-opleiding ontvang danksy 'n vennootskap tussen die US se Sportprestasie-instituut (SUSPI) en 'n Duitse organisasie genaamd Stars of Tomorrow. Hierdie naskoolse program sal leerders wat akademies sukkel, toegang bied tot spesialisopvoeders, afrigters en nagraadse studente wat bykomende studiehulp, gespesialiseerde lewensvaardigheidsopleiding en sokkerlesse sal aanbied.

"Ons wil hê die Sokkersentrum moet 'n spilpunt word vir sokker sowel as vir maatskaplike ontwikkeling in die Wes-Kaap," het me Gugu Ntuli, Hoof- Uitvoerende Beampte van SUSPI, gesê. "Of dit nou die naskoolse program, ons akademie vir talentvolle jeug, of ons ontwikkelingsinisiatief vir meisies en kinders met gestremdhede is - ons oorkoepelende doel is om 'n holistiese sokkerervaring te bied wat wyer as sport strek en jongmense ook met sterk sosiale en akademiese vaardighede toerus." Sien www.youtube.com/stellenboschuni vir video's oor die sooispitgeleentheid én die amptelike opening. ■

## Johann Russouw IS AFRIKAANS SE SOKKERMAN *deur Marco Botha*

Die MatiesAlumnus en sportomroeper Johann Russouw het sokker sy Afrikaanse stem gegee.

Wat hy in 1996 by RSG as 'n "weeskind" geërf het, is teen 2010 sy oogappel.

Die pas-afgelope Wêreldbeker-sokkertoernooi was Russouw se derde, maar dat dit in sy agterplaas aangebied is, maak dit vir hom ekstra spesiaal.

"Ek moes myself deurgaans knyp. Myself herinner dat hierdie wonderlike toernooi in Suid-Afrika aangebied word. Hoe verwoord 'n mens die grootsheid hiervan?" het dié oud-Simonsberger en geologie-student uit die sewentigerjare, aan *Matieland* gesê.

Die koms van sokker op Afrikaanse radio was bloot een van die nasionale uitsaaier se maniere om in tred met die "nuwe Suid-Afrika" te kom.


Russouw, op sy dag onder meer 'n woelige verspringer en later atletiekgeselser op die draadloos, is toe met die joppie "belas" om van *football* "voetbal" te maak.

"Ek moes probeer om sokker vir RSG se luisteraars toeganklik te maak, want dit was nie aan hulle so bekend nie," het hy gesê.

Maar skuif sy oorweldigende omarming van sokker en onblusbare liefde vir sport in sy geheel vir 'n wyle opsy, en hy som sy loopbaan van meer as 29 jaar só op: "Dit is 'n kunsvorm wat nie baie mense beskore is nie. Die kuns van klank, van hoe dit werk en wat jy daarmee kan doen. Dit gaan oor gesels en die meelewing met jou luisteraars. Die wese van uitsaai staan dus vir my bo alles uit."

En, voeg hy by "hoe beskryf jy vir iemand hoe dit voel om Usain Bolt, die vinnigste man op aarde, te sien hardloop en daarna met hom 'n onderhoud te voer?

"Of om op die vorige Olimpiese Spele reg voor jou te sien hoe die Amerikaanse swemmer Michael Phelps elkeen van sy wêreldrekords opstel, net om agterna met hom daaroor te gesels?"



Tog sal Bafana Bafana se WB-oorwinning oor Frankryk en Argentinië se pak slae in die kwarteindronde teen Duitsland altyd ietwat dieper in sy hart gebêre word as die genoemde herinneringe.

"En 'doel' is vir my die mooiste Afrikaanse voetbalterm. Dit is baie raar, moeilik om aan te teken. Juis daarom is dit so lekker om oor die lug 'doel' te sê," het die pionier van Afrikaanse sokkerradio gegroet. ■

# MATIES STEEDS ONOORWONNE VARSITYKAMPIOEN






Ná drie jaar van Varsitybeker-(VB-)rugby moet alle ander spanne wat in hierdie reeks van FNB en Steinhoff meeding nog ervaar hoe dit voel om die koppie te lig, want tot dusver was dit die Maties se alleenvoorreg. Marco Botha, sportskrywer van Die Burger en MatiesAlumnus, gee sy indrukke.

Sedert hierdie gewilde kompetisie in 2008 begin het, het die beker nog net die Danie Craven-stadion verlaat om weer die woord 'Maties' daarop te laat graveer.

Die 'Maroen Masjien' het sy aartsvyand, Ikeys, in 2008 om hierdie beker geklop. Wraakgedagtes ofte not het die Universiteit Kaapstad dit vanjaar wéér ontgeld toe Maties die spanningsvolle tuiseindstryd met 17-14 wen.

Dít nadat die Stellenbossers die Pukke, 2009 se ander finalis, in die halfeindronde met 47-11 slae gegee het.

Drie agtereenvolgende titels het aan die begin van die seisoen na 'n uiters riskante weddenskap geklink. Goeiste, die Kaapse buurman het dan al 'n paar keer baie na aan 'n sege gekom!

Nou sal dit waarskynlik nie onverantwoordelik wees om aanstaande jaar 'n ietsie in 'n wedpoel te waag nie: Chean Roux (Matiesbreier) se troepe raak dan net al hoe beter.

'n Onoorwonne seisoen met 382 punte in nege wedstryde, en net 121 téén hulle, vertel die verhaal van 'n omgesukkelde Matiesspan.

Dit was egter moeiliker as wat dit lyk. Agtsteman Cameron Peverett is in die voorseisoen as kaptein aangewys. 'n Besering het dié voorvatter egter vroeg van sy perd af geruk, en Lourens Adriaanse (vaskopstut) het die leisels heel suksesvol oorgeneem.

Hierdie voorryman praat glo nie baie nie, maar wat spel betref, voer hy goed aan.

Dit was juis dié gesonde balvoer van die Maties se fris voorhoede wat agterspelers soos Johan Herbst (skrumskakel) en Dabeon Draghoender (senter) weekliks tot hul reg laat kom het.

Die Maties se sukses het egter ook die aandag van die Westelike Provinsie se Vodacombekerspan getrek.

Die veelsydige skakel Conrad Hoffmann het in 'n halwe VB-seisoen 75 punte agter sy naam geskryf - die tweede meeste in die reeks. Toe hy vir provinsiale diens opgeroep is, het André Kemp die nommer 10-trui gou syne gemaak.

Geslaagde skoppe na die pale was straks die groot verskil in die twee wedstryde tussen die Maties en Ikeys. Die tellings was 23-17 (liga) en 17-14 (eindstryd) onderskeidelik. Dit was ook die kleinste punteverskille in enige van die Maties se wedstryde. 'n Heel skaflike 31-15 teen Shimlas van Bloemfontein was andersins die grootste 'bedreiging'.


Verdere beserings in veral die middelveld het sake soms ietwat wankelrig laat voorkom. Te midde daarvan was dit egter net die Ikeys wat Maties vanjaar ordentlik kon toets - 'n toets wat die Stellenbossers met lof geslaag het.

Die voorste driedrukkers in die span was Draghoender en Danie Poolman (albei ses vyfpunters), terwyl Hoffmann en Kemp die meeste punte opgestapel het.

Roux het na afloop van die reeks gesê die Maties-rugbyklub se goeie strukture en gesonde bestuur is grootliks vir die VB-welslae verantwoordelik.

Dít klink nogal in die kol met dié dat die klub se voorsitter, Jurie Roux, vir Francois Pienaar as uitvoerende hoof van VB-rugby opgevolg het. ■




Foto's: Anton Jordaan (SFFD)

• In die afdeling vir koshuise het Dagbreek sy tweede VB-eindstryd in drie jaar gehaal. Anders as in 2008 kon hy egter nie vanjaar die knoop deurhaak nie. Met 'n eindtelling van 22-7 was Vishuis van Bloemfontein net te sterk.

## ROM-ROM-ROM, DIE BOKKE BLY KOM!




Ja, die Maties het sedert November verlede jaar sy getal Springbokrugbyspelers met drie opgestoot tot 169.

Juan de Jongh, gevaarlike Stormers-senter, het reeds November verlede jaar saam met die Bokke na Europa getoer, maar het net speelkans gekry in die nederlae teen die Britse klubspanne Saracens en Leicester. Dié Wellingtonner se skitterdrie onder die Drake se dwarslat in sy toetsdebuut teen Wallis op 5 Junie vanjaar in Cardiff sal egter nog lank onthou word.

In hierdie einste wedstryd het nóg twee Maties, Gio Aplon en Francois Louw, hul toetsbuigings gemaak.

Die Sesnasieskampioen, Frankryk, het die week daarná op Nuweland harde bene teen die Bokke gekou, en benewens Aplon se eerste twee toetsdrieë, het Louw sý eerste voor die Jan Pickard-stadion - wat toevallig na sy oupa genoem is - gedruk.

Aplon en Louw het die Maties onder meer in 2005 in die nasionale klubkampioenskapstoernooi verteenwoordig. Daarná is Aplon as die Suid-Afrikaanse Klubspeler van die Jaar aangewys, en Louw ... wel, hy was enige teenstander se grootste nagmerrie.

De Jongh het deur die klub se strukture gevorder en in 2008 in die eindstryd van die Varsitybekerreeks gespeel.

Oor hul gemaklikheid op toetsvlak het die Matiesbreier, Chean Roux, aan *Matieland* gesê: "Hierdie spelers is gelukkig om van die begin af in 'n baie goeie en ervare Bokspan te speel. Dit maak dinge vir 'n jong speler altyd makliker.

"Pieter Rossouw (voormalige Bokvleuel) het altyd gesê dit raak eintlik makliker hoe verder jy in die rugbyhiërargie vorder. En dit is omdat jy jou ál minder oor die ou langs jou hoef te bekommer en net op jou eie spel kan fokus.

"Daarom doen Gio, Francois en Juan nóú al so goed op toetsvlak."

Hier in Matieland gaan ons nie kla nie! ■

# KORTSPORT



### VAN DYK WEN 9DE BOSTON-MARATHON

Ernst van Dyk, deurwinterde Matie en een van die voorste rolstoelatlete ter wêreld, het vanjaar die suksesvolste atleet nog op die Boston Marathon geword.

Hy het sy negende titel in die rolstoel-afdeling gewen. Daarmee het hy meer seges agter sy naam geskryf as alle vorige kampioene in ál die wedloop se onderskeie afdelings. Sy wentyd was 01:26.53.

Van Dyk het in 2001 sy eerste oorwinning daar behaal en die titel nie voor 2007 prysgegee nie. In 2008 het hy weer die lint gebreek, met vanjaar sy derde agtereenvolgende kroon.

### VYF WYS SLAG IN ARGUS-FIETSWEDREN – MET HUL HANDE!

Vyf handfietsryers van die klub Maties-Helderberg het op Sondag 14 Maart die jaarlikse Argus-fietswedren oor 109 km voltooi.

Ernst van Dyk het die wedren vir handfietsryers die vierde keer gewen, met 'n baie tevrede Stuart McCreadie tweede, Kenny Harriet (van Skotland) derde, Andrew Stoedel (vierde), Eugene Steyn (sesde) en die klub se voorsitter, Thomas Micklem, in die sewende plek.

### MATIE-ROEIERS LAAT KLAP DIE SPANE

Robyn Kime, Maties se voorste vroue-kanovaarder, het vroeër vanjaar die Dusi-kanomarathon gewen en daarmee 'n duidelike boodskap aan haar mededingers uitgestuur. Sy het die driedaagse-marathon in 08:56:05 gewen; amper 12 minute vinniger as haar naaste teenstander. Dit het sy in Julie opgevolg met 'n ewe indrukwekkende oorwinning in die Bergrivier-kanomarathon.

Pierre-André Rabie (21), 'n Matie in sy derde jaar, het op 19 Junie die Swartland-kanomarathon oor twee dae met 'n tyd van 05:54:41 gewen. Hy het dit opgevolg met 'n verdienstelike vyfde plek in Bergrivier-kanomarathon. Hy kraai egter koning in die eerste Spier Eersterivier-wedvaart.

### REKORDHOUER BEHAAL NÓG EEN IN DUBAI

Fanie van der Merwe van die Maties-Helderberg atletiekklub is vanjaar genooi om in Dubai aan die tweede Faaza Internasionale Atletiekbyeenkoms vir persone met gestremdhede deel te neem.

Hy het selfs nog beter as met verlede jaar se byeenkoms gevaar. Nadat hy in die 100 m-wedloop (klas T37) geklop is, het hy die 200 m-wedloop in 23.19 gewen.

Hierdie tyd is in die proses om as 'n rekord bekragtig te word – die huidige rekord van 23.81 s is ook onder Fanie se naam.

### DRIE MATIES VIR CAPE COBRAS GEKIES

Maties se eerste krieketspan het vanjaar met 'n balnaatbreedte nie sy liga gewen nie. Maar drie van sy spelers is nogtans by die Cape Cobras betrek.

Omphile Ramela, Stellenbosse en Boland-kaptein, is volgens Roger Telemachus, Maties-breier, 'n speler met 'n "kop vir krieket en 'n wonderlike leier". Hy is 'n middelorde-kolwer. Lenert van Wyk word in krieketkringe as 'n volgende Jacques Kallis beskou.

"Jy moet hom sien kolf. Hy het die tegniek, die fisieke grootte en dissipline wat 'n mens aan Jacques Kallis laat dink" aldus Telemachus.

Ook Uwe Birkenstock het saam met die Cobras geoefen. "Hy is nou 'n properse boerseun - groot en 'n afgeronde aanvangskolwer," sê Telemachus.

Birkenstock kom van Pretoria waar sy pa op hul plaas 'n krieketveld laat maak het – en kyk nou net!

### POLOCROSSE KRUIS PAAIE MET SA SPANNE

Twee Maties-studente is vir Suid-Afrikaanse spanne in die ruitersport polocrosse gekies. Camilla Harris (18), 'n BA-student in haar eerste jaar, is ná 'n reeks klubtoernooie vir die nasionale o.19-meisiesspan.

Celicia Jacobs (23), 'n BA sportwetenskap-student, het as lid van die Suid-Afrikaanse vrouespan alle onlangse wedstryde teen Zimbabwe gewen. Sy beskou haar beste wedstryd nog as die een teen Australië in 'n Wêreldbeker-toernooi.

### MATIES-ATLETE BELEEF GOUE SEISOEN

Die Maties wat op 26 Februarie aan die Suid-Afrikaanse senior-atletiekbyeenkoms in Durban deelgeneem het, het saam 12 medaljes (aflosse tel as een) verower.

Goud: Johan du Plessis (paalspring); Cornel Hendricks (400 m-hekkies Mans); Victor Hogan (diskus mans) en Janet Wienand (sewekamp vroue). Silwer: Johan Kruger (hamergooi mans); Karin le Roux (hamergooi vroue); Robert Oosthuizen (spiesgooi mans); Wilhelm van der Vyver (200 m mans); Janet Wienand (100 m-hekkies vroue); Louw Smit (110 m-hekkies mans); 4 X 100 m-aflos vroue (Anre Zandberg, Maryke Brits, Janet Wienand, Janice Josephs). Brons: Monique Janse van Noordwyk (paalspring vroue).

### LUVO REK SY TREË

Nege Maties-atlete het in April as lede van die Bolandse atletiekspan aan die Suid-Afrikaanse jeug- en juniorbyeenkoms in Germiston deelgeneem en agt medaljes huis toe gebring.

Dit is veral die verspringatleet Luvo Maniyonga wat met sy eindpoging van 8.05 m beïndruk het. Daarmee het hy die Olimpiese silwermedalje-wenner Khotso Mokoena se Suid-Afrikaanse juniorrekord met 'n skrale 4 cm gemis. Dit is wel die senior Boland-rekord.

Goud: Dominique Scott (1 500 m junior vroue, 3 000 m junior vroue); Luvo Maniyonga (verspring junior mans). Silwer: Maryke Brits (verspring); Megan Goddard (400 m-hekkies junior vroue); Stefan Brits (verspring junior mans); Shane Blows (hoogspring junior mans). Brons: Luvo Maniyonga (driesprong junior mans).

Maniyonga het in Julie op die IAAF se Junior Wêreldbyeenkoms die goue medalje (7.99 m) in die verspring gewen.

### KENDOKA DOES CLUB PROUD

Stellenbosch University student Carlé Joubert has made history by being one of only two women kendoka chosen to represent her country. It is the first time in the South African Kendo Federation's (SAKF) history that a female kendoka competed in an international competition.

Joubert, a member of the Maties Kendo Club, represented South Africa at the 23rd European Kendo Federation (EKF) Championships in Debrecen, Hungary in April. Here she earnt South Africa's only match win in a ladies individual event. During the group stage she secured a competition point by beating her Slovakian opponent, but had to bow out against a Serbian representative to end second in her group.

Kendo is the Japanese martial art of sword-fighting based on the traditions and styles of the Samurai of old. Steeped in tradition, modern Kendo is a physically and mentally challenging sport practised by millions across the world.

### WORLD RECORD FOR CHARL BOUWER

The Paralympian swimmer and member of the Maties Helderberg Sports Club for People with Disabilities, Charl Bouwer, won the 400 meter freestyle at the International German Swimming Championships for the Disabled, held in Berlin, Germany recently. He broke his own world record in the S13 disability category despite recovering from a knee injury. His time was 4:13.10, beating the previous record of 4:14.02 which he established at the Beijing Paralympics in 2008.







# Van Zyl Slabbert

## by alma mater gegroet

"Die tema van hoop was sy bo-kleed, en hy het dit altyd saam met hom gedra. Hy het die idee om 'n simbool van hoop vir ander te wees, nooit verwerp nie. Wat hy wél verwerp het, is die saak waarvoor hy as die laaste hoop moes aanmeld. Hy sou vir apartheid geen laaste hoop wees nie."

Dít is hoe die Rektor en Visekanselier, prof Russel Botman, die ontslape voormalige Kanselier van die Universiteit, dr Frederik Van Zyl Slabbert, in Mei tydens 'n gedenk-diens ter viering van sy lewe beskryf het. Dr Slabbert (70), 'n Matiealumnus en -dosent, is op Vrydag 14 Mei by sy huis in Johannesburg oorlede.

Prof Botman het Slabbert as 'n "dienende leier" beskryf wat altyd die Suid-Afrikaanse gemeenskap eerste gestel het, en homself, ondanks sy reuserol in ons demokrasie, as die geringste geag het.

Mnr Jannie Gagiano, oud-US-dosent en 'n vriend van dr Slabbert, het die huldeblyk gelewer, en het gesê: "Ons is hier om sy moed, sy dapperheid en sy waagmoed te vereer."

> "Ons is hier om sy moed, sy dapperheid en sy waagmoed te vereer."

Mnr Gagiano het ook dr Slabbert se sin vir humor geprys, en aangetoon hoe hy ander kon laat lag deur die absurditeit van 'n saak uit te lig. Dr Slabbert, het mnr Gagiano gesê, was 'n "kind van die Verligting", vir wie die onreg van apartheid diep getref het. Sy optrede het heftige teenkanting uitgelok van diegene wat apartheid ondersteun het, en dit het moed gekos om as student van die destydse Kweekskool van die US weg te stap toe hy nie meer hul leringe kon aanvaar nie. Eweneens was dit 'n moedige stap om in 1986 uit die politiek te bedank.

Volgens Gagiano het dr Slabbert 'n groot verantwoordelikheidsbesef teenoor Suid-Afrika en sy mense gehad, en was hy vasberade om 'n verskil in die land te maak, ondanks wat dit van hom persoonlik sou verg.

- **Sien *Matieland* 2009:2 vir 'n artikel oor dr Van Zyl Slabbert se uittrede as Kanselier en *Matieland* 2008:2 vir 'n artikel oor sy inhuldiging.**



# IN MEMORIAM

**Mnr E (Eugene) Abrams** van Bloemfontein (75). Verwerf die graad BSc Bing (1958).

**Mnr EC (Ebbie) Anderssen** van Strand (96). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc in Landbou (1943).

**Ds GJ (Gert) Barnard** van Lynnwoodrif (82). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1947), HonsBA (1962).

**Dr VRVOL (Leib) Bergh** van Mosselbaai (69). Oud-inwoner van Dagbreek en Huis Visser. Verwerf die grade BSc (1963), MBChB (1968).

**Dr JM (Blom) Blomerus** van Durbanville (80). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BSc (1950), MMed (1970).

**Mnr JM (Jan) Blomerus** van Sanlamhof (71). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade LSOD (1970), BComm (1971), BEd (1973). Oud-onderwyser.



**Prof BF (Bun) Booyens** van Stellenbosch (94). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1944), MA (1946), DPhil (1963), DPhil (1993). Dien die skoolonderwys op die vakgebied Geskiedenis, waarna hy agtereenvolgens die poste van assistent van die Rektor van die Universiteit Stellenbosch (en terselfdertyd ook redakteur van die alumnitydskrif *Matieland*), senior lektor in Geskiedenis en later hoof van die nuutgestigte Departement Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde, beklee het. Was vir 17 jaar inwonende hoof van Eendrag Manskoshuis. 'n Waardige akademikus en wat talle publikasies die lig laat sien en verskeie eretoekennings ontvang het. Was by uitstek 'n gewilde en innemende spreker en geliefde persoonlikheid by talle Oud-Matie saamtrekke. Het ook as President van die Konvokasie gedien. Verwerf in 1993 op die ouderdom van 77 'n tweede doktorsgraad, in Afrikaanse Kultuurgeskiedenis.

**Mev JS (Johanna) Booyens** (née Joubert) van Stellenbosch (88). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BEd in Huish (1944). Was die eggenoot van prof Bun Booyens.

**Mnr BF (Bennie) Booysen** van Durbanville (43). Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf die grade BA (1988), LLB (1990). Advokaat by Marais Muller en Yekiso in Tygervallei.

**Mrs SE (Shirley) Butcher** (née Roux) of Plumstead (59). Former resident of Nerina. Obtained the degrees BSc (1971), HonsBSc (1971). Was one of the first students to move into Nerina residence in 1968. Actively involved with the Anglican Society and the Student Christian Association. Worked for the University of Cape Town's Department of Environmental and Geographical Science and specialised in GIS. Over the past few years she has been a member of the Anglican Chaplaincy Trust in Stellenbosch supporting the work of the Student Chaplain.

**Dr JH (Johannes) Cloete** van Bloemfontein (81). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf die grade BA (1952), MA (1954).

**Ds FJ (Derick) Conradie** van Bellville (86). Oud-inwoner van Hombré. Verwerf die grade BA (1944), HonsBA (1964).

**Mnr PJ (Pieter) Conradie** van Danabaai (73). Verwerf die graad BSc Bing (1962).

**Mnr M (Marchand) de Kok** van Bloemfontein (78). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf die grade BA (1951), LLB (1953). Medestigter van Symington en De Kok Prokureursfirma in Bloemfontein. Voormalige president van die Vrystaatse Prokureursorde en was raadslid van die landwye algemene vergadering. Het ook lank praktiese klasse vir reeds praktiserende prokureurs aan die Universiteit van die Vrystaat gegee.

**Prof B (Barney) de Villiers** van Kaapstad (60). Oud-inwoner van Hippokrates. Verwerf die grade MBChB (1974), DBG (1981), MMed (1992), DGG (2008). Gewilde kollega van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe se Afdeling Gemeenskapsgesondheid.



**Prof JWR (Roux) de Villiers** van Stellenbosch en Paarl (84). Verwerf die grade BScIng (1949), MScIng (1963). Was onder andere professor in toegepaste wiskunde, Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en Viserektor: Bedryf aan die Universiteit Stellenbosch. Was die eerste ontvanger van 'n spesiale oorkonde wat jaarliks deur die konvokasie toegeken word vir sy bydrae tot gemeenskapsontwikkeling.

**Mnr NB (Nicolaas) Dreyer** van Durbanville (70). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf die grade BA (1960), BEd (1965). Was vanaf 1968-1989 verbonde aan die Onderwyserskollege Oudtshoorn (OKO). Met die sluiting van die OKO was hy Departementshoof: Afrikaans. Sedert 1990 tot sy aftrede gewerk as vertaler by Sanlam se Hoofkantoor se taaldiens-afdeling en daarna as konsultant in vertaalwerk.

**Mev L (Lindi) du Plessis** (née Smith) van Hermanus (26). Oud-inwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die graad BRek (2005).

**Mnr D (Dup) du Preez** van Durbanville (90). Verwerf die graad BA (1949).

**Mnr HS (Hercule) du Preez** van Ferndale Johannesburg (36). Oud-inwoner van Helshoogte. Verwerf die grade BIng (1995), MIng (1999). Gewerk by Mintek, Johannesburg, Bio Products, Durban, Thyssens Krüpp, Johannesburg en Process Plant Technology, Johannesburg.

**Prof DA (Danie) du Toit** van Paarl (68). Verwerf die grade BA (1962), HonsBA (1964), MA (1966), BTh (1966), LisTeol (1966). Hy het teologie doseer aan die Hugenote Kollege in Wellington, waarna hy eers as dosent aan die Universiteit van Pretoria en daarna as professor in Sistematiese Teologie aan die US tot met sy aftrede in 2000 doseer. Was ook inwonende hoof van Huis Visser en Huis Marais.

**Mnr EH (Ernst) Eloff** van Johannesburg (68). Verwerf die graad BA (1961). Verbonde aan verskeie teatergeselskappe waaronder Kruik, Truk en Sukovs. Enigste persoon ooit om die gesogte Piers Nicholson-prys vir sy bydrae tot die ontwikkeling van toneel in die Vrystaat twee keer te ontvang. Is herhaaldelik benoem vir AA Vita- en Artes-pryse. Het ook bekendheid verwerf as oom Buks Pienaar in Franz Marx se Egoli.

**Mnr PH (Heyns) Ferreira** van Jeffreysbaai (92). Verwerf die graad BSc in Landbou (1940). Het vir 42 jaar by die Koringraad gewerk waar hy as inspekteur begin het. Tree in 1982 as afdelingsbestuurder af.

**Mnr JS (Sas) Fick** van Worcester (86). Verwerf die graad BComm (1943).

**Mr W (Dieter) Glaue** of Namibia (72). Obtained the degree BSc (1961). Served as chairman of TASA and as president of the tourism umbrella body FENATA as well as being instrumental in establishing NATH.

**Mnr A (André) Griessel** van Heidelberg, Gauteng (45). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BScAgric (1985), Hons BSc Agric. (1986), MSc Agric (1991). Begin sy loopbaan in 1992 by Molatek Veevoere as 'n verkoopsverteenwoordiger en vorder tot Nasionale Verkoopsbestuurder. In Sept 2000 begin hy as Nasionale Verkoopsbestuurder by Kemin Industries. Hy behaal sy MBA by die Universiteit van Bunell in Londen, Engeland. Werk ook vir Meadow Animal Feeds as Verkoopsbestuurder, Sentrale Streek. Is beskryf as 'n dinamiese en pligsgetroue persoon in sy werk.

**Mev M (Ena) Harvey (née Rossouw)** van Muizenberg (78). Oud-inwoner van Huis de Villiers. Verwerf die grade BA (1952), LLB (1954). Was primaria van Huis De Villiers en het in 1953 op die Studenteraad gedien. Na 'n kort loopbaan as joernalis vir Die Burger en as hoof van die Kaapstadse Regshulpraad, is sy in 1956 met Alan Harvey getroud. As die vrou van 'n diplomaat het sy in Nederland, Griekeland, België, Luxemburg, Kanada, die Verenigde State, Nieu-Seeland en die Volksrepubliek van China diens gedoen. Benewens haar openbare lewe was sy die toegewyde moeder van vier kinders.

**Mev E (Elsamarie) Hay (née du Toit)** van die Strand (72). Oud-inwoner van Sonop. Verwerf die graad BSc (1958), SOD (1958). Van 1959 tot 1962 was sy onderwyseres op Worcester by die Meisies Hoërskool. Trou in 1963 en word tuisteskepper en predikantsvrou.

**Prof IS (Sakkie) Hay** van Limpopo (79). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die graad BScIng (1952). Tree in 1953 in diens van die destydse Departement Pos-en Telegraafwese. In 1955 in diens van die Pye Radio en Televisie Maatskappy en daarna weer vir die Departement Pos-en Telegraafwese. Word in 1961 lektor in die Departement Oudiologie en Spraakpatologie aan die Universiteit van Pretoria en in 1965 senior lektor. Verwerf in 1970 die MA(Oudiologie)-graad aan die Universiteit van Washington in die VSA. Word ook bevorder tot professor in en hoof van die Departement Oudiologie en Spraakpatologie aan die UP wat hy tot sy aftrede in 1992 beklee het. Verhuis na Tzaneen waar hy in Magoebaskloof gewoon het.

**Mev HA (Alta) Hoffeldt (née le Roux)** van Pretoria (66). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BA (1963). Vir meer as twee dekades verbonde aan die UNISA Biblioteek.

**Mnr CL (Cedric) Hofmeyr van Langebaan** (78). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BA (1953), LLB (1954). Was vir 32 jaar 'n vennoot van die prokureursfirma Swemmer & Levin in Vredenburg, Langebaan, Saldanha en Velddrif/Laaiplek.

**Mev A (Anna) Hugo (née Brunner)** van Tuine, Kaapstad (84). Oud-inwoner van Harmonie. Verwerf die graad BA (1935).

**Mnr JJS (Sep) Human van Durban** (69). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad B.Sc. (1963). Was lank dosent by die Durbanse Technikon.

**Mnr K (Kristo) Janse van Rensburg** van die Strand (87). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BSc (1947). Was hoof van Wes-Kaap Natuurbewaring in Jonkershoek met sy aftrede in 1983.



**Mev FL (Laura) Joseph (née Haddad)** van Nelspruit (80). Oud-inwoner van Monica. Verwerf die graad BScHuish (Voedsel) (1951).

**Mnr JJ (Japie) le Roux** van Gordonsbaai (95). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BA (1933), SOD (1934). Was 'n oud-onderwyser van die Hoërskool Bellville.

**Mev EPDB (Petra) Loeb van Zuilenburg (née Smit)** van Stellenbosch (76). Verwerf die Diploma ODMS (1954), Sert in Koorleiding (1954). Sy was die registrateur van die Konservatorium vir Musiek, Pretoria, mede-stigter van die US Simfoniese Blaasorkes, waarnemende dosent in Gehooropleiding aan die US Konservatorium en bekende musiekonderwyseres in Stellenbosch.

**Dr JS (Jan) Marais** van Durbanville (90). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die graad BComm (1942). Was die stigter van Trust Bank en is beskryf as die persoon wat die gesig van die bankwese in Suid-Afrika verander het - veral wat betref kliëntediens. Begin sy loopbaan in die vroeë 1950's by die Federale Volksbeleggings. Het hom beywer vir die skrapping van die Groepsgebiedewet.

**Dr LJ (Louis) Mills** van Stellenbosch (63). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die graad BSc in Landbou (1967).

**Me JR (Jessica) Moll** van Paarl (24). Verwerf die grade BA (2006), Hons.B.A. (2008). Was lid van die US se AdLib-komitee en geliefde lid van NG Moederkerk se Canticum Novum-kerkkoor in Stellenbosch.

**Mnr FJ (Piet) Niemand** van Limpopo (89). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1943).

**Dr R (Robert) Nutt** van Johannesburg (46). Oud-inwoner van Eendrag. Verwerf die graad MBChB (1987).

**Mej A (Annelie) Odendaal** van Namibië (53). Oud-inwoner van Minerva. Verwerf die grade BA (1979), Hons BA (1980), MA (1984). Lektor in Sosiologie aan die Universiteit van Namibië. Was besig met haar PhD in Sosiologie aan die Universiteit van Utrecht.

**Mev M (Marian) Pansegrouw (née Pretorius)** van Hermanus (80). Verwerf die sertifikaat in Koorleiding, POS (Spes) in Musiek (1950). Was onder-primaria van die destydse Greylock. Was ook lid van prof Gawie Cillie se US Koor.



**Prof FA (Frits) Ponelis** van Kuilsrivier (67). Was een van Afrikaans se grootste taalkundiges en kampvegters. Was tot 'n paar jaar gelede Voorsitter van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US. Hy was ook die eerste voorsitter van Unisa se Departement Linguistiek. Sy boek Grondtrekke van die Afrikaanse sintaksis (1968) is beskryf as sy tyd vooruit en dat dit mense se indruk van Afrikaans verander het. Die opvolgboek, Afrikaanse Sintaksis, is steeds 'n standaardbron op dié vakgebied.

**Mnr JE (Pottie) Potgieter** van Stellenbosch (85). Verwerf die grade BSc (1945), MSc (1947), MS & S (1971). Begin in 1960 vir die US werk nadat hy by onder meer die WNNR gewerk het en 'n dosent by die Militêre Akademie was. Hy was ook hoof van die Wetenskap-Afdeling van die Port Elizabeth Tegniese Kollege en 'n redaksielid van Die Burger. Hy het die Beplanning-Afdeling van die Universiteit Stellenbosch begin en was sedert 1972 tot met sy aftrede beplanningsadviseur. Hy sal onthou word vir die geboue wat onder die toesig van sy afdeling gebou is, onder meer die DF Malan-gedenksentrum, die JS Gericke-biblioteek, die BJ Vorster (tans die Lettere-gebou), die Konservatorium, die JC Smuts en die CGW Schumann-geboue en projekte soos die Nagraadse Bestuurskool by Bellvillepark.

**Mev CL (Catharina) Pretorius (née Ehlers)** van Cresta (73). Verwerf die graad BSc in Huish (Voedsel) 1958.

**Mnr EDEC (Eugene) Pretorius** van Potchefstroom (83). Verwerf die grade BSc (1946), BScIng (1948). Was 'n goeie vioolspeler. Het na sy leerlingskap by ESKOM, elektroniese stadsingenieur geword in Stellenbosch en toe as Adjunk by Klerksdorp, voordat hy vanaf 1960 tot sy aftrede in 1987 die elektrotegniese stadsingenieur in Potchefstroom was. Hy was na 1975 vir twee jaar president van die Vereniging van Munisipale Elektrisiteitondernemings van Suidelike Afrika en was verkies tot lewenslange erelid in 1985, gevolg deur 'n besondere verering in 2005 na 'n rekord aantal deelnames van vergaderings. Het ook as Raadslid in Potchefstroom gedien.

**Mnr S (Stephen/Rocket) Raubenheimer** van Hartenbos (86). Verwerf die graad BEd Ph (1951). Hy was tot voor sy dood die ouds-lewende onderwyser van die Hoërskool Outeniqua in George. Hy was kaptein van die Maties se Eerste Sokkerspan.

**Mnr DH (Daniël/Daantjie) Rossouw** van Upington (79). Verwerf die graad LLB (1954). Het Springbok-kleure in die 1950s verwerf en in twee toetse vir Suid-Afrika gespeel. Het ook vir die WP en vir Maties gespeel.

**Dr NJA (Nicolaas) Rust** van Strand (65). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1965), Hons BSc (1967), MSc (1968), PhD (1972).

**Mnr DB (Danie) Smit** van Centurion (85). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die graad BComm (1947). Hy was hoof van die Hoërskool Hangklip in Queenstown en tree later af as inspekteur van skole in Pretoria in 1985.

**Me EC (Betsie) Söhnge** van die Paarl (60). Oud-inwoner van Lydia. Verwerf die graad BA Handel (1972). Sy was onderwyseres tot en met haar aftrede by Paarl Gimnasium.


**Mnr JJ (John) Steyn** van Stilbaai (77). Oud-inwoner van Huis Marais. Verwerf die grade BA (1954), LLB (1956).

**Ds JM (Hannes) Swanepoel** van Pretoria (83). Verwerf die graad BA (1948).

**Dr CN (Christiaan) Theron** van Kaapstad (73). Oud-inwoner van Dagbreek. Verwerf die grade BSc (1958), HOB (1960), Hons BSc (1969), MScGeneeskWet (1971), PhD (1985).

**Kapt J (Johann) van der Merwe** van Lyttelton (41). Verwerf die graad BMil (1993).

**Mnr DK (Dave) van Eeden** van Garsfontein (87). Oud-inwoner van Wilgenhof. Verwerf die grade BSc (1941), MSc (1942).



**Prof JW (Justus) van Rooyen** van die Strand (74). Oud-inwoner van Huis Visser. Verwerf die grade BA (1955), Hons BA (1957), MA (1958), DPhil (1971). Was vanaf 1961 vir 35 jaar verbonde aan die Departement Sielkunde.

**Mnr PK (Paul) van Zyl** van Groblershoop (71). Oud-inwoner van Simonsberg. Verwerf die graad BSc in Landbou (1960). Boer vir 49 jaar op die plaas Winstead langs die Oranjerivier.

**Mev SE (Sophia/Ia) van Zyl (née Delport)** van Namibië (75). Oud-inwoner van Huis ten Bosch. Verwerf die graad BA (1953). Het op 15 Matriekgeslaag en op 19 haar BA-graad verwerf. Was Die Burger se vroueredakteur en het later 'n rubriek in die destydse bylae Die Byvoegsel behartig. Later was sy hoof van die taaldepartement van die Windhoekse Opleidingskollege asook boekresensent vir Die Suidwester, Die Burger en Standpunt. Sy was ook lid van Tafelberg-uitgewers se keurkomitee vir boekpryse.

**Mev JM (Jeanine) Viljoen (née Smith)** van Nelspruit (47). Oud-inwoner van Heemstede. Verwerf die grade BA (1984), HOD (1985), BEd (1993). Haar eerste onderwyspos was by die Hoërskool Bergvliet in 1995 en was onder andere vertaler by Hansard Wetgewing en daarna verbonde aan die Onderwysdepartement in Middelburg, Mpumalanga waar sy redigering en vertaalwerk behartig het.



**Dr WH (Werner) Wagner** (34) van Swakopmund, Namibië. Oud-inwoner van Majuba. Verwerf die grade BSc (1997), Hons BSc (Biokinetika) (1998), MB ChB (2003). Algemene praktisyn in Swakopmund en ingeskrewe student vir 'n nagraadse diploma in Beroepsgeneeskunde. Was 'n top Matie-swemmer en het Namibië by onder meer die Statebondspele verteenwoordig. Hy was 'n voormalige voorsitter van die Maties Swemklub asook Sportman van die Jaar van die Tygerberg-kampus. Baie gewilde persoon onder familie en vriende en 'n vasbyter soos min.

- ***Matieland* erken graag die skrywe van mnr Muller Rademeyer van Gouritsmond wat 'n treffende huldeblyk oor mnr Stewie Smit van Koopmanskloop naby Stellenbosch, wat in 2009 oorlede is, geskryf het. Ongelukkig is daar nie spasie om die volledige huldeblyk te publiseer nie.**

## STUUR INLIGTING ASB SÓ

*Matieland* huldig graag oudstudente wat oorlede is, maar benodig volledige inligting. Dit sluit in volle name, noemnaam, van (en nooiensvan indien van toepassing), geboortedatum, datum waarop persoon oorlede is, grade behaal aan die US (of ander verbintenis, bv. ontvangers van eregrade wat nie hier studente was nie) en 'n bondige beskrywing van die persoon se beroepslewe. Foto's is ook welkom, maar plasing hiervan hang af van die hoeveelheid spasie wat beskikbaar is.

Stuur asb. inligting aan: Me Malena Fourie van die Alumni-kantoor by tel (021) 808 4843, faks (021) 808 3026 of per e-pos by alumni@sun.ac.za.

# HOI DAAR, ZEG HOOR!




Illustrasie: Robert Schultheiss, Out of the Blue

**Met jou Afrikaanse tong kan jy ver kom in Nederland, maar daar is 'n lekker taalslaggat of twee, skryf Dorothea van Zyl van die Departement Afrikaans en Nederlands en ook Woordfeesdirekteur.**

Noudat die Kaap weer kortstondig Hollands was - met 'n Oranje span in die Sokker-eindstryd en 'n oranje golf wat oor televisieskerms, in allerlei soorte voertuie deur Suid-Afrika, deur kampeerplekke, jolkolle en pretroetes gespoel het in 'n see van oranje krulle, vlae op gesigte en selfs vuvuzelas - wil ek die bal graag 'n keer laat hop tussen Nederland en Suid-Afrika; Nederlands en Afrikaans.

Baie van die alumni het dit sekerlik ook al meegemaak in *'t koude kikkerlandje* vanwaar etlike van onse voorsate afkomstig is, dat 'n mens jou in Nederland dikwels so halfpad tussen vervreemding en herkenning bevind.

So lyk die gragte en verdiepinggeboue wat knus langs mekaar ingeryg is, eers totaal anders, maar dan kom 'n gewel of twee tog bekend voor. Of die Frieskoeie op die Nederlandse *boerderij*, op die netjies vierkantige landjies met waterslote tussenin pleks van draad, lyk nes dié op oom Sors se plaas in die Karoo.

Veral die taal laat jou dikwels tuis voel: *Tante Lina* heet die stasiekafeetjie - en jy wonder wat sou Lina hiervan dink. *Tannie* is immers nie haar geliefde aanspreekvorm nie. Net langs 'Van Zijl Mannenkleding' of 'Van Zijl Constructiebedrijf' staan *Van Peek en Cloppenburg* of 'n *De Slechte* (wat niks met iets slegs te make het nie, maar wel alles met goedkoop boeke). Of wat van die bekende *Piet Snot* op die Oude Gracht in Utrecht? Nee a, waar sal ons nou ooit 'n winkel so 'n naam gee?

Nederlanders ervaar hier dieselfde gevoelens: Oude Muratie, Nooitgedacht, Nassau en ander plaasname herinner aan 'n ryk gedeelde geskiedenis, maar die Engelse stadskaarte (*plattegronden* genoem in die plat landjie) mislei hulle om te praat van *Green Point* en *Greenmarket Square*, asof dit nie veel langer *Groenpunt* en *Groentemarkplein* geheet het nie.

Piet Paardekooper, bekende Nederlandse taalkundige wie se *van* of *achternaam* ons reeds opval, noem Nederlands en Afrikaans nie verniet twee sustertale wat in verskillende rigtings uit sewentiende-eeuse Nederlands ontwikkel het nie - die woordeskat stem vir meer as 90% ooreen. Daarom verstaan 'n mens die Nederlands oor SABC 2 so goed as jy verby die klankverskille kan luister.

Of hoe? Wat dan van die *valse vriende*, woorde wat eenders lyk, maar iets totaal anders kan beteken? As 'n mens byvoorbeeld in Nederland die trein *amper* haal, sit jy in die trein, maar in Afrikaans bly jy op die stasie agter! *Vaak* beteken *dikwels* en as jy *aardig* is, sal niemand aardig (Afrikaans) voel oor jou nie, maar juis heel positief.

Die taalverskille lei soms tot nogal verwarrende en komiese situasies. 'n Suid-Afrikaanse student wat die busbestuurder op sy eerste dag in Nederland vra waar hy moet *afklim*, lok altyd sarkastiese kommentaar uit, want 'n mens moet tog *afstappen*; jy kan net óp *klim*. Daarom vind Nederlanders dit ook so *eigenaardig* (*snaaks* is 'n onbekende 17de-eeuse woord -'n *snaak* hou hom snaaks) dat ons soos die Engelse opwas, terwyl hulle skottelgoed *afwas* - 'n mens was mos die vuil af.

Dit kan selfs gevaarlik word. Toe vrind Willem eendag in druk verkeer sê my man moet *dadelijk* na regs draai, pluk hy die stuurwiel om, met die benoude kreet van Willem in sy ore: "Nee, niet *onmiddellijk*, ik zei toch *dadelijk*". Amper te laat kom ons toe agter dadelijk of zo *dadelijk* beteken oor 'n rukkie!

'n Ander Suid-Afrikaanse student het 'n baie bevreemdende uitdrukking uitgelok op die gesig van die loodgieter wat haar kamer inkom sonder om te klop, toe sy verontwaardig vra: Hoe kan jy? Gestel dat ek kaal was? In die woordeboek staan toe inderdaad: *kaal* is *kaalkop* - en sy had 'n bos welige krulhare! Afrikaans *kaal* is *bloot* of *naakt*.

So was die biblioteek-mevrouw nogal kwaai toe ek as student 'n boek soek: "U mag het niet meenemen". My antwoord: "Nee, ik wil het bloot fotostateren (dit nogal in plaas van *fotocopiëren*) laat haar verbysterd, voor sy afkeurend sê: "U komt zeker uit Zuid-Afrika". En my laat met die beelde van 'n poedelkaal ekke al dansend om 'n kopieermasjien!

Maar gelukkig het *doorwinterde* liefhebbers van Nederlands altyd baie te sê vir *gesoute* liefhebbers van Afrikaans (die voorsate het die lang seereis kennelik erger gevind as die suidelike winters). Juis die verskille en ooreenkomste tussen die twee tale maak die samespel (met of sonder 'n ronde bal) so fassinerend'.